GEORGE DANEEL

# OUTOBIOGRAFIE



# Inhoudsopgawe

1 Herkoms

2 Kinderjare

3 Stellenbosch en rugby

4 Die Oxford-groep

5 Springbok-toer 1931

6 Die Tweede Wêreldoorlog

7 Morele Herbewapening

8 'n Wêreldtoer

9 Rasse-probleme aangepak

10 Springbok-stormloop

11 MHB-Konferensie in Pretoria

12 Brief aan die Eerste Minister

13 Aftree-oord en daarna

## Hoofstuk 1

# *Herkoms*

Die eerste Daneel wat in Suid-Afrika geland het, was glad nie van plan om hierheen te kom nie. Hy was *Alexander Daneel* van Vlaandere. Sy mikpunt was Oos-Indië. Maar toe hy per skip teen die einde van die neëntiende eeu die lang reis na die Ooste aangedurf het, het hy nie eens die Kaap bereik nie. In die omgewing van Saldanhabaai het die skip, waarop hy gereis het, in stormweer gesink. Hy en 'n sekere Van der Merwe was die enigste twee wat die ramp oorleef het. Hulle het uitgeswem.

Die lewe in die Kaap het hom so geval, dat hy Oos-Indië heeltemal uit sy kop gesit het. Hy is toe terug na sy vaderland en nadat hy daar in die huwelik getree het met 'n *me. Greef*, het hulle besluit om as Setlaars in die Kaapkolonie te kom woon.

Een van hulle seuns, *Richard Huertley Daneel*, was 'n welvarende sakeman wat in Birdstraat op Stellenbosch gewoon het. Net in daardie tyd het die Nederduits Gereformeerde Kerk ernstig daaraan gedink om 'n Teologiese Kweekskool tot stand te bring sodat studente wat teologie studeer, nie meer verplig sal wees om oorsee te gaan studeer nie. Die probleem was egter dat die kerk nie die nodige fondse gehad het om 'n gebou vir so 'n inrigting op te rig nie. Richard Daneel was bewus van die situasie en met die hulp van ander het hy die Ou Drostdy op Stellenbosch gekoop en dit aan die Kerk geskenk. In 1959 is die Teologiese Kweekskool in die ou Drostdy-gebou gestig, waar dit vandag nog bestaan.

Een van Richard Huertley se seuns, *Alexander Bertin Daneel*, wat besluit het om predikant te word, het gehoop dat die Kweekskool betyds gereed sou wees sodat dit nie vir hom nodig sou wees om oorsee te gaan studeer nie. Maar dit het nie gebeur nie, sodat hy noodgedwonge na Holland moes gaan om teologie te studeer. Nadat hy sy studies voltooi en na Suid-

Afrika teruggekeer het, het hy 'n beroep na Heidelberg, Kaap, aangeneem, waar hy toe as die eerste leraar van die gemeente in 1862 georden is. Ds. Daneel het vir die res van sy lewe die gemeente van Heidelberg bedien tot en met sy dood in 1899.

Hy was getroud met die sewentienjarige *Margaretha Johanna Louw* van die plaas Babylonstoren op Groot Drakenstein. Hulle het elf kinders gehad, nege seuns en twee dogters. My vader, *Marthinus Smuts*, was die vierde seun. Toe Oupa Daneel gesterf het, was my vader predikant op Calvinia. Dadelik nadat hy die berig van sy vader se dood ontvang het, het hy vertrek, maar Heidelberg eers bereik toe die begrafnisdiens alreeds aan die gang was.

Daarna het Ouma Daneel na Stellenbosch verhuis met die kinders wat toe nog op skool was. Daar het sy 'n bekende persoonlikheid geword. Haar vyfde seun, *oom Eben*, was doofstom. Hy was 'n timmerman en het bekendheid op Stellenbosch verwerf as 'n besondere bekwame en betroubare timmerman, veral wat die herstel van meubels betref. Hy het sy moeder belowe dat hy haar sal oppas tot en met haar dood. Hy het woord gehou en net kort na haar dood is hy op rype ouderdom met 'n *me. Du Toit* getroud. Een van Ouma se jonger seuns, *Henry*, wat 'n tandarts op Montagu was, was 'n lid van Paul Roos se Springbokspan wat in 1906 in Brittanje gaan toer het.

Aan moederskant het haar oupa, *Andrew Murray*, as jong predikant in 1822 van Skotland na Suid-Afrika gekom. Dit was nog lank voordat die Kweekskool op Stellenbosch tot stand gekom het. Die Kaap was toe 'n Britse kolonie. Engels was die enigste amptelike taal en kinders was verbied om Hollands op skool te gebruik. Die beleid van die goeweneur, Lord Charles Somerset, was om die kolonie heeltemal te verengels. Volgens oorkondes sou iemand vir hom gesê het dit sal nooit gebeur nie, tensy hy dit ook regkry om die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n Engelse kerk te maak. Daarvoor sou Engelssprekende predikante nodig wees. Dit word vertel dat dít eintlik die rede was waarom hy vir dr. Thom, van die Londense Sendinggenootskap, na Skotland gestuur het om jong Skotse predikante en onderwysers te nooi om na Suid-Afrika te kom. Nogal heelwat het gekom, maar wat Lord Charles Somerset nie

voorsien het nie, is dat die meeste van hulle met Afrikaanssprekende meisies sou trou en só sy plan - as dit werklik so was - in duie sou laat val.

Die eerste jong Skotse predikant wat dr. Thom se uitnodiging aangeneem het, was Andrew Murray, die seun van 'n boer in die distrik Aberdeen. Hy en ses jong Skotse onderwysers het dr. Thom na Suid-Afrika vergesel nadat Andrew Murray 'n jaar in Holland vertoef het om die Hollandse taal aan te leer. Dit het vier maande geneem om met die seilskip, die Arethusa, die Kaap te bereik. In daardie dae was die Kaap nog onder beheer van die koloniale regering. In Julie 1822 het die goeweneur vir Andrew Murray aangestel as predikant van Graaff-Reinet, waar hy vir vyf en veertig jaar in die bediening gestaan het. Hy is opgevolg deur sy seun, *Charles*, wat vir veertig jaar leraar van die gemeente was. Gedurende sy bediening is die pragtige kerk, een van die mooistes in die land, daar gebou.

Ds. Andrew Murray is in 1825 met *Maria Susanna Stegmann* van Kaapstad getroud. Hulle het elf kinders gehad, ses seuns (van wie vyf predikante geword het), en vyf dogters (van wie vier met predikante getroud is). My oupa, *George Murray*, was die jongste van die seuns en het die gemeentes van Willowmore, Swellendam en Oudtshoorn bedien. Terwyl hy predikant op Willowmore was, is hy getroud met *Catharina Louw*, 'n suster van die bekende Tobie Louw van die Paarl, wat twaalf seuns gehad het. Hulle vader, Adriaan Louw, het geboer op die plaas Laborie et Picardie wat vandag die hoofkwartiere van die KWV is. Ouma Murray was een van ses susters wat almal met predikante getroud is. Sy en oupa George het sestien kinders gehad waarvan my moeder die derde kind en oudste dogter was. Haar naam was *Charlotte Louise*, maar sy was algemeen bekend as Lottie. Op 42 was sy die eerste van die sestien wat gesterf het.

In 1921, toe ek op skool op Robertson was, is die predikant, dr. Van der Merwe, afgevaardig om alle Afrikaners oorsee, veral dié wat in ambassades werksaam was, te besoek. In daardie jaar het Oupa George, toe reeds afgetree, die werk van die gemeente waargeneem. Daar is hy toe ook oorlede. Ek sal nooit vergeet die indruk wat dit op my as kind gemaak het nie toe ek saam met Ouma en die familie in die sitkamer van die pastorie

bymekaar was, rondom die oop kis met Oupa daarin. Niemand het gehuil nie. Almal was vol lof en dankbaarheid vir Oupa se toegewyde lewe en het met Psalms en Gesange die Here geloof en geprys.

Hoofstuk 2

# Kinderjare

Ek is op Calvinia gebore. Dit was my vader, *ds. MS Daneel*, se eerste gemeente. Hy was daar predikant gedurende die Boere-oorlog. Die Engelse het hom daarvan verdink dat hy verantwoordelik was vir die dood van een van hulle Kleurling-soldate. Hy is in die pastorie gevange gehou, terwyl Moeder met haar eerste baba na 'n kamp op Mosselbaai gestuur is. Ek was maar drie jaar oud toe my vader 'n beroep na Fraserburg aangeneem het.



*George se ouers, ds. en mev MS Daneel met hulle kinders wat op Calvinia gebore is. George sit langs sy ma.*

Toevallig was Calvinia ook my eerste gemeente as hulpprediker. Daar het vader my georden. Die datum van my ordening was dieselfde dag as die finale proefwedstryd in die Kaap om die 1931-Springbokspan vir die toer na Groot-Brittanje te kies.

manier in ons eie dammetjie leer swem, totdat ons dit kon waag om in die groot dorpsdam te gaan swem. Aan die bokant van die dorp was daar 'n poort tussen die twee heuwels aan weerskante van die dorp. Die poort is met 'n betonwal toegemaak om 'n groot dam te vorm waarvan die uitloop bo-oor die wal was. Dit het toe ons swembad geword waar ons dit ook gewaag het om van 'n toring - wat bo-op die wal gebou was - af te duik.

Nie lank nadat ons in Victoria-Wes aangekom het nie, het vader Malta-koors ontwikkel. Die dokter het hom aangeraai om na Durban te gaan om sonbaaie te neem. Terwyl hy weg was, het moeder ook siek geword. Terwyl sy naaldwerk gedoen het, het sy per ongeluk die naald onder haar duim se nael ingesteek. Dit het bloedvergiftiging afgegee wat blykbaar vinnig deur haar hele liggaam getrek het. Tegerlykertyd het sy haar volgende baba verwag wat as gevolg van haar toestand vroegtydig gebore is en net 'n paar maande gelewe het. Toe vader van moeder se toestand hoor, het hy inderhaas huistoe gekom. Moeder het toe nog gelewe, maar as gevolg van die bloedvergiftiging en die vroegtydige geboorte van die baba, het haar hart so verswak dat daar geen hoop op herstel was nie. Tot die einde was sy by haar volle positiewe. Ek sal nooit daardie oomblikke voor haar dood vergeet nie, toe ons almal langs haar bed gestaan en sy van ons afskeid geneem het. Haar laaste woorde aan ons was die woorde van Romeine 8 vers 28: "Alle dinge werk ten goede mee vir die wat God liefhet". Daardie woorde het vir my ontsaglik baie in my lewe beteken. Die begrafnisdiens is gelei deur ds. AF Louw van Stellenbosch. As teksvers het hy geneem Psalm 73 vers 28: "Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees."

Om vir vader, wat nog glad nie oor die Malta-koors was nie, by te staan, het oupa en ouma Murray besluit om by ons te bly. Moeder is op 1 September 1916 oorlede en hulle het by ons gebly totdat die skole die end van die jaar gesluit het. Toe is ons na Glentana nadat vader in oorleg met oupa en ouma besluit het dat dit vir ons kinders die beste sal wees om vir tyd en wyl by familie te gaan bly liewer as om na die pastorie, sonder 'n moeder en 'n siek vader, terug te gaan.

Na die vakansie is ons sewe toe uitmekaar. *Charly*, ons oudste suster, is na Bloemhof-kosskool op Stellenbosch. My broer,

Alec en ek is na ouma Daneel, ook op Stellenbosch. *Kitty* en Marthinus het by oupa en ouma Murray op Worcester gaan bly en *Marie* en *Frances* is na *oom Attie en tant Lottie Murray* op Oudtshoorn. Ouma Daneel was enig in haar soort. Sy het byna elke dag op haar voorstoep gaan sit en met almal wat verby kom 'n praatjie aangeknoop. So het sy byna alles geweet wat op die dorp aangaan. Eendag het een van die Murray-familie daar aangekom. Ouma was besig om aan ons klere te werk. Toe sê sy so ewe ongemerk: "Ja, nou sit Lottie (ons moeder) lekker daar bo in die hemel, terwyl ek moet sukkel met haar kinders se klere!".

In Mei 1918 is vader weer getroud met *mev. Susie Helm*, die weduwee van dr. Helm, 'n sendelingdokter op Morgenster. Na agtien maande is ons toe weer huistoe na Victoria-Wes – maar nie almal nie. Oom Attie en tant Lottie Murray, wat kinderloos was, het so geheg geraak aan Marie en Frances, dat hulle vir vader gevra het om die twee maar aan hulle te gee. Daarvoor het vader nie kan gesien nie, maar tog uiteindelik ingestem dat hulle vir Frances, die jongste, kan hou.

In Oktober dieselfde jaar het die groot griep uitgebreek wat slagoffers in byna alle dele van die wêreld geëis het. Suid-Afrika was geen uitsondering nie en op Victoria-Wes het 'n aantal bekende mense doodgegaan. Op een plaas het 'n hele huisgesin gesterf. Alle skole is gesluit, geen kerkdienste is gehou nie, die meeste winkels is toegemaak en byna geen mens kon op straat gesien word nie. Almal in ons gesin het deurgeloop. Ons stiefmoeder, wat 'n verpleegster was, het almal verpleeg, totdat sy ook moes ingee. Drie dae later was sy oorlede. Daar was geen gedagte aan 'n begrafnis nie. Vader het net 'n gebed gedoen en toe het die begrafnis-ondernemer haar liggaam verwyder en gaan begrawe.

Hierdie keer het vader nie weer kans gesien om sy kinders weg te stuur nie. Die agtien maande alleen in die groot pastorie was vir hom 'n nagmerrie. Hy het toe maar 'n huishoudster gekry. Agtien maande later is hy vir die derde keer getroud met 'n *mej. Van Heerden*, die matrone van 'n Industriële Meisieskool op Potchefstroom. Nege jaar later is sy ook in die hospitaal op Victoria-Wes oorlede.

Vir 'n vierde keer het my vader 'n huwelik aangegaan, hierdie keer met die matrone van die plaaslike hospitaal, *mev. W Louw*. Sy het hom darem oorleef.

Hoofstuk 3

# Stellenbosch en Rugby

My rugbyloopbaan het eintlik op Stellenbosch begin. Dit het so gekom. In 1916 toe moeder oorlede is en vader besluit het om my ouer broer en myself na Stellenbosch te stuur om daar by my ouma te bly, is ons na die Hoër Jongenskool, waar Paul Roos in daardie dae prinsipaal was. Daar het ek toe, vir die hele tyd wat ons daar was, in die onder-15 span gespeel, totdat



*Die goewerneur generaal, Graaf van Athlone, groet die spelers.*

ons terug is na Victoria-Wes nadat vader weer getroud is. Aan die einde van daardie jaar het ek so 'n slegte skoolrapport gekry, dat vader my verbied het om die volgende jaar weer rugby te speel.

Toe die eerste rugbyoefening dus aangekondig word, was my

naam natuurlik ook op die lys. Die middag aan tafel kondig ek toe so terloops aan dat ons daardie namiddag ons eerste rugby-oefening gaan hou. Dadelik vra vader of ek dan vergeet het wat hy aan die einde van die vorige jaar gesê het. Ek het gehoop dat hy teen dié tyd al daarvan vergeet het, of in elk geval van gedagte verander het. Ek pleit toe by hom om nie so hard te wees nie en in aanmerking te neem dat ek oefening nodig het om sterk te word. "Ja," sê hy toe, "dit is waar," en toe skep ek sommer moed, maar ek moes leer dat vader 'n man van sy woord was. Hy stuur my toe na die tuin om 'n klompie akkers om te spit, en voeg by: "Dit sal jou al die oefening gee wat jy nodig het." Uit frustrasie het ek so wild gespit dat die graaf gebreek het. Toe vader later kom kyk hoe dit met die spittery gaan en net die stukkende graaf daar kry, wis hy dadelik waar hy my sou kry ... op die voetbalveld. Ek het hom gelukkig sien kom en nie eers vir sy bestraffing gewag nie, maar dadelik huistoe laat spat. Toe hy daar kom, was ek alweer hard aan die spit met 'n ander graaf. Sonder dat hy 'n verdere woord hoef te gesê het, het ek aanvaar dat ek vir die res van die seisoen nie aan 'n rugbybal sou raak nie!

In standerd nege was daar net drie van ons in die klas. Die ander twee kon maar net nie met ons matesis-onderwyser oor die weg kom nie, en het toe maar besluit om na 'n ander skool te gaan. Toe vader agterkom dat ek alleen in die matrieklas sou wees, het hy besluit om my ook weg te stuur. In 1921 is ek dus Robertson toe vir my standerd 10-jaar. Daar het ek sommer van die begin af vir die eerste-span rugby gespeel, maar nie as voorspeler nie, daarvan wou ek niks weet nie. Ek het besluit om in die agterlyn te speel.

Ons het 'n baie goeie afrigter gehad, 'n mnr. Mostert, een van die onderwysers. Hy het besluit dat ek in die skakelposisie moet speel. Daardie dae het ons aan die een kant van die veld skrumskakel gespeel en aan die anderkant van die veld losskakel. Die kaptein van die span het in die middel van die jaar weggegaan, ek weet nie waarheen nie, toe word ek nogal as kaptein gekies. Daardie jaar het ons die skild gewen.

In die matriekklas was daar 'n meisie met die naam van Johanna Wentzel. Sy was die kaptein van die meisies-hokkiespan en ons het, soos ons destyds gesê het, "gekys" geraak. Die reëls by die meisiekoshuis was egter so streng dat

daar min kans was om haar te sien. Ek moes maar tevrede wees om haar op straat te sien wanneer hulle smiddags in 'n lang tou onder toesig van 'n onderwyseres gaan stap het. Haar ouers was boere in die distrik en het 'n tuishuis op die dorp gehad. Hulle het nog nie 'n motor gehad nie en het dus vir naweke, wanneer hulle kerk toe gekom het, op die dorp gebly. Johanna het by hulle gebly en dan het sy en ek natuurlik goed gebruik gemaak van die geleentheid om mekaar te sien. Sy het my darem ook genooi om in die Oktober-kortvakansie by hulle op die plaas deur te bring. Maar daarby het dit gebly. Ek het haar nooit weer gesien of van haar gehoor nadat ek Robertson verlaat het nie.

My beste vriend op Robertson was Scholtz Conradie wat, vreemd genoeg, glad nie rugby gespeel het nie. Sy ouers het ook in die distrik geboer en hy het my soms ook vir naweke na hulle plaas genooi. Dit was werklik aangename dae en ek het die jaar op Robertson intens geniet. Dit het nie my studies veel goed gedoen nie. Die vorige jaar het baie van die matriekklas gedruip, sodat die prinsipaal besluit het dat alleen diégene wat die skooleksamens na die derde kwartaal slaag, as kandidate vir die finale matriekeksamen onder die naam van die skool ingeskryf sal word. Ek was een van die druipelinge, wat my baie benoude oomblikke laat beleef het, want ek moes natuurlik vir vader laat weet wat die situasie is. Gelukkig het een van die onderwysers uitgevind dat ons privaat kon inskryf. Dit was 'n groot verligting.

Vader was heeltemal oortuig dat ek nie matriek sou slaag nie, want toe die skole die volgende jaar begin voordat die uitslae bekend was, was hy vas van plan om my na Carnarvon te stuur wat in daardie jare 'n baie goeie skool gehad het. Dit was met moeite dat ek hom oorgehaal het om te wag totdat die uitslae bekend word. Tot vader se verbasing en my groot vreugde slaag ek toe, nogal in die tweede klas.

Een insident wat by Rob Roy, ons koshuis op Robertson, gebeur het sal ek nooit vergeet nie. Ons het dikwels gewigstootkompetisies gehou met 'n gewig wat destyds op skool gebruik is. Hoe swaar die gewig was, weet ek nie. Ek weet net dit was baie swaar. Toe ons weer op 'n dag gewigstoot oefen, is een van die seuns, Jan Dednam, teen die kop getref. Hy het neergeslaan en ons dag hy is morsdood! Wonder bo wonder het hy dit

oorleef. Later het hy predikant geword en in Pretoria afgetree waar ek hom dikwels weer gesien het.

Na matriek het ek gehoop om Stellenbosch toe te gaan. Op skool het ek alreeds besluit om 'n predikant te word en aangesien die enigste kweekskool van ons kerk op Stellenbosch was, was dit die aangewese universiteit vir my. Maar vader het ander gedagtes gehad. Hy wis dat ek nie veel van 'n student was nie, en tot my groot ontsteltenis besluit hy dat ek na die Universiteit van Kaapstad moet gaan, omdat my ouer broer Alec daar 'n student was en dus 'n oog oor my kon hou.

Terwyl ek na matriek nog by die huis met vakansie was, vra die skoolraad se sekretaris vir my of ek nie gewillig sal wees om vir die eerste kwartaal 'n plaasskooltjie in die distrik waar te neem nie. Dit het beteken dat ek twee weke laat sou wees vir Universiteit, maar aangesien die skoolraad niemand anders kon kry nie het ek, met vader se goedkeuring, ingewillig om te gaan. Dit was 'n eensame plaas en met die skoolhou het dit maar broekskeur gegaan. Daar was vyftien leerlinge van Sub A tot by Standerd 6. Dit was nie 'n grap om almal besig te hou nie, veral nie die twee kleintjies wat vir die eerste keer skool toe gekom het nie. Daar was darem een kompensasie. Daar was baie turksvye op die plaas, een van my geliefkoosde vrugtesoorte. Die karige salaris was vir 'n arm student in dié dae ook nie te versmaai nie.

Op Universiteit het ek ook geweier om in die voorry te speel. Toe speel ek maar liewer skrumskakel en omdat die onder-19A span 'n baie goeie skrumskakel gehad het, moes ek die hele jaar vir die onder-19B's speel. Dit was maar 'n baie swak span, gevolglik was ons altyd op die verdediging. Maar dit was in daardie span waar ek regtig geleer het om te "tackle", om 'n man laag te vat.

Daardie eerste jaar op Universiteit het dit akademies nie te sleg gegaan nie. Van die vier vakke wat ek die einde van die jaar afgeskryf het, het ek net een, naamlik Latyn, gesak. In daardie dae was dit 'n verpligte vak vir toelating tot die Kweekskool. In my tweede jaar besef ek, nee wat, ek sal dit nooit verder maak as skrumskakel nie en besluit toe om voor te speel. Ek word toe ook dadelik vir die onder-19A span gekies. Ons het 'n uitstekende span daardie jaar gehad. Ons afrigter was Oom

Boy de Villiers. Ons het hom (Oom) Boy Bekkies genoem. Hy was 'n senter in Paul Roos se 1906-span saam met Japie Krige.

Die tweede jaar het egter akademies rampspoedig geëindig. Van al die eksamens wat ek geskryf het, het ek net één geslaag. Vader was, om die minste te sê, diep teleurgesteld. Daar was na sy mening te veel afleiding in die stadslewe, daarom moes ek die volgende jaar Stellenbosch toe gaan. Na twee jaar het ek so geheg geraak aan die Kaapse Universiteit dat dit vir my 'n straf was om Stellenbosch toe te gaan. Boonop het hy my weer verbied om die volgende seisoen, 1924, rugby te speel, wat nog 'n groter straf was. Gelukkig slaag ek toe aan die einde van 1924 al my eksamens, behalwe Latyn, sodat ek darem die volgende jaar weer kon rugby speel.

Die meeste van die tyd wat ek op Stellenbosch was, het ek in Wilgenhof geloseer. In die gedenkboek van Wilgenhof, die oudste van die Universiteit se losieshuise, staan daar die volgende: "Wilgenhof kyk met groot trots terug op sy rekord. Die profane wêreld sal ons betig dat ons spog as ons na die naamlys in die bylae wys, maar ons spog omdat ons kan spog met leiers op bykans elke gebied van die samelewing. Op Wilgenhof was hulle leiers en hulle is dit vandag nog". Die lys bevat die name van drie lede van die Kabinet, die Administrateur van Transvaal, verskeie groot manne op kerklike gebied, die hoofde van Yskor, Eskom, Sasol, Sanlam en Santam, die Nasionale Pers, hoofde van staats-departemente, leiers in die opvoedkunde, professore, senatore, parlementslede, sakemanne van naam, baie sporthelde, skrywers, boere en les bes, baie goeie deeglike burgers van ons geliefde vaderland.

Tot in Junie 1920 was Wilgenhof onder die beheer van 'n huisvader, dr. WA Joubert. Die dag toe hy aftree, kon die kosgangers egter hulle eie huiskomitee kies om die huis te bestuur. Die Universiteitsowerheid het alleen die reg voorbehou om in te gryp as daar klagte is of die gedrag en werk van die kosgangers dit regverdig. Om die orde te handhaaf, is daar behalwe die huiskomitee, waarvan die voorsitter die titel van "primarius" gekry het, ook 'n strafliggaam aangestel met die naam van "Nagligte" omdat hulle gewoonlik straf in die nag uitgedeel het. Hulle het nie alleen straf uitgedeel nie, maar het

ook as deel van die eerstejaars se "doop" hulle so nou en dan in die nag besoek. So 'n besoek het daaruit bestaan om die eerstejaars te laat verstaan dat hulle sotte is. Hulle moes dan hulle pajamas uittrek waarna hulle met olieverf besmeer is. Net so kaal moes hulle dan na die badkamers gaan en onder 'n koue stort probeer skoon was. In daardie dae was daar nog geen warm water na Wilgenhof aangelê nie, en om die verf met koue water afgewas te kry, was om die minste te sê, nie maklik nie! 'n Borsel was noodsaaklik en die manne moes mekaar help, veral om die verf van hulle rûe af te kry. Hoewel ek toe al twee jaar in Kaapstad in 'n koshuis was, is ek ook maar deur die "Nagligte" besoek. Dit word tot vandag toe algemeen in Wilgenhof aanvaar dat vanaf dié dag dat warm water aangelê is, die rugby verswak het!

Sport, net soos in die res van die Universiteit, het 'n groot rol gespeel in die lewe van Wilgenhof, veral rugby. In my tyd was daar vier Springbokke: Danie Craven, André McDonald, Ponie van der Westhuizen en ek. Die rugbyveld was net oorkant die straat van Wilgenhof af. Ons het dus geen verskoning gehad om nie gereeld te oefen en baie fiks te wees nie. In 1924 het ons die vermetelheid gehad om die res van die Universiteit vir 'n wedstryd uit te daag nadat al die liga-wedstryde afgehandel was. Toe het ons ook besluit om 'n huislied en huisvlag te kry wat ons by die geleentheid kon gebruik. Dieselfde lied en vlag word vandag nog gebruik. Die wedstryd het groot belangstelling opgewek en Wilgenhof het as oorwinnaar met 12 teen 9 uit die stryd getree.

Behalwe rugbytoetse teen Nieu-Seeland, Australië of die Britse Leeus, was "Intervarsity" tussen die Universiteit van Kaapstad en Stellenbosch die belangrikste wedstryd op die rugbyprogram. Later het dit een van die liga-wedstryde geword. Maar toé was dit nog 'n vriendskaplike wedstryd tussen twee universiteite wat beurtelings op Stellenbosch en Nuweland gespeel is. Die eerste vier rugbyspanne het aan "Intervarsity" deelgeneem. Groot voorbereidings, bo en behalwe die rugby-oefeninge, is vir die belangrike geleentheid getref. 'n Dirigent is vroegtydig aangestel om sangoefeninge vir die studente te reël, sodat hulle op die groot dag hulle spanne behoorlik kon aanspoor. Omdat sitplekke vir studente op die pawiljoen beperk was, kon alleen dié wat die sangoefeninge gereeld bygewoon het, 'n sitplek kry. Daarom is aangeteken wie almal

by sangoefeninge teenwoordig was. Meeste van die liedjies is deur studente self gekomponeer. Die kompetisie tussen die sang van die Ikeys en die Maties was byna net so opwindend as die rugby self! In daardie dae was die beroemde losskakel, Bennie Osler, die kaptein van die Ikey-span, en in die jare wat ek vir Stellenbosch gespeel het, het hulle meer dikwels as ons gewen.

Wat tennis betref was Wilgenhof baie bevoorreg, want ons het vyf tennisbane gehad. Die beste spelers het op die Nommer 1-baan gespeel en die res volgens meriete op die ander bane. Nuwelinge moes besluit by watter baan die standaard van hulle tennis pas en dan iemand van daardie baan uitdaag. Ek het dit gewaag om vir Johan Buhr van Baan 1 uit te daag en gelukkig wen ek toe 6-0. Kort daarna is ek gekies vir die Universiteit se eerste-tennisspan. 'n Span het daardie jare bestaan uit twee enkelspelers en twee pare dubbelspelers. Ek het dubbel gespeel en my maat was Attie Smuts, ook van Wilgenhof.

Omdat ons as Universiteitspan net die tweede liga in die Provinsie kon bereik en die dorpspan 'n paar goeie dubbelspelers kortgekom het, is my maat Attie en ek verlof gegee om vir die dorpspan in die eerste liga te speel. Later is ons as Universiteitspan so versterk met nuwe spelers, dat ons ook in die eerste liga opgeneem is. Toe Attie weg is, het Avril Malan, 'n nagraadse student, my nuwe maat geword. Hy het later die hoof van Sanlam geword. In my finale jaar op Stellenbosch het 'n paar tennisspelers en ek besluit om ons eie universiteitskampioenskappe te reël. In die enkelspel het ek verloor, maar in die dubbelspel het ek en my maat, Ralph Cluver, die kampioenskap gewen.

My beste vriend by Wilgenhof was Gawie Hugo. Hy en ek het op dieselfde dag verjaar, maar hy was 'n jaar ouer as ek. In 1928, ons derde jaar aan die Kweekskool, het Gawie en ek besluit om privaat te gaan loseer om sodoende meer tyd aan ons studies te bestee. Een Kersvakansie het ek hom genooi om saam met my huis toe te gaan na Victoria-Wes. My jonger suster, Kitty, 'n verpleegster, was ook by die huis. Gawie het op haar verlief geraak en by 'n latere geleentheid vir haar gevra om met hom te trou. Hy het 'n bloutjie geloop. Hy het sendeling in Malawi geword en is later aangestel as hoof van die sending daar. Op 'n ander keer het ek 'n ander goeie vriend, Louis Heyns, gevra om

saam met my te gaan. Hy was ook 'n klasmaat van my en hy het ook op Kitty verlief geraak. Maar anders as Gawie, het hy die ja-woord gekry. Louis was predikant op Grahamstad sowel as by baie ander gemeentes. Hulle is in 1931 op Victoria-Wes getroud en het ses kinders gehad.

Gedurende ons kort vakansies het 'n klompie van ons meesal op Rooi-Els gaan uitkamp. Dit was 'n baai langs die kus omtrent halfpad tussen Gordonsbaai en Kleinmond. Nou is daar 'n geteerde pad al langs die kus. In ons tyd was daar egter net 'n voetpad en ons moes al ons bagasie self dra. Die eerste keer dat ons gegaan het, was ons net vyf, maar later was ons heelwat meer - vriende van beide die Universiteit van Kaapstad en Stellenbosch. Dames was ook ingesluit. Ons het dit vir onsself makliker gemaak deur 'n skuit te huur om al ons benodigdhede vir die week na Rooi-Els te vervoer. Twee het die skuit vergesel, terwyl die res maar moes stap.

Een keer, toe ek toevallig met die skuit kon gaan, het daar 'n sterk wind opgekom nadat ons reeds die strand verlaat het. Dit het so sterk geword dat die skuit moes omdraai terug strand toe. By dié tyd was die stappers, niks te vermoede nie, seker al meer as halfpad na Rooi-Els. Weens die wind kon die skuit eers die volgende dag vertrek, sodat die groep van omtrent twintig studente die nag sonder kos en komberse moes deurbring. Groot was die vreugde toe die skuit die volgende dag op Rooi-Els arriveer.

By die geleentheid toe ons 'n gemengde groep was, was nig Susy Murray altyd die *chaperone*. Haar man, ds. John Murray, is betreklik jonk oorlede, sodat sy haar agt kinders alleen moes grootmaak. Hulle het op Stellenbosch gaan woon en al agt het 'n universiteitsopleiding gekry. Sy was 'n uitstaande vrou en het saam met die studente na Rooi-Els gestap.

Ek was dikwels die enigste visterman onder die klomp. By een geleentheid het 'n eerstejaar-student, ook ene John Murray, en seun van oom Herold Murray van Scweizer-Reneke, saam met ons gekom. Hy was nog maar 'n beginner wat visvang betref. Op dié dag het ons besluit om vanaf die rotse te gaan visvang. Die see langs daardie kus is soms nogal baie bedrieglik. Soms vir 'n lang tyd is die see kalm, maar dan kom daar skielik 'n groot brander wat oor die rotse slaan. Dit is presies wat

daardie dag gebeur het. Ons was albei op dieselfde rots. My lyn was in die water, maar John was nog besig om aas aan sy hoek te sit, toe 'n brander die rots tref. Ek het aan die rots vasgehou, maar toe ek omkyk, sien ek John is met brander en al die see in! Ek het dadelik agterna gespring en gelukkig het die volgende brander ons gehelp om uit te kom. Dit was maar 'n paar benoude oomblikke. Saam met al die ander het ons die Here gedank vir sy beskerming.

'n Neef van ons, *Alec Daneel*, 'n tandarts van Kaapstad en sy seun het só hulle lewens ingeboet. Hulle het ook een oggend op Kleinmond gaan visvang. Toe hulle nie vir middagete opdaag nie, het sy vrou hulle gaan soek. Toe sy by die rots kom waar hy gewoonlik gaan visvang het, was daar geen teken van haar man en seun te sien nie, net sy visstok het nog op die rots gelê.

Terwyl ek nog op Kweekskool was, het die Du Plessis-saak plaasgevind. Hy was een van ons vier professore. Die ander was proff. Moorees, Keet en van Rooyen. Prof. Du Plessis was aangekla weens "liberalisme en modernisme in sy teologie" en deur die sinode as professor geskors. Dit het groot verdeeldheid in die Kerk sowel as in die Kweekskool veroorsaak. Heelwat van ons klas, ek ook, het vir prof. Du Plessis ondersteun omdat hy so 'n besonder toegewyde persoon was en omdat hy, meer as die ander drie, in ons geestelike lewe belanggestel het. Hy was ook die enigste professor wat die moeite gedoen het om ons in ons kamers te besoek. Omdat hy gevoel het die Kerk het hom onregverdig behandel, het hy sy toevlug tot die Hof geneem. Die Hof het hom onskuldig verklaar, met die gevolg dat die Kerk hom weer in sy pos met volle salaris moes aanstel. Dit het gebeur, maar hy is nie weer toegelaat om lesings te gee nie. Dit het jare geneem voordat daar weer eensgesindheid in die Kerk gekom het, en, die ironie is, dat baie van prof. Du Plessis se teologiese standpunte vandag as suiwer aanvaar word.

Ek kan nie hierdie beskrywing van my tyd op Stellenbosch afsluit sonder om te vertel van my verhouding met Lizzie van Niekerk nie. Sy het by haar ouers op Stellenbosch gewoon. Hulle was welgestelde afgetrede boere. Een van my maats op Wilgenhof het my een aand saamgenooi om by hulle te gaan brug speel. Dié aand het ek vir Lizzie die eerste maal ontmoet. Daarna is ek weer 'n paar maal genooi en so ongemerk het dit

kom om Lizzie se ouer suster daar te ontmoet. Sy was toe die weduwee van dr. Van der Spuy, 'n landboukundige, wat vleuel vir Stellenbosch se eerste-span gespeel het.

In 1925, het ek van die begin af vir Stellenbosch se eerste-span gespeel en is nog dieselfde seisoen vir die span van die Westelike Provinsie gekies. Frank Mellish was in daardie jaar die kaptein. In daardie jare het die Westelike Provinsie die rugbytoneel in Suid-Afrika oorheers. Dit was nooit 'n kwessie óf ons sou wen nie, net hoe vér ons sou wen.

Die volgende jaar, 1926, hou ons afrigter, Oubaas Markotter, so aan dat ek weer in die agterlyn moet speel, dat ek maar moes instem. Hy probeer my toe as senter, maar dit was ook 'n taamlike mislukking. Ek het nie genoeg spoed vir 'n senter gehad nie en toe besluit ek, nee wat, ek sal nooit verder kom nie, ek moet maar weer terug gaan voorry toe. 1927 was weer Currie-bekerjaar. In daardie jare was die Currie-bekerwedstryde maar net al om die ander jaar gespeel. Ons eerste wedstryd was teen Natal vir wie ons 'n geweldige pak slae gegee het.

Voor die volgende wedstryd teen Transvaal, besluit die keurkomitee dat daar te veel losspelers in die span was, omdat ons nie gereeld genoeg die bal uit die vaste skrum gekry het teen Natal nie. Ek was toe ook een van die manne wat uitgelaat was. En toe stel die keurkomitee die haker van die Kaapse Universiteit, Shacksnovis, as haker teen Transvaal aan. Sy opdrag was solank hy maar net elke keer die bal kan haak, hoef hy niks verder te doen nie. Hy was 'n hopelose mislukking. Hy was glad nie fiks gewees nie. In die begin van die spel het dit nog gegaan, maar teen die einde het hy byna nooit meer in tyd gekom om as haker te skrum nie en die gevolg was dat Westelike Provinsie baie amper teen Transvaal verloor het. WP het maar met net één punt gewen.

In 1928 het die eerste All Black-span in Suid-Afrika kom toer. Die kaptein was Maurice Brownlee. Hulle eerste wedstryd was teen 'n plattelandse span van die WP wat hulle sommer maklik gewen het. Die tweede was teen 'n stedelike span, ook van die Westelike Provinsie waarvoor ek toe ook, as agsteman, gekies is. Een insident onthou ek nog baie goed. Daar was 'n vasteskrum naby ons doellyn, nie ver van die buitelyn nie. Die

gebeur dat ek elke Vrydagaand daar gaan brug speel het. Eers het ek onmiddellik na die brug teruggegaan koshuis toe, maar net so ongemerk het haar ouers na die brugspel kamer toe gegaan en vir my alleen met Lizzie agtergelaat. Dat daar toe tussen ons 'n intieme verhouding ontwikkel het, was seker onvermydelik, hoewel ek eerlik kan sê dat ons nooit toegegee het aan onrein praktyke nie. Die gedagte het egter nooit by my opgekom om eendag met haar te trou nie, maar ek het ook nie besef hoe selfsugtig ek was om haar liefkosings te geniet sonder om haar gevoelens in ag te neem nie. Miskien het sy gehoop om eendag met my te trou. Ek weet nie, want ons het nooit daaroor gepraat nie. Dit was moontlik, want ons verhouding het lank gehou, en toe ek besluit het om dit te beëindig, het dit haar ontsettend bedroef. Selfs haar ouers het my dit kwalik geneem en my beskuldig dat ek haar bedrieg het, wat in 'n sekere sin waar was. Daarna het ek haar net eenmaal weer gesien, en dit was na die geestelike vernuwing wat in my lewe plaasgevind het. Ek het toe vir haar om verskoning gaan vra vir my selfsugtigheid en dat ek haar moontlik onder valse indrukke gebring het. Later is sy getroud met dr. Charlie Niehaus, ook 'n Wilgenhoffer, wat een van die hoofde van die KWV in die Paarl geword het. Dit was vir my 'n groot verrassing toe ons in 1990 in die aftree-oord, Huis Herfsblaar,


*George in sy rugby-dae*

All Blacks het die bal gehaak, die skrumskakel het die blinde kant omgegaan en die bal aan sy vleuel, Grenside gegee, 'n fris Nieu-Seelander. Ek was agsteman en soos gewoonlik het ek dadelik, net soos die bal uit die skrum kom, opgestaan om te kyk wat gebeur. Toe ek sien Grenside lê oop doellyn toe, het ek op hom afgepyl en hom naby die hoekvlag skoon uit die veld uit geduik. Ons het dié wedstryd gewen.

In 1928 is twee reekse proefwedstryde gehou om 'n Springbokspan te kies. Die eerste was in April in Port Elizabeth en die tweede, veertien dae voordat die eerste toets in Durban gespeel is. Daar was 'n geweldige kompetisie tussen ons klomp jong spelers, want daar was baie min van die 1924-Springbokke wat nog gespeel het. Om een of ander rede het die keurkomitee die span eers die dag voor die toets bekend gemaak.

Vir my was dit natuurlik 'n groot oomblik toe ek hoor ek is gekies as agsteman, my geliefkoosde posisie. Net vyf oud-Springbokke is by die span ingesluit, naamlik Bennie Osler, die losskakel, Jack Slater, 'n vleuel, Theuns Kruger, die haker, Phil Mostert, een van die stutte en kaptein, en dr. Jack van Druten, die flank. Ek onthou nie juis veel van die besonderhede van die toets in Durban nie, behalwe dat ons maar meesal op die aanval was en dat ons met 17-0 gewen het. Bennie Osler het 14 punte met sy skoen aangeteken en Jack Slater, die vleuel, wat vir niks gestuit het nie, het deur 'n muur van All Blacks gebars om 'n drie te druk.

Die tweede toets was in Johannesburg, waar ons 'n baie groot terugslag gehad het. 'n Paar dae voor die toets was ons besig met oefeninge. Dit was 'n koue wintersdag en terwyl die agterspelers op en af hardloop, het albei Stanley Osler, wat senter gespeel het, en Jack Slater 'n dyspier geskeur. Dit het hulle nie alleen uit die tweede toets gehou nie, maar daarna het hulle ook nooit weer vir Suid-Afrika gespeel nie. Twee plaasvervangers moes inderhaas gevind word, want in daardie dae was daar nie so-iets soos reserwes nie. Vreemd genoeg het dié twee plaasvervangers óók nooit weer vir Suid-Afrika gespeel nie. Vanaf die begin van die wedstryd was ons, weer net soos in Durban, gedurig op die aanval. Ek onthou nog baie goed dat ek eintlik vir die All Blacks jammer gevoel het dat hulle weer 'n pak slae gaan kry. Maar dinge het toe nie so uitgewerk nie. Op

'n goeie oomblik het JC van der Westhuizen, dit was sy eerste toets, skoon dwarsdeur gebreek, maar toe hy tien tree van die doellyn af die bal na die plaasvervangervleuel aangee, met 'n oop pad voor hom, laat val hy die bal. Daarmee was ons eerste drie verlore. Kort daarna skop Gerry Brand, wat toe vir ons vleuel gespeel het, 'n perfekte dwarsskop. Ongelukkig slaan die flank, Pretorius, die bal op die doellyn aan en weer is 'n drie daarmee heen. Die All Blacks wen toe hierdie wedstryd met 7-6.

In daardie dae het 'n skepdoel nog vier punte getel. Drie van ons punte het ook van 'n skepdoel gekom, maar omdat dit 'n strafskop was, het dit net drie punte getel. Ons het 'n strafskop op die middellyn gekry. Phil Mostert, die kaptein, besluit toe om self die skepskop pale toe waar te neem. Tot almal se verbasing was dit nogal oor.

In die derde toets in Port Elizabeth het dit beter gegaan. Twee nuwe agterspelers is gekies, nl. Willie Rossouw as senter en Manus de Jongh, as vleuel. Manus het 'n pragtige drie gedruk, maar in die proses sy neus gebreek sodat hy ook nie in die volgende toets kon speel nie. Voordat die wedstryd begin het, het ons as voorspelers onder mekaar ooreengekom dat as ons 'n skrum vyf tree vanaf die All Blacks se doellyn gaan kry, ons hulle oor die lyn sal stoot, want op verdediging het hulle gewoonlik net met sewe voorspelers in die skrum gedruk. So gesê, so gedaan. Ons kry toe inderdaad 'n skrum vyf tree vanaf hulle doellyn. Phil Mostert haak die bal en skree: "Stoot kêrels, stoot!". Sonder veel moeite stoot ons die sewe All Blacks dwarsoor die doellyn terwyl ek die bal voor my voete hou. Net toe ons oor die lyn gaan, druk ek die bal en om seker te maak dat die skeidsregter, mnr. Knoppies Neser, gesien het dat dit 'n drie is, tel ek die bal op en sit dit weer neer. Ons wen toe die toets met 11-6, nadat Grenside amper op die laaste minuut weer 'n drie gedruk het. Gelukkig was JC van der Westhuizen darem daar om hom naby die hoekvlag uit te duik.

Die vierde toets het ons verloor. Maar die vorige Saterdag, toe ek vir die span van die Westelike Provinsie teen die All Blacks gespeel het, het ons hulle 'n properse loesing gegee. Hulle het daarna gesê dit was die beste span teen wie hulle op daardie toer gespeel het. Die vierde toets is bekend as die "sambreel-toets". Dit het daardie dag gereën soos dit net op Nuweland kan reën.

Die man wat die toets vir die All Blacks gewen het, was Mark Nicholls. Om een of ander rede het hy nie in die eerste drie toetse gespeel nie, nogtans was hy ongetwyfeld hulle beste losskakel. Vir my persoonlik was dit 'n baie ongelukkige wedstryd, want ek het ons span ses punte gekos. Dit het so gekom: die All Blacks het in die vaste skrums met net twéé voorspelers in die voorste ry afgegaan. Die derde een het eers gewag om te sien aan watter kant die bal ingegooi gaan word, en dán sy kop aan daardie kant ingesteek. Sodoende het hulle byna elke keer die bal gehaak. Om dit te verhoed het Phil Mostert, ons kaptein, vir Pierre de Villiers die skrumskakel gesê om, sodra die derde man sy kop in die skrum gesteek het, die bal vir my aan te gee, sodat ek dit in die skrum kon sit. Twee maal het die skeidsregter mnr. Knoppies Neser my gestraf. Hy het gesê ek het die bal skeef ingesit. Albei kere het Mark Nicholls die bal deur die pale gestuur, wat ongetwyfeld daartoe bygedra het dat ons die wedstryd verloor het. Terloops, Knoppies Neser was in al vier die toetse die skeidsregter en later het hy 'n regter geword.

Hoofstuk 4

# Die Oxford-groep

Net voor die derde toetswedstryd het iets gebeur wat later tot 'n groot omwenteling in my lewe gelei het. Aan die Kaapstadse Universiteit het ek 'n vriend, Jack Brock, gehad wat later die dekaan van die mediese fakulteit geword het. Ons het saam in die onder 19-rugbyspan gespeel. Hy het 'n Rhodes-beurs gekry en na Oxford-Universiteit gegaan. Daar het sy lewe radikaal verander as gevolg van sy kennismaking met dr. Frank Buchman van Amerika, wat op besoek aan Oxford was. Gedurende hulle lang somervakansie in 1928 het hy en 'n klompie ander Rhodes-skoliere, wat net soos hy 'n verandering ondergaan het, besluit om Suid-Afrika toe te kom en aan hulle families en vriende te vertel wat hulle ondervind het. Hulle was net 'n groep studente sonder naam, maar in Kaapstad het hulle 'n naam gekry. Hulle het 'n klompie kompartemente vir hulle treinreis na die binneland gereserveer. Die kondukteur het, toe hy verneem die groep kom van Oxford af, die naam "Oxford-groep" op die wa geskryf, sodat almal kon weet dat dié spesifieke kompartemente vir die Oxford-studente gereserveer was. Toe 'n joernalis, wat die studente kom afsien het, die naam "Oxford-groep" in sy berig gebruik het, het hulle die naam behou en vir baie jare lank het die medewerkers van dr. Buchman so bekend gestaan.

Hulle besoek in Suid-Afrika het verreikende gevolge gehad. Een van die persone wat baie positief op hulle boodskap gereageer het was dr. E MacMillan van Pretoria, die moderator van die Presbiteriaanse Kerk. Net daarna het hy in 'n diens sy hart oopgemaak vir sy gemeente en verskoning gevra vir sy hooghartigheid omdat hy meer geïntereseerd was in geleerde preke as om vir hulle 'n verlossingsboodskap te bring. Hy vertel toe van die verandering wat daar in sy lewe plaasgevind het. Dit was die begin van nuwe lewe in sy gemeente.

Jack Brock se ouers het in Port Elizabeth gewoon en dit was juis net tydens die derde toets teen die All Blacks, dat Jack sy ouers besoek het. Hy sien toe my naam in die koerant as een van die spelers en besluit om my op te soek in die hotel waar ons tuis was. Hy het my van sy ondervindinge vertel en boonop vir my 'n boek, Life Changers, gegee wat vol stories was van mense wat tot bekering gekom het as gevolg van dr. Buchman se werk.

Die verandering in Jack se lewe het my baie beïndruk, soveel so dat ek hom uitgenooi het om na Stellenbosch te kom. Hy en een van hulle span het 'n naweek op Stellenbosch kom deurbring en 'n aantal studente ontmoet.

As gevolg van die positiewe reaksie op die besoek van die studente het dr. Buchman besluit om die volgende jaar, 1929, na Suid-Afrika te kom en 'n span van sy medewerkers saam te bring. Hy het vooruit gekom saam met 'n man met die naam van Maghee Baxter, wat aan drank verslaaf was en wat deur dr. Buchman gehelp is. Voordat hulle uit Amerika vertrek het, het Maghee belowe om nie weer te drink nie. Alles het goed gegaan totdat iemand hom op die skip, op pad na Kaapstad, verlei het. In Kaapstad aangekom moes dr. Buchman hom so te sê dag en nag oppas om seker te maak dat hy nie weer drank in die hande kry nie.

Een van die studente van Oxford wat in 1928 na Suid-Afrika gekom het, Loudon Hamilton, wat reeds afgestudeer het, het in Suid-Afrika agtergebly toe die ander teruggekeer het na Oxford. Hy het al die reëlings getref vir dr. Buchman se besoek in 1929. Jack Brock het blykbaar my naam en adres aan Loudon Hamilton gegee, want ek het 'n uitnodiging van hom ontvang om dr. Buchman se openingsvergadering in Kaapstad by te woon. Dit was die begin van die wintervakansie en ek besluit toe om die uitnodiging aan te neem. Ek het nie geld gehad vir 'n treinkaartjie nie en het toe maar per fiets Kaap toe gery en by my neef, Alec Daneel, tuisgegaan.

Na die vergadering het ek vir Loudon ontmoet. Hy het my genooi om die volgende oggend 'n koppie tee saam met hom en dr. Buchman te kom drink. Terwyl ons gewag het, het dr. Buchman vir Loudon gestuur om iets te gaan doen sodat ek alleen met hom agtergelaat is. Hy het my uitgevra oor my studies en oor rugby.

Nadat ek hom vertel het dat ek teologie studeer, wou hy weet of ek al ooit van my rugbymaats vir Christus gewen het.

Ek was eintlik bly dat hy my die vraag gevra het, want dit was 'n saak waaroor ek dikwels nagedink het, soveel so dat ek 'n prominente predikant op Stellenbosch daaroor gaan raadpleeg het. Ek het die predikant vertel dat ek, as iemand wat vir 'n



*George saam met dr. Frank Buchman en die Oxford-groepspan wat in 1929 na Suid-Afrika gekom het.*

predikant studeer, skuldig voel omdat ek nog nooit iets gedoen het om my rugbymaats vir Christus te wen nie. Ek wou van hom weet hoe ek te werk moes gaan. Ek onthou nie veel van ons gesprek nie, behalwe dat hy aan die end vir my 'n klompie geestelike traktaatjies in die hand gestop het, met die aanbeveling om hulle onder my rugbymaats uit te deel en dan later vir hulle te vra of hulle dit gelees het. Ek vrees daar het niks van gekom nie. Ek kon nie dink dat my maats geïntereseerd sou wees om traktaatjies te lees nie.

Maar toe dr. Buchman die vraag so direk aan my stel, het ek gedink, veral nadat ek sy boek "Life Changers" gelees het, hier is 'n man wat my kan help. Ek vertel hom toe van my onderhoud met die predikant en dat dit werklik 'n begeerte is om van my maats vir Christus te wen. Ek het verwag dat hy my sou verduidelik hoe om te werk te gaan, en wat die geheim van

Kweekskool nie. Hoe sou ek vir 'n ander kon preek as ek self nie gewillig is om aan die Here gehoorsaam te wees nie? Daar was dus niks anders te doen as om aan vader te skrywe en met hom eerlik te wees nie. Vir my was dit die begin van 'n totale nuwe lewe, 'n lewe van volkome oorgawe en gehoorsaamheid aan Christus.

Gedurende daardie dae het ek baie van dr. Buchman gesien en baie van hom geleer. Een koue namiddag moes hy uitgaan vir 'n belangrike afspraak. Hy vra toe vir 'n vriend en myself om 'n oog te hou oor Maghee Baxter totdat hy terugkom. Maghee het in die slaapkamer gerus en my vriend en ek het in die sitkamer voor die vuur gesit en lees en gesels. Na 'n anderhalfuur het dr. Buchman teruggekom en gevra waar Maghee is. "Hy is nog in sy kamer," sê ons ewe oortuigend. Watter ontnugtering was dit nie vir ons toe ons die deur oopmaak en geen Maghee daar vind nie! Ons was nog so naïef dat dit nooit tot ons deurgedring het dat hy by die venster sou uitspring nie. dr. Buchman was verskriklik ontsteld en ontevrede en stuur ons toe die stad in om vir Maghee te gaan soek en sê: "Julle beter nie sonder hom terugkom nie". Vir my wat selde of ooit in 'n kroeg gekom het, was dit soos 'n nagmerrie. Teen ongeveer een-uur daardie nag het ons besef dit is 'n vrugtelose soektog. Ons gaan rapporteer toe dat ons hom nêrens kon vind nie. Later die nag het 'n huurmotor hom teruggebring; smoordronk en sonder 'n pennie in sy sak. Ek het begin begryp wat dit beteken om vir een persoon genoeg om te gee om hom te wen.

'n Paar dae later het ek een van my Springbok-maats raakgeloop. Nadat ons 'n rukkie oor rugby gesels het, vertel ek hom van dr. Buchman en sy vriende. Daarna was dit doodnatuurlik om hom te vertel van wat ek self ondervind het en die verandering wat dit in my lewe teweeg gebring het.

Tot my verbasing sê hy vir my: "Jy weet, George, vir die afgelope twee jaar wou ek al met iemand praat, maar ek het nog nooit die moed gehad nie". Hy maak toe sy hart oop en vertel my van die dinge wat in sy lewe verkeerd was. Voor ons uitmekaar is, het ons neergekniel en hy het sy lewe aan Christus oorgegee. Nodeloos om te sê dat dit vir my groot vreugde gegee het.

Teen dié tyd het omtrent twaalf van dr. Buchman se

medewerkers in Kaapstad arriveer. Hulle was uit Amerika, Groot-Brittanje en Holland. 'n Reeks konferensies is gereël in Port Elizabeth, Johannesburg, Durban, Kaapstad en Bloemfontein waar hulle sou optree. Dr. Buchman het my gevra om saam te gaan na Port Elizabeth. Terselfdertyd was ek gekies vir die Westelike Provinsie-rugbyspan wat op toer sou gaan na die Transvaal en Natal. Die wonderlike was dat ek op daardie oomblik verkies het om saam met dr. Buchman en sy span na hulle konferensies te gaan, liewers as om op die rugbytoer te gaan. My rugbymaats kon dit nie begryp nie, want hulle het gemeen dat rugby nommer een in my lewe was. Vir my was dit 'n onbetwisbare bewys dat Christus van toe af in beheer van my lewe sou wees.

Die konferensie in Port Elizabeth het vir my baie beteken. Nie alleen het dit vir my 'n kans gegee om getuienis te lewer nie, maar ek het ook ondervinding opgedoen oor hoe om persoonlike werk te doen. Baie mense se lewens is gedurende daardie week verander. Nadat die konferensie geeïndig het, moes ek teruggaan na Stellenbosch want dit was die einde van die Julie-vakansie. Toe ek vir dr. Buchman gaan groet, vra hy my of ek seker is dat dit reg is om terug te gaan. "Wat anders kan ek doen," sê ek, "my klasse begin weer oor 'n paar dae". "Hoekom vra jy nie die Here wat om te doen nie?", was sy antwoord.

Ek het baie ernstig daaroor gaan bid en die Here om leiding gevra. Die slotsom was dat ek besluit het om vir 'n jaar saam met dr. Buchman en sy span te werk. Die feit dat ek in die drie weke wat ek saam met hulle was, meer omtrent persoonlike werk geleer het as in die drie jaar op Kweekskool, het by my swaar geweeg. Ek was bewus dat ek sterk teenstand sou ondervind, maar ek was so oortuig dat dit die regte besluit is, dat ek gereed was vir enige teenstand.

Ek was nog nooit ooit spyt oor daardie besluit nie. Vader was natuurlik baie ontsteld, soos ek verwag het, en het vir my geskrywe om dadelik terug te gaan Kweekskool toe. Dit was nie maklik om nie aan sy opdrag gehoor te gee nie, maar ek kon nie anders nie. Ook twee van my professore, proff. Moorrees en du Plessis het my aangeraai om terug te kom en in die Kweekskool bewys te lewer van die verandering in my lewe. Vir

hulle moes ek egter ook teleurstel. So het ek al die konferensies in die verskillende stede meegemaak. Tussendeur die konferensies het ek die geleentheid gekry om huis toe te gaan om die hele saak met vader te bespreek. Een van die span, John Roots van Amerika, het saam met my gegaan. Nadat ek met vader eerlik was en hom om verskoning gevra het, het hy my vergewe en het ons saam op ons knieë gegaan en die hele saak aan die Here oorgegee.

Daardie dag het ek al my vrees vir vader verloor en daar het tussen ons 'n totale nuwe verhouding ontstaan. Die Sondag daarop het hy iets ongehoords in die gemeente gedoen. Hy het vir John Roots gevra om die boodskap te lewer, in Engels natuurlik, en vir my om my getuienis te gee ... albei van die preekstoel af. Die laaste van die konferensies, veral vir diegene wat in die eerste vier konferensies verander het, was in Bloemfontein. Ook Maghee Baxter was een van hulle. Hy het sy lewe aan die Here oorgegee en is van die drank verlos.

Gedurende sy verblyf in Suid-Afrika het dr. Buchman ook gesprekke gehad met 'n aantal prominente persone soos genl. JBM Hertzog, die eerste minister, genl. JC Smuts, die leier van die destydse opposisie, mnr. JH Hofmeyr, die goeweneur-generaal, die Graaf van Athlone, dr. W Nicol, moderator van die Transvaalse Sinode van die NG Kerk, dr. AJ Van der Merwe, wat later moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk geword het, asook vele ander.

Na die konferensies moes dr. Buchman teruggaan na Amerika en Europa. Die meeste van die span sou in Suid-Afrika agterbly om die werk te konsolideer. Hy het net 'n paar gevra om met hom saam te gaan, ook vir my. Ek wou natuurlik baie graag gaan, maar was onseker wat vader daarvan sou dink. Tot my verbasing was sy antwoord: "Aangesien jy nou al so ver gegaan het, kan jy maar gerus end-uit gaan".

Dit is moeilik om na so baie jare my gewaarwordings te beskryf om vir die eerste maal oorsee te kon gaan. Ek weet net dat dit te goed was om te glo, om so onverwags en onverdiend die geleentheid te kry om die lande en plekke te gaan sien waarvan ek tot dusver net gehoor en gelees het. In daardie dae het ons natuurlik per skip gereis wat twee weke geneem het van Kaapstad na Southampton. Dit op sigself was 'n seldsame

ondervinding, met al die dekspeletjies en kompetisies. Na 'n paar dae in Londen is ons oor na Amerika toe, om konferensies in New York aan te bied. Daarna is ek saam met een van die span suide toe, waar ons 'n paar maande onder die studente van 'n kleiner kollege gewerk het.

Dr. Buchman se volgende afspraak was op 1 Januarie 1930 in Edinburgh, Skotland. Een van die span wat saam met ons in Amerika was, was Edward Hill. Sy familie het 'n aantal handelskepe gehad wat tussen New York en Liverpool gevaar het. Om koste te bespaar het hy en ek op een van die skepe oor die Atlantiese Oseaan gevaar. Ek sal nooit die gesig van die wolkekrabbers van New York vergeet toe ons met Hudsonrivier verby Manhattan-eiland gevaar het nie. Dit is 'n unieke gesig. Die eerste paar dae het dit goeg gegaan, maar die res van die drie weke wat ons op die see was, was die weer stormagtig. Die skip is heen en weer geslinger deur die onstuimige see, en ek was só siek dat ek byna nooit van my bed af opgestaan het nie. Wat 'n verligting was dit nie toe ons in Liverpool aankom.

Die aksie in Edinburgh was in die vorm van byeenkomste elke aand, vir tien dae lank, in die baie bekende saal, die "Oak"-saal. Daarna was daar 'n konferensie in Dunblane, 'n dorpie nie ver van Edinburgh nie. 'n Klompie van die persone wat later voltyds saam met dr. Buchman begin werk het, se lewens is in daardie tyd verander. Nadat al die ander vertrek het, het net twee van ons, Loudon Hamilton en ek, agtergebly om die werk op te volg en hulp te verleen aan diegene wat 'n nuwe lewe begin het. Toe ons na vier of vyf maande daar weg is, het ek 'n kaartjie van waardering ontvang, wat geteken was deur "Your Spiritual Children".

Terwyl ek in Edinburgh was, het ek griep ontwikkel. Gelukkig het ek by 'n dokter en sy gesin tuisgegaan, wat my baie goed opgepas het. Die dokter het daarop gestaan dat ek vir 'n week na die kus moet gaan om te herstel. Hy het my na 'n vakansieoord gestuur wat beroemd was vir sy gholfbane. Aangesien ek niks anders te doen gehad het nie, het ek 'n gholfstok en 'n paar balle in die hande gekry en so met één stok die gholfbaan aangedurf!

Een van die take wat aan my en Loudon opgedra is, was om so 'n groot afvaardiging as moontlik bymekaar te kry om die

jaarlikse somerkonferensie in Oxford by te woon. Ek onthou nie meer die spesifieke getal persone nie, maar baie van die Skotte was daar. Op die konferensie is besluit om weer 'n span na Suid-Afrika te neem om dié wat agtergebly het, te ondersteun. Meer as twintig het na Suid-Afrika vertrek en ek het hulle vergesel. Ek was net betyds om my studies aan die begin van die derde kwartaal aan die Kweekskool te hervat, waar ek dit die vorige jaar onderbreek het.

Die ondervinding wat ek opgedoen het in die jaar wat ek saam met dr. Buchman en sy span gewerk het, het my nuwe inspirasie en geesdrif vir my studies gegee en ook 'n drang om aan my medestudente iets van wat die Here my gegee het, mee te deel. Ek herinner my goed aan 'n gesprek met een van my beste vriende by die Kweekskool. Ek het hom vertel van geheime sondes in my lewe en hoedat die Here my oorwinning daaroor gegee het. Hy erken toe dat daar in sy lewe ook geheime sondes was waaroor hy nooit eerlik was nie. Ons het saam op ons knieë gegaan en hy het dit alles aan die Here oorgegee. Dit was vir hom die begin van 'n lewe van oorwinning en net so ook vir baie ander. Baie het ook besluit om vroeër op te staan vir langer stiltetyd en om nie net in gebed met die Here te prááṫ nie, maar ook na Hom te lúíster.

Met die eksamens aan die einde van die jaar het dit baie beter gegaan as met die vorige eksamens. Veral een van die professore het my gelukgewens met my goeie resultate en bygevoeg dat dit 'n bewys is van 'n groot verandering in my lewe. Na my legitimasie, toe ek nog onseker was oor die volgende stap, het ds. Koos van der Merwe, die spesiale prediker, my genader. Hy het gesê hy kry so baie versoeke vir spesiale dienste dat hy nie almal kan behartig nie. Hy wou weet of ek nie gewillig sal wees om hom te help nie. Ek was glad nie seker oor die saak nie, maar het belowe om daaroor te bid en die wil van die Here te soek. Nadat ek ook my professore geraadpleeg het, was dit vir my duidelik dat dit reg was om ds. Van der Merwe se versoek te aanvaar.


Kort daarna het ek 'n brief van die Kommissie van Spesiale Prediking ontvang om my te verwittig dat ek aangestel is as 'n hulp vir ds. Van der Merwe, op voorwaarde dat ek eers vir ten minste ses maande in 'n gemeente moet werk. So het dit gekom dat die kerkraad van Calvinia, op aanbeveling van ds. Van der

Merwe, my gevra het om vir die tweede helfte van die jaar 1931, daarheen as hulpprediker te kom. Die datum van my ordening is vasgestel, soos dit later geblyk het, op dieselfde dag as die finale proefwedstryde vir die Springbok-span na Groot-Brittanje.

Hoofstuk 5

# Springbok-toer 1931

Teen die einde van 1930 het die Christelike Studentevereninging vir my gevra om, vir tyd en wyl totdat ek na Calvinia moes gaan, as rondreisende sekretaris op te tree. So het ek vir vier maande die werk van die CSV aan die Universiteite van die Witwatersrand en Pretoria behartig. Terwyl ek in Pretoria was,



*Drie Springbokke van 1931 saam. Danie Craven, George Daneel en André McDonald.*

het ek 'n telegram van mnr. Markotter gekry, wat my uitgenooi het om aan proefwedstryde deel te neem vir die rugbytoer na Groot-Brittanje. Byna 'n honderd spelers het aan die proewe deelgeneem, met ander woorde meer as ses spanne. Omdat ek oorsee was en dus vir 'n lang tyd nie gespeel het nie, het hulle my vir die eerste proewe in die F-span gesit. Blykbaar het ek so goed gespeel dat ek my vir die volgende proewe in die B-span

bevind het, en alhoewel ek nie aan die finale proefwedstryde kon deelneem nie, is ek vir die toerspan gekies.

Voordat ek daar beland het, het die predikant van Calvinia alreeds 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem. Ek moes dus as hulpprediker al die werksaamhede van die gemeente behartig. Dit was goeie ondervinding en ek was werklik gelukkig daar. Die familie by wie ek tuisgegaan het, dr. en mev. Neethling, was baie goed vir my en het my soos een van die gesin aanvaar.




*1931 Springbok-toer na Groot-Brittanje.*

Ek was nog nie lank op Calvinia nie, toe ek 'n uitnodiging kry van die predikant van Brandvlei om hom een naweek te kom help met nagmaal. Die afspraak was dat ons die dienste tussen ons sou verdeel. Toe ek die Vrydagnamiddag op Brandvlei aankom, was die predikant nie daar nie. Ek verneem toe dat hy op vakansie by sy ouers op Springbok is en dat hy enige oomblik kon arriveer. Saterdag het hy nog steeds nie gekom nie, toe moes ek maar die basaar open en die voorbereidingsdiens en biduur ook waarneem. Selfs Sondag het hy ook nie opgedaag nie, met die gevolg dat ek sonder voorbereiding al die dienste maar moes hou.

Maandag is ek toe weer terug na Calvinia waar ek toe die tyding gekry het dat, selfs nadat 'n helikopter van Kaapstad aan die

soektog deelgeneem het, die predikant nog nie gevind is nie. Hy en sy gesin is later in 'n hartbeeshuisie gevind waar hulle skuiling gekry het. Die pad tussen Springbok en Brandvlei was toe nog nie gemaak 'n gemaakte pad nie en êrens het hy die verkeerde ry spore gevolg en verdwaal. Hy is uiteindelik gevind deur 'n garage-man van Springbok waar hy nuwe bande gekoop het. Die garage-man het sy spore gevolg en die plek gevind waar die predikant die verkeerde spore geneem het en so die gesin in die hartbeeshuisie gevind.

Ek was skaars twee maande op Calvinia, toe ons op die rugbytoer moes vertrek. Daardie dae moes ons nog per skip reis. Ons het vanaf Kaapstad op die "Arundel Castle" vertrek. Die bestuurder van die span was mnr. Theo Pienaar, die kaptein van die 1921-Springbokspan na Nieu-Seeland. In daardie tyd het geen afrigter saam met ons gegaan nie, net mnr. Pienaar, en 'n ander persoon wat na ons bagasie omgesien het. Voordat die skip vertrek, het ons almal bymekaar gekom om die nommer van die kajuit te kry en om te hoor wie elkeen se kajuitmaat sou wees. Toe Phil Mostert hoor dat hy 'n kajuit met my moes deel, vra hy vir mnr. Pienaar: "Theo, wat het jy dan teen my?" "Nee, niks nie Phil, waarom vra jy?" antwoord mnr. Pienaar. "Waarom sit jy my dan saam met 'n predikant in die kajuit?" het Phil dit laggend uitgeroep.

Omdat ons in die eerste klas gereis het, moes ons vir aandete 'n aandpak aantrek. Vir party van die spelers was dit 'n groot beslommernis en het hulle



*George en Bennie Osler, kaptein van die Springbokspan van 1931.*

dus dikwels liewers van die tafel af weggebly. Ons het ook hard geoefen op die skip en aan al die dekspeletjies deelgeneem. Ek het nogal die finaal van die dektennis gewen. Al ons toerusting, behalwe voetbalskoene, het ons gratis gekry. Gelukkig, nadat ons in Brittanje aangekom het, het twee of drie skoenfabrieke vir al die spelers voetbalskoene as geskenke aangebied. Ons het verder niks ontvang nie, behalwe elke dag 'n halfkroon (twee sjielings en ses pennies) vir sakgeld.

Vanuit die oogpunt van rugby gesien, was die toer heeltemal suksesvol. Ons het al die toetse gewen en net een wedstryd verloor. Vir my was die uitstaande wedstryd die een teen Wallis. Die hele week wat ons daarvoor voorberei het, was dit mooi weer, maar die Saterdagoggend het dit begin reën. Ons het die hele wedstryd in gietende reën gespeel. In die eerste helfte het ons nog probeer om rugby te speel en die bal te hanteer, maar sonder sukses. Met halftyd was ons drie punte agter. Toe roep Phil Mostert, die leier van die voorspelers ons bymekaar en sê: "Kêrels, dit help nie om te probeer rugby speel in die omstandighede nie". Ons besluit toe om in die tweede helfte glad nie die bal te probeer hanteer nie, maar dit altyd maar net vorentoe te skop soos in sokker. Die veld was soos 'n modderpoel. In die skrums het ons, in stede van die bal te haak, dit na die opponent se kant toe geskop sodat hulle gedwing was om die bal te hanteer. Omdat die bal so glad soos seep was, kon hulle niks daarmee doen nie en was ons op hulle. Ons het maar net aangehou om die bal vorentoe te skop. Dit was nie lank nie of een van ons skop die bal oor die doellyn, wat vir my die kans gegee het om daarop te val en so 'n drie te druk, wat Bennie Osler vervyf het. Op hierdie manier het ons nog 'n drie gekry en vir Wallis met 8-3 gewen.

Vir my persoonlik was die toer die moeite werd en het ek baie kans gehad om vir die Here te getuig. Op verskillende plekke, byvoorbeeld in Edinburgh en Oxford, het ek van my vriende van die Oxford-groep raakgeloop en hulle het byeenkomste gereël waar ek gevra is om my getuienis te gee. Dikwels, op Sondae, is ek ook gevra om 'n diens waar te neem in dieselfde plek waar ons die vorige dag rugby gespeel het. Een van die dienste sal ek nooit vergeet nie. Dit was in Cardiff.

Ons hele span is genooi om die diens by te woon en ek moes die boodskap lewer. Die hele diens was in die Walliese taal,

behalwe my boodskap. Aan die einde van die diens het die predikant aangekondig dat hy die gemeente gaan vra om, ter ere van die Springbokspan, die Hallelujakoor te sing. Wat 'n belewenis was dit nie om nie net die koor nie, maar die hele gemeente die Hallelujakoor in verskillende stemme te hoor sing. Dit is seker ook maar net in Wallis wat so iets moontlik is.

Terwyl ons in Londen was, is ons na die Buckingham-paleis genooi om Koning George V te ontmoet. Terwyl ons in die ontvangskamer almal bymekaar was, het die koning ingekom. Hy het eers die bestuurder, Theo Pienaar, en die kaptein, Bennie Osler, gegroet en Bennie het toe die res van ons aan die koning voorgestel. Hier en daar het hy met 'n speler 'n praatjie aangeknoop, veral toe hy by Pierre de Villiers, die skrumskakel en die kleinste speler in ons span kom. Die koning was blykbaar verbaas dat so 'n klein mannetjie ook rugby speel en vra hom toe: "Do you also play rugby?" 'n Bietjie uit die veld geslaan, antwoord Pierre: "Please, Mr King, I play scrumhalf". Pierre het nooit die end daarvan gehoor nie.

Nadat ek 'n paar maande terug op Calvinia was, het ek 'n lang brief van die Kommissie vir Spesiale Prediking ontvang, waarin hulle hulle spyt te kenne gee omdat hulle noodwendig my aanstelling as hulp vir ds. Van der Merwe moes kanselleer. Daar was nie die nodige fondse vir my salaris nie. Dit was in die hartjie van die depressiejare en geld was oneindig skaars.

Die vraag was wat nou? Twee dinge het gebeur wat my gehelp het om duidelikheid te kry omtrent die volgende stap. 'n Sekere ds. Muller het die beroep na Calvinia aangeneem sodat my hulp daar nie meer noodsaaklik was nie. Die tweede gebeurtenis was 'n brief van Ray Purdy. Ray was 'n Presbiteriaanse predikant van Amerika, wat ook voltyds saam met dr. Buchman gewerk het. Dr. Buchman het vir dr. MacMillan van Pretoria gevra om saam met hom en sy span na Kanada te gaan en 'n jaar saam met hom te werk. Ray Purdy het toe van Amerika na Pretoria gekom om dr. MacMillan se gemeente te behartig. Toe hy in Pretoria aankom, het hy aan my geskrywe om my te vra of dit nie moontlik sal wees om by hom aan te sluit nie.

Aangesien my aanstelling as hulp vir ds. Van der Merwe gekanselleer is en Calvinia nie meer 'n hulppredikant nodig

Aangesien ek reeds in al vier toetse teen die All Blackspan (die eerste om na Suid-Afrika te kom) gespeel het, het ek gehoop om weer gekies te word. Maar op Calvinia sê vader vir my, hy glo nie die gemeente van Calvinia sal my toelaat om te gaan nie al word ek gekies. Hy vertel my toe van sý ondervinding.

Hy het ook as student vir Stellenbosch se eerstespan rugby gespeel. Kort nadat hy op Calvinia aangekom het, is hy as kaptein van die plaaslike rugbyspan gekies. Die kerkraad was egter glad nie daarmee gediend nie, veral toe hy een Sondagoggend met 'n blou oog op die preekstoel verskyn. Wat was hy nie verbaas nie toe hy agterkom dat daar oral in die gemeente gebid word dat die Here tog die predikant moet bekeer.

Dié ordeningsdiens het die Saterdagaand plaasgevind, dieselfde aand toe die Springbokspan bekend gemaak sou word. Terwyl ons almal, kerkraadslede en predikante, net voor die diens in die konsistorie bymekaar was, was die laaste een om in te kom die diaken, Johnnie Louw. Hy was 'n groot rugby-entoesias en het per telefoon gehoor dat ek gekies is. Hy kom toe reguit na my, steek sy hand uit en sê: "Veels geluk, u is gekies vir die Springbokspan". Ek sien hoedat vader se oë rek. Hy het seker op daardie oomblik teruggedink aan sy jong dae op Calvinia, maar tot sy en my verbasing het die ouderlinge een vir een vir my kom gelukwens en gesê hoe trots hulle is om 'n Springbok as predikant te hê.

Van Calvinia is vader na Fraserburg waar hy sewe jaar predikant was. Dit was in die dae voor die motor. Kar en perde was aan die orde van die dag. Vader het twee pragtige perde gehad, Ruby en Sterling. Die aankoms van die poskar, twee maal in die week was altyd 'n groot gebeurtenis op die dorp. Die naaste stasie was Fraserburgweg, sewentig myl van Fraserburg af. Dit het die poskar twee dae geneem en sy aankoms was altyd aangekondig met die blaas van 'n beul. Terwyl ons op Fraserburg was, het ons twee of drie keer, met kar en perde al die pad na Glentana-strand naby George vir die Kersvakansie gegaan. Dit het ten minste vier dae geneem en snags het ons op verskillende plase geslaap – nooit op 'n dorp nie. Dit was vir ons kinders natuurlik deel van die vakansie, veral die tog oor Swartbergpas, een van die hoogste en mooiste passe in Suid-Afrika.

gehad het nie, het ek besluit om by Ray Purdy in Pretoria aan te sluit. Daar was baie aktiwiteite in die gemeente en ook buitekant die gemeente waarby ek behulpsaam kon wees. Die Oxford-groep het ook van tyd tot tyd byeenkomste gehou. Een so 'n byeenkoms was gereël deur mnr. en mev. Willie Hofmeyr. Hy was die hoof van die hoërskool Pretoria Boys' High. Onder andere was prof. en mev. Arthur Norval ook na die byeenkoms genooi. Hy was professor in ekonomie aan die Universiteit van Pretoria. Hy en 'n klompie ander professore het alles in die stryd gewerp om die Universiteit 'n suiwer Afrikaanse instelling te probeer maak, en om van die paar Engelssprekende personeel ontslae te raak. Hulle het selfs so ver gegaan as om een van die Engelssprekende lektore te teer en te veer.

Mev. Norval was baie geïnteresseerd in die Oxford-groep, maar haar man wou nooit saam met haar na een van die byeenkomste kom nie. Hy het homself as 'n agnostikus voorgedoen. Toe hulle 'n persoonlike uitnodiging van die Hofmeyrs na die spesiale byeenkoms ontvang het, waar Ray Purdy die gasspreker sou wees, was mev. Norval baie angstig dat haar man met haar sou saamgaan. Om hom daartoe te beweeg, belowe sy hom dat as hy dié keer met haar sou saamgaan, sy hom nooit weer lastig sou val om saam met haar te gaan nie. Hy stem toe in en het saam met sy vrou die byeenkoms bygewoon.

Die volgende oggend, terwyl ons nog aan die ontbyttafel gesit het (ek was by die Purdys tuis), wie sou daar aankom? Niemand anders as prof. Norval self nie! Ons kon nie dink wat die rede vir sy besoek kon wees nie. Hy sê toe wat Ray Purdy die vorige aand by die byeenkoms gesê het, het hom woedend kwaad gemaak. Soveel so dat hy vir sy vrou gesê het hy wil niks met die Oxford-groep te doen hê nie. Hy het haar ook verbied om ooit weer met hom daaroor praat. Hy het toe vertel hoedat hy in die nag wakker geword het met die gewaarwording dat hy met God stry, maar hoe meer hy homself teëgesit het, hoe meer het God die oorhand gekry. Toe hy besef dat hy besig is om die stryd te verloor, het hy uit die bed geklim, op sy knieë gegaan en vir die Here gesê dat hy homself aan Hom sal oorgee, maar hy doen dit onder protes.

Hy sê, toe hy van sy knieë af opstaan, was daar vrede in sy hart en hy het weer dadelik aan die slaap geraak. Hy voeg toe by:

"Vanoggend toe ek wakker word, was my eerste gedagte omtrent my haat teenoor die Engelssprekendes en ons sameswering om van hulle ontslae te raak, maar tot my verbasing het my haat verdwyn, en was daar net liefde in my hart teenoor hulle. Ek kon nie anders as om julle hiervan te kom vertel nie". Ons het saam gebid, die Here gedank vir die wonderwerk wat Hy verrig het en ook saam geluister.

Prof. Norval het daar en dan besluit om vir die res van sy groep te gaan vertel wat gebeur het en vir hulle te sê dat hy nie meer teen die Engelssprekendes kan optree nie en hom van die sameswerings wil onttrek. Hy het ook na prof. Edgar Brookes, professor in politieke wetenskap, gegaan en hom om verskoning gevra vir sy haat van die verlede, en homself met hom versoen. Die stryd teen die Engelssprekendes het later heeltemal doodgeloop. 'n Ander gevolg was 'n groot vergadering in Pretoria se stadsaal, waar die twee hoofsprekers prof. Norval en prof. Brookes was, en waar hulle vertel het van die versoening wat tussen hulle plaasgevind het en hoe dit die situasie in die Universiteit beïnvloed het. Prof. Norval het in Afrikaans begin praat, maar toe oorgeslaan na Engels. Sy rede was dat hy 'n eed geneem het om nooit weer Engels te praat nie. Deur Engels van 'n verhoog af te praat, wou hy bewys dat hy daardie eed vernietig het.

Daarna het ons besluit om weer 'n Oxford-groepkonferensie in Bloemfontein te hou, en wel in Oktober 1932, gedurende die kort vakansie tussen die derde en die vierde kwartale. Die Eunice Meisieskool is vir die konferensie tot ons beskikking gestel. Mense het van alle dele van Suid-Afrika gekom en daar was veral 'n hele aantal studente van Stellenbosch. Die belangrikste gevolg van die konferensie was, dat sewe van ons besluit het om al ons tyd aan die werk van die Oxford-groep te wy, sonder vergoeding. Die sewe was mnr. en mev. Guy Swart, mev. Jessie Sheffield, dr. Dio Moorees, mnr. Don Mackay, mej. Sprowson en ekself. Guy Swart het 'n hoë pos in die Shell-maatskappy prysgegee en Dio Moorees het bedank as NG Studentepredikant aan die Witwatersrandse Universiteit. Guy en Dio het elkeen 'n motor gehad en daarmee het ons die land kruis en dwars deurreis om soveel as moontlik mense, wat kontak met die Oxford-groep gehad het op te soek en te versterk. Ons het ook oral byeenkomste gehou. Ons was vir die res van 1932 besig met dié werk, ook gedurende 1933 en 'n

deel van 1934, toe dr. Buchman ons genooi het om by hom en die span aan te sluit vir 'n aksie in Noorweë en Denemarke.

Gedurende die jare het ons heelwat tyd in Pretoria deurgebring. Daar het ek vir mej. Beryl Reynolds goed leer ken en baie van haar gehou. Sy was 'n oogkundige en was ook baie aktief in die Oxford-groep sodat ons dikwels saamgewerk het. My spanmaats het my aangemoedig wat die verhouding betref en voordat ek oorsee vertrek het om by dr. Buchman aan te sluit, het ons verloof geraak. Maar nadat ek 'n tydlank oorsee was en nie gedurig in persoonlike kontak met Beryl was nie, het dit vir my duidelik geword dat die verhouding nie van die Here was nie en dat ek nie werklik op haar verlief was nie. Dit was vir my verskriklik moeilik om dit aan haar te skrywe, want ek het geweet hoe seer dit vir haar sou maak. Dit was ook so, met die gevolg dat sy selfs na Denemarke gekom het om te probeer om my tot ander insigte te beweeg. Hoewel ek vir haar baie jammer gekry het en besef het dat dit my skuld was dat ons so oorhaastig verloof geraak het, kon ek nie 'n moordkuil van my hart maak en voorgee dat ek op haar verlief was nie. Ons het baie saam oor die saak gebid, ook saam met ons spanmaats, en uiteindelik kon ek nie anders as om die verlowing na baie smart en trane te breek nie.

In Noorweë het die Oxford-groep groot belangstelling opgewek. Toe 'n konferensie gereël is vir omtrent 'n honderd mense, het honderde opgedaag. Een van hulle was 'n joernalis, Frederik Ramm. Hy het bekendheid verwerf deurdat hy saam met die ontdekkingsreisiger, Amundsen, na die Noordpool gevlieg het, asook vir sy bitsige artikels teen die Dene. Hulle het Groenland as hulle eiendom toegeëien, terwyl die Noorweërs dit as húlle besitting beskou het. By die konferensie is Frederik Ramm se lewe radikaal verander. Op uitnodiging van dr. Buchman het hy met ons saamgegaan na Kopenhagen, waar duisende mense die vergadering van die Oxford-groep bygewoon het. Niemand het daar 'n groter indruk gemaak as Frederik Ramm nie. Hy het in die openbaar nederig om verskoning gevra vir die bitsige artikels wat hy teen die Dene geskrywe het en hulle almal onvoorwaardelik teruggetrek.

In Denemarke was die belangstelling in die Oxford-groep amper groter as in Noorweë. Twee byeenkomste herhinner ek my baie goed. Die een was in die ou kasteel, Helsingborg,

buitekant Kopenhagen, wat deur duisende mense bygewoon is. Die ander was 'n oggenddiens in die katedraal van Aalborg, die tweede grootste stad in Denemarke. Ons is gevra om die diens waar te neem. Toe die diens begin was daar net so baie mense buitekant die katedraal as binnekant. Die gevolg was dat dié van ons wat as sprekers moes optree, eers die boodskap in die katedraal moes lewer en toe na buite gegaan het om ook daar ons boodskap te gee. Aangesien ons verblyf in Denemarke gedurende die somervakansie was, het dr. Buchman veral die studente van Oxford en Cambridge genooi om by ons in Kopenhagen aan te sluit. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om hulle opleiding te gee, veral hoe om persoonlike werk te doen.

Van Denemarke is ons na Genève op uitnodiging van die voorsitter van die Volkebond, mnr. Benes, eerste minister van die destydse Tsjeggo-Slowakye. Een van die persone wat ook daar 'n groot rol gespeel het, was die weduwee van dr. Alexander Whyte, 'n bekende kerkleier van Skotland. Toe dr. Buchman haar in Edinburgh die vorige jaar ontmoet het, het sy vir hom gesê dat sy haar voorberei vir haar dood. Sy antwoord was: " Waarom nie vir u voorberei om te lewe nie?" Sy het dit ter harte geneem en vooruitgegaan na Genève om al die voorbereidings te tref vir ons besoek daar. Een van die byeenkomste was in die vergadersaal van die Volkerebond, wat deur die meeste van die lede bygewoon is.

In dié dae het dr. Buchman ons veral aangemoedig om soveel as moontlik jongmense te betrek. So het ons 'n groot saamtrek van meer as 'n duisend jong manne in Birmingham gehou. Baie het ook van Europa gekom. Ons het baie gebruik gemaak van liedere saamsing en ook om met vlae van die verskillende nasies deur die strate van Birmingham te marsjeer terwyl ons sing. Nou onlangs het ek nog 'n man van Duitsland ontmoet wat met dié geleentheid sy lewe aan die Here oorgegee het.

Gedurende 1936 het ek die grootste deel van die jaar in Holland deurgebring. Twee van ons, Kit Prescott, wat aan Oxford afgestudeer het, en ek, was deur 'n Hollandse familie, baron en mev. van Wassenaar, genooi om by hulle in Den Haag tuis te gaan en hulle te help met die werk van die Oxford-groep. Terwyl ons daar was, is 'n groot saamtrek gedurende die Paasnaweek in Ollerup, Denemarke, gereël. Heelwat mense in Holland het

te kenne gegee dat hulle graag die saamtrek sal wil bywoon. Kit en ek het toe op die blink gedagte gekom om 'n skip te huur om ons na Ollerup te neem. Ollerup was op die Weskus van Denemarke. Nadat ons die huur van die skip beklink het, moes ons net rondspring om genoeg mense te kry om saam te gaan om die huur te betaal. Toe die skip vanaf Holland vertrek, was dit heeltemal vol. Ons het vasgemeer in die hawe van Ollerup en die skip het tegelykertyd gedien as verblyfplek terwyl ons die byeenkomste bygewoon het. Die hele uitstappie was 'n reuse sukses en hoogs waardeer deur almal wat saamgegaan het.

Daarna is besluit om 'n groot saamtrek in Holland self te hou. Sommige van die span het van Brittanje oorgekom om ons te kom help met die voorbereidings. Ons leiding was dat die saamtrek in Utrecht as die mees sentrale stad in Holland gehou moes word. Ons het gedink in terme van duisende van alle dele van Holland om die saamtrek by te woon. Die vraag was, waar om 'n groot genoeg saal te kry? In Utrecht was daar 'n groot moderne groentemark met 'n groot saal, wat uistekend sou wees vir die doel wat ons in gedagte gehad het. Ons aansoek om daarvan gebruik te maak is egter deur die Stadsraad van die hand gewys. Die rede was dat die groentemark tot diens was van die hele publiek en dat die stadsraad dit nie vir 'n enkele godsdienstige organisasie kon beskikbaar stel nie. Hoe ons ook al probeer verduidelik het dat die Oxford-groep nie 'n eksklusiewe organisasie was nie, maar vir almal oop was, het die Stadsraad voet by stuk gehou in hulle weiering. Een persoon wou egter nie berus by die besluit van die Stadsraad nie. Dit was 'n mev. Lottie van Beuningen, 'n baie prominente en invloedryke persoon in Holland, in wie se lewe daar 'n groot verandering plaasgevind het. Sy het na die burgemeester van Utrecht gegaan, hom vertel van die verandering in haar eie lewe en wat so 'n saamtrek in Utrecht vir die hele Holland kon beteken.

Die burgemeester was baie beïndruk deur wat mev. Van Beuningen vir hom vertel het en het gesê wat hom betref kon die Oxford-groep die saal kry, maar hy wis nie wat die ander lede van die stadsraad sou sê nie. Mev Van Beuningen het onderneem om elkeen van die stadsraadslede persoonlik te gaan spreek, wat sy in die volgende twee dae gedoen het.

Almal het toegestem dat ons die saal kon gebruik, en so het dit gebeur dat duisende mense van alle dele van Holland elke dag vir 'n hele week in die groentemarksaal saamgekom het om na sprekers van verskillende lande te luister.

Kort voordat ek na Noorweë vertrek het, het vader afgetree op Victoria-Wes, waar hy twintig jaar predikant was. Hy en my stiefmoeder het toe in Durbanville op 'n plot van tien morge gaan woon, waar hy met vrugte en druiwe geboer het. Hy was altyd baie lief vir tuinmaak en het, op al drie plekke waar hy predikant was, 'n groot groente- en vrugtetuin gehad. Op Victoria-Wes, om veral die boere aan te moedig om perskebome te plant, het hy perskeboompies in sy tuin gekweek en die boere daarvan voorsien. In 1936 het hy artritis in 'n baie erge graad ontwikkel en in Mei 1937 het hy daaraan beswyk. Ek was toe nog in Londen en kon dus nie die begrafnis bywoon nie. Ek kon darem my stiefmoeder opbel en haar verseker dat ek in die gees met haar en die res van die familie is.

'n Paar maande later het ek na Suid-Afrika teruggekeer om weer by die Oxford-groep se span aan te sluit, nadat ek eers my stiefmoeder en oudste suster, Charly, op 'n motorrit langs die tuinroete geneem het. In daardie dae het ons baie aandag aan die jeug gegee en kampe in verskillende dele van die land georganiseer. Verder het ek ook as hulpprediker in twee gemeentes opgetree. Eers in Graaff-Reinet. Ds. Berning Malan, 'n vriend van my wat saam met my op Kweekskool was, was die predikant op Graaff-Reinet. Toe hy 'n beroep na 'n ander gemeente aanneem, het hy my gevra om die werk in die gemeente waar te neem tot tyd en wyl hulle 'n ander predikant kry.

Die ander gemeente wat ek as hulpprediker bedien het, was Boksburg. Ds. James Louw was daar predikant. Sy moeder was 'n suster van oupa George Murray. Hy was uiters siek en op sy versoek het ek hom gaan help en by hom en sy gesin in die pastorie ingewoon.

Dit is waar ek vir Johanna Stolp, met wie ek later getroud is, ontmoet het. Sy het op Brakpan onderwys gegee en was 'n baie groot vriendin van Mima, een van ds. Louw se dogters. Sy het dikwels by die pastorie gekom, waar ek haar leer ken

en op haar verlief geraak het. Mima het vir haar Joey genoem, en toe het ek haar ook maar so genoem.

Een van my verantwoordelikhede was om gereeld dienste op Kempton Park te gaan hou. In daardie dae was dit een van die wyke van die Boksburg-gemeente en die dienste is in die laerskool se saal gehou. Vandag is Kempton Park 'n groot stad met ten minste vyf of ses NG Kerk-gemeentes.

Hoofstuk 6

# Die Tweede Wêreldoorlog

Terwyl ek op Boksburg was, is ds. Louw oorlede en moes ek al die begrafnisreëlings tref. Kort daarna het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en toe ds. Gert Koertze, wat die enigste kapelaan in die Suid-Afrikaanse Weermag was, my genader het om as as kapelaan aan te sluit, het ek duidelike leiding gehad om dit te doen. Ek het toe op Boksburg gebly totdat ek na Voortrekkerhoogte moes gaan om vir ds. Koertze te gaan help. Aan die begin van 1940 is ek as kapelaan oorgeplaas na die artilleriekamp op Potchefstroom. Dit was 'n nuwe kamp en daar was nog nie baie fasiliteite nie. Een van die dinge wat kortgekom het, was tennisbane en aangesien ek ook as sportoffisier aangestel is, het ek die taak aangepak om vier tennisbane daar te bou. 'n Paar van die beste tennisspelers in die land was daar as soldate in die kamp, sodat ons daar tennis van 'n baie hoë gehalte gehad het.

Ek het ook gehelp om gedurende die winter ons rugbyspan af te rig en soms ook met hulle saamgespeel. Toe 'n span vir die Wes-Transvaal gekies moes word, het die span meestal uit soldate van die kamp bestaan. Nic Bierman, 'n offisier in die kamp, wat ook lid van die 1931-Springboktoerspan was, was die kaptein. Kort voor die wedstryd teen Transvaal het hy siek geword, en is ek gevra om sy plek as kaptein te neem. Die gevolg was dat ek die res van die seisoen vir Wes-Transvaal gespeel het.

Terwyl ek in die kamp was, het ek vir my 'n tweedehandse tweesitplek "Chevvy" aangeskaf. Dit het my in staat gestel om vir Joey op Brakpan te gaan kuier. In die oë van haar prinsipaal, was Joey onmisbaar op sy personeel. Toe sy kennis gee van haar bedanking teen die einde van die derde kwartaal, wou hy dit nie aanvaar nie tensy ek hom persoonlik gaan sien, wat ek toe maar noodgewonge moes doen. Hy vertel my toe watter

wonderlike onderwyseres sy is en dat hy alleen vir haar sal laat gaan as ek haar sal waardeer en vir haar baie goed sal wees. Gedurende die kort vakansie, nadat sy bedank het, het ek vir haar by haar huis "De Rondavels" op Ermelo gaan kuier. Nadat ek haar ouers gevra en hulle my toestemming gegee het om met haar te trou, het ons verloof geraak en die datum van ons huwelik vasgestel vir die 28ste Desember 1940.

Joey se vader, mnr. Corrie Stolp, was 'n sakeman. Na die Boereoorlog, waarin hy een van die "Bittereinders" was, het hy en sy broer 'n algemene handelswinkel op Ermelo begin onder die naam van Stolp Gebroeders. Dit het ontwikkel tot die grootste winkel op Ermelo en 'n tak is selfs op Morgenzon



*George as kapelaan tydens die 2de Wêreldoorlog in Noord-Afrika.*

geopen. De Rondavels is 'n kilometer buitekant Ermelo geleë, waar mnr. Stolp ook op klein skaal geboer het. Daar het Joey, haar drie susters en een broer grootgeword. Hulle het geen ander tuiste geken nie. Die skool was heeltemal aan die ander kant van die dorp en hulle moes met kar en perde skool toe gaan. As hulle in die namiddag weer moes teruggaan vir sport, moes hulle maar te perd gery het. Joey sê hulle het eintlik maar op perde grootgeword.

Mnr. Stolp se broer is in 1918 gedurende die griep-epidemie oorlede. Daarna het hy maar alleen die besigheid behartig tot die jaar 1933, die jaar van die depressie. Omdat die boere, wat sy grootste kliënte was, altyd op skuld gekoop het en weens die depressie nie hulle skuld kon betaal nie, het hy besluit om maar die Stolp Gebroerdes aan 'n maatskappy te verkoop en 'n kontantwinkel te begin onder die naam van CS Bazaar. Eers in sy 78ste jaar het hy afgetree en die winkel verkoop aan sy bestuurder, mnr. Jan van Rooyen, vir wie hy van jongs af opgelei het.

Op die 28ste Desember 1940 is Joey en ek in die Moederkerk op Ermelo in die huwelik bevestig. Dr. Dio Moorrees het al die pad van Naboomspruit, waar hy predikant was, gekom om ons te trou. Die vorige nag het dit soveel gereën dat vriende van Johannesburg maar halfpad moes omdraai omdat die pad onbegaanbaar was. Dio self was ook opgehou en toe hy by die kerk op Ermelo kom, sien hy mense wat reeds by die deur uitkom! Hy dag hy was te laat, maar gelukkig was dit mense wat die troue, net voor ons s'n, bygewoon het. My strooijonker was Don Mackay en Joey se strooimeisies was haar suster Emma, my suster Frances en Mima Louw. Die onthaal na die diens, wat deur die Vroue-federasie gereël is, was in die stadsaal.

Die eerste nag van ons wittebroodsdae het ons op Standerton deurgebring. Daarna is ons na 'n gasteplaas êrens in die distrik van Harrismith waar ons 'n week gebly het. Gelukkig het ons 'n huis naby die Militêre Kamp op Potchefstroom te huur gekry, waar ons gewoon het, totdat ek saam met die 2de Divisie na die Noorde moes vertrek. Met 'n troepetrein is ons in Julie 1941 na 'n kamp in Pietermaritzburg, waar ons moes wag vir 'n skip om ons van Durban na Egipte te neem. Joey het 'n oom en tante in Pietermaritzburg gehad waar sy kon tuisgaan, en ek

Om dit vir die perde makliker te maak, het ons kinders oor die berg gestap en blomme gepluk. Dit was groot pret. Glentana is vandag 'n groot stranddorp, maar in daardie dae was daar net drie huise. Dit was die familiestrand van moeder se ouers, ds. en mev. George Murray. Hy was predikant op Outdshoorn en omdat moeder die oudste was van sestien kinders, was daar altyd 'n gewemel van ooms, tannies, neefs en niggies. Daardie vakansies is van my aangenaamste herhinneringe as kind. Maar op een van die vakansies het ook 'n tragedie plaasgevind. My suster, Marguerite, wat net na my gekom het, het een oggend skielik siek geword en gesterf voordat vader die dokter te perd in die hande kon kry.

Die laaste wat ek van Fraserburg kan onthou, is dat vader een van die eerste inwoners was wat 'n motor aangeskaf het, naamlik 'n model T-Ford. Eendag het die dokter, wat self nie 'n motor gehad het nie, vir hom gevra om hom met sy motor na 'n plaas te neem waar iemand ernstig siek was. Dit was al in die namidddag en voordat hulle die plaas kon bereik, het dit donker geword en moes die ligte aangesteek word. Primitief is die woord! Dit was gaslampe. Om die nodige gas te verkry moes water op "Carbide" in 'n houer gegooi word vanwaar die gas dan met pypies na die lampe gevoer is. Net toe vader die houer oopmaak en die water op die "Carbide" gooi, trek die dokter 'n vuurhoutjie om, soos hy gemeen het, vir vader lig te verskaf. Die gas het natuurlik ontplof en die lampe was nutteloos. Dit was naderhand so donker dat die dokter vooruit moes stap om die pad aan te wys.

Van Fraserburg is ons na Victoria-Wes, nog altyd in die Karoo. Dit was in 1914, kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Ek was tien jaar oud toe ons in Victoria-Wes aangekom het. Die dorp was tussen twee heuwels geleë en was min of meer in twee verdeel, die bo-dorp en die onder-dorp. Die meeste gegoede mense het in die bo-dorp gewoon en die armes in die onder-dorp. Vandag is dit nie meer so nie, want die uitbreiding het net in die onder-dorp plaasgevind. Die kerk het 'n vierkantige toring gehad en daar word vertel dat 'n vorige predikant, ds. Maeder, gedurende 'n groot droogte van bo-op die toring met 'n kanon na die wolke geskiet het!


Die pastorie was 'n groot huis met 'n lekker lang stoep wat

haar nog kon besoek. Vir oulaas het ons nog 'n rugbywedstryd in Pietermaritzburg tussen die Infanterie en die Artillerie gereël. As kapelaan van 'n artillerie-eenheid, het ek vir Artillerie gespeel. Omdat daar nie 'n gereelde stut was nie, is ek gevra om in die voorry te druk, waarvoor ek nie in oefening was nie. Gevolglik is my ribbekas in die tweede helfte erg beseer en moes ek die veld verlaat. Dit is ironies dat my heel eerste rugbybesering juis in die heel laaste wedstryd van my rugbyloopbaan plaasgevind het. 'n Paar dae daarna het ons in 'n konvooi van Durban vertrek, waar Joey, haar suster en swaer, Annafie en Johannes van Rooyen my kom afsien het. Ek moes nogal heelwat pyn op die seereis verduur.

Nadat ons in Egipte aangekom het, het ons kamp opgeslaan naby El Alamein, die eerste spoorwegstasie wes van Alexandrië. Daar is ons aangesê om loopgrawe te grawe. Daaroor was die soldate baie ontevrede. Hulle het aangesluit, so het hulle gesê, om te veg en nie om harde arbeid te verrig nie. Min het ons egter geweet dat daardie selfde loopgrawe, wat later deur Egiptiese ingenieurs met beton versterk is, die redding sou wees vir die Geallieerde Troepe. Meer hieroor later.

Die eintlike rede waaroor ons in die 2de Divisie nie onmiddellik na die oorlogsfront kon gaan nie, was omdat ons geen vervoer gehad het nie. Ek het darem 'n motorfiets, 'n Harley Davidson, in die hande gekry waarmee ek oor die weg kon kom om my manne te besoek. Vervoer het maande later eers gekom en toe is ons na Tobruk gestuur om die Australiërs af te los. Vir ons as veldpredikers was daar egter geen voertuie beskikbaar nie. Maar as gevolg van vorige gevegte was daar hier en daar in die woestyn verlate Britse of Duitse voertuie. So het ek ook op 'n dag op so 'n verlate bakkie afgekom en die werktuigkundige gekry om dit te ondersoek. Daar was nie te veel verkeerd nie en dit het hom nie baie lank geneem om weer die bakkie aan die gang te kry nie. Daarna het ek dit goed opgepas, want voertuie was maar baie skaars.

Intussen het ons 1ste Divisie in 'n geveg met die Duitsers slaags geraak by "Side Resek", waar een van hulle brigades gevange geneem is. Omdat die 1ste Divisie in die frontlinie geveg het, is deur die opperbevelhebbers besluit om die verlore brigade aan te vul met 'n brigade uit die 2de Divisie. Dit het die



*Nagmaal tydens die 2de Wêreldoorlog in Noord-Afrika.*

2de Divisie so verswak dat, toe die Duitsers later Tobruk aangeval het, die hele divisie na moedige weerstand, gevange geneem is. Gelukkig was ek 'n kapelaan van die brigade wat na die 1ste Divisie oorgeplaas is en het ek gevolglik die neerlaag by Tobruk vrygespring.

Intussen het 'n nuwe pantserdivisie, die 1ste Britse Pantserdivisie, in die stryd getree. Hulle is aangesê om die Duitsers wat teruggetrek het, te agtervolg. Die 2de Anti-tenk Regiment, waaraan ek verbonde was, is bygevoeg en so het ons saam met hulle opgeruk agter die Duitsers aan. Die Britse Intelligensiediens was blykbaar nie baie bekwaam nie, want intussen het die Duitsers versterkings gekry, omgedraai, en weer begin aanval.

Niksvermoedend, terwyl ons nog saam met die Britse troepe aan die optrek was, is ons amper deur hierdie Duitsers oorval en moes ons holderstebolder op die vlug slaan, 'n vlug wat berugtheid verwerf het as "The Gasala Gallop". Dit was op 'n Sondagnamiddag dat die terugtog begin het. Teen die aand kon ons nog die Duitse kanonne hoor skiet en dwardeur die nag is die vlug voortgesit, natuurlik sonder ligte. Daarom moes elke voertuig kort op die hakke van die een voor hom bly om nie in

die woestyn te verdwaal nie. Op 'n keer het die voertuig net voor myne so vinnig gestop, dat ek agter in hom vasgery het. Blykbaar het niks gebreek nie, want onmiddellik daarna is my swart lyfbediende wat saam met my in die bakkie was en ek, weer agter die ander aan. Maar ons het nie ver gery nie, toe gaan die enjin staan terwyl die res van die konvooi een vir een by ons verby jaag. Tot my onsteltenis ontdek ek toe dat een van die waterpype gebars het en al die water uitgelek het.

Wat nou gedoen? Daar staan ons in die middel van die woestyn, stoksiel-alleen met 'n stukkende voertuig. Daar was niks anders te doen as om te wag en te bid nie. Toe die dag breek, was die res van die konvooi al uit sig en was ons op ons eie toegewese. Terwyl ons nog so sit en wonder wat om te doen, sien ons in die verte 'n enkele voertuig aankom. Sou dit 'n vriend of vyand wees? Tot ons verbasing was dit die werktuigkundige van ons eie regiment wat ook agtergeraak het. Wonderbaarlik genoeg het hy 'n spaar waterpyp gehad en ek het 'n kan water gehad wat ek altyd in die woestyn saamgery het. As dít nie 'n bestiering van die Here was nie, dan weet ek nie! Toe ons weer aan die gang gekom het, het ons die rigting van die konvooi gevolg en dit was nie lank nie, of ons het nog voertuie gekry wat agtergebly het. Later was ons sowat sewe of agt voertuie bymekaar voordat ons met die res van die konvooi kon opvang. Teen daardie tyd het hulle reeds die teerpad bereik wat al langs die kus van Noord-Afrika geloop het.

Maar daar het nog 'n groter gevaar ons in die gesig gestaar, naamlik die Duitse vliegtuie. Ons het kop aan kop op die teerpad gery en wat was makliker vir die Duitsers as om laag oor die teerpad te vlieg en hulle masjiengewere oop te maak? Al wat ons kon doen was om, sodra ons die gedreun van die vliegtuie hoor, uit ons voertuie te spring en 'n end daarvan plat op die grond te gaan lê. So het ons geen lewensverlies gely nie, maar baie van die voertuie is natuurlik getref en buite werking gestel. Toe ek na weer so 'n aanval by my trokkie kom, vind ek dat drie van my bande getref is. Oral is voertuie verlaat, maar ek het nie kans gesien om myne te verlaat nie, want ek het dit met die grootste moeite in die hande gekry, en ek wis ek sou nie maklik weer een in die hande kry nie. My lyfbediende en ek besluit toe maar ons sal wag totdat dit donker is en die gevaar van lugaanvalle verby is. Dit het nie baie lank geneem om drie wiele van die verlate voertuie af te haal nie en binne 'n uur of

twee het ons weer by die konvooi aangesluit. Maar tot my ontsteltenis vind ek toe dat my rem glad nie werk nie. Elke keer as die voertuig voor my stop, moes ek van die pad af ry om nie teen hom te bots nie. Die dun pypie wat die olie na die remme voer, was ook deur 'n koeël getref.

Die volgende dag, toe ons naby Tobruk kom, wou ons brigadier weer by die 2de Divisie aansluit om Tobruk te help verdedig, maar die generaal van die 8ste Leër, van wie ons 'n afdeling was, wou glad nie daarvan hoor nie. Ons het streng bevel gekry om reguit na El Alamein terug te val. Al die eenhede van die 8ste Leër het dieselfde bevel gekry, omdat die opperbevel besluit het dat El Alamein die enigste plek was waar die verwoede aanval van die Duitsers, onder die bevel van generaal Rommel, gestuit sou kon word.

Dit is hier nodig om te verduidelik waarom El Alamein van so 'n groot, strategiese waarde was en waarom die 2de Divisie aangesê is om die loopgrawe daar te grawe. Die gevegte in Noord- Afrika tussen die Geallieerde Troepe en die Duitsers het almal plaasgevind in die strook woestyn tussen die Noord-Afrikaanse kus en die Kwatara-depressie. Die Kwatara-depressie was 'n diep en wye sloot of donga in die woestyn, wat nie deur voertuie of tenks deurkruis kon word nie. Om dus Egipte, met sy hoofstad in Kaïro te verower, moes die vyand by El Alamein, waar die afstand tussen die Kwatara-depressie en die kuslyn die nouste was, verbygaan. Daarom is die loopgrawe en ondergrondse versterkings juis daar aangebring - ingeval die Duitsers die oorhand oor die Geallieerde Troepe in die woestyn sou verkry, (wat dan toe ook gebeur het). Ongeveer twee of drie dae nadat die laaste Geallieerde Troepe El Alamein bereik het, het die voorste Duitse Troepe daar aangekom en dadelik die versterkings aangeval. Die Geallieerdes was egter so goed verskans, dat die aanval oneffektief was en net 'n paar dae geduur het.

'n Ander rede waarom die vyand se aanval so oneffektief was, was omdat hulle so ver van hulle basis af beweeg het en dus hulle voorrade honderde myle ver moes aanry. Toe hulle besef dat hulle gestuit is, het hulle besluit om eers hulle basis en voorrade nader te bring en hulle goed voor te berei vir 'n baie meer effektiewe aanval. Maar ook hierdie aanval, ongeveer twee maande na die eerste aanval, was tevergeefs. Hulle kon El

Alamein nie verower nie.

Dit is begryplik dat, na die debakel van die "Gasala Gallop" en die terugtog na El Alamein, die laaste vesting van die Geallieerdes, die moraal van die troepe van die 8ste Leër maar taamlik laag was. Geen wonder dat een soldaat gesê het: "As ons moet terugval tot by El Alamein van waar ons begin het, kan ons maar net sowel die oorlog opgee". Iets drasties moes gedoen word. Die man in bevel van die 8ste Leër, generaal Ritchie, is uit sy pos verwyder en generaal Montgomery is in sy plek aangestel. Met sy sjarme en bekwaamheid, het hy spoedig die vertroue van die offisiere en manskappe gewen. Hy het al die eenhede persoonlik besoek om met hulle kennis te maak en so vertroue ingeboesem. Volgens betroubare inligting het hy die aanstelling as bevelvoerder van die 8ste Leër aanvaar op voorwaarde dat aan die 8ste Leër prioriteit gegee word, wat die voorsiening van wapentuig, veral tenks betref. Dit is ook presies wat gebeur het.

Die periode voor die groot slag van El Alamein, was maande van intensiewe voorbereiding, nie alleen op militêre gebied nie, maar ook op geestelike gebied. Ons was almal bewus van die belangrikheid van die situasie: dat wat by El Alamein gebeur deurslaggewend sou wees. Ek persoonlik het elke oggend saam met 'n groepie soldate stiltetyd gehou en ek dink ons as veldpredikers was almal diep onder die indruk dat geestelike paraatheid van die offisiere en manskappe absoluut essensieël was om 'n oorwinning te verseker.

Na my mening is dit ook presies wat gebeur het. Die dag voor die slag van El Alamein, wat die aand om 8-uur begin het, was vir my die uitstaande belewenis van die oorlog. Terwyl ek gedurende dié dag onder die troepe beweeg het, was ek bewus van God se teenwoordigheid en ek is seker hulle was ook daarvan bewus. Almal was blymoedig en opgeruimd en as ek nie geweet het dat daardie aand 'n geveg van lewe en dood sou losbars nie, sou ek gesê het die manne was besig om hulle vir 'n groot geselligheid voor te berei. Met so 'n motivering het 'n mens gevoel die oorwinning is verseker. Waar ek groepies bymekaar kon kry, was hulle maar al te gereed om saam te sing en te bid en hulle aan die sorg van God toe te vertrou.

Presies om 8 uur die aand van 23 Oktober 1942, het die geveg

begin met 'n oorverdowende kanonvuur deur al die Geallieerdes se kanonne, die grootste kanonaanslag in die geskiedenis van oorlogvoering tot op daardie datum. Tegelykertyd het die Infanterie reggestaan om 'n aanval op die Duitse stellings te loods net sodra die kanonvuur begin. Hulle moes die pad baan om dit vir die ingenieurs moontlik te maak om 'n pad deur die mynvelde tussen ons en die Duitsers skoon te maak, sodat ons tenks uiteindelik kon deurgaan om met die Duitse tenks slaags te raak.

Die kanonvuur was juis só gerig dat dit eerstens die Infanterie en die ingenieurs kon beskerm, en tweedens om dit vir die Duitsers so moeilik en gevaarlik moontlik te maak om hulle by te kom. Generaal Montgomery was vol vertroue dat hy die oorhand oor die Duitse tenks sou kry as sy tenks net deur die mynvelde kon kom. Die stryd om hierdie deurgang te bewerkstellig, het byna tien dae geduur en het baie lewens gekos, maar toe ons tenks eers deur is, het dit nie lank geneem om die Duitse tenks te oorrompel nie, sodat hulle op die vlug moes slaan. Toe generaal Rommel besef dat sy tenks die onderspit gedelf het, het hy sy troepe beveel om pad te gee.

By verreweg die meerderheid van die vyand se Infanterie was Italianers. Die Duitsers het beheer gehad oor al die voertuie en toe hulle padgegee het, het hulle die Italianers sonder vervoer agtergelaat. Daar was vir hulle dus niks anders om te doen as om hulleself oor te gee nie, wat 'n geweldige probleem vir die Geallieerdes geskep het, wat nou duisende Italiaanse troepe moes huisves en kos gee. Later is hulle na verskillende lande verskeep, onder andere ook na Suid-Afrika.

Daar bestaan geen twyfel dat die slag van El Alamein 'n keerpunt in die verloop van die Tweede Wêreldoorlog was nie. Tot op daardie datum het die Duitsers die oorhand gehad. Vir ons as veldpredikers was dit 'n baie besige tyd solank soos die slag van El Alamein geduur het. Die draers met draagbare het die gewondes na die voorste mediese punte geneem waar hulle eerstehulp gekry het en waar daar ook altyd 'n veldprediker moes wees. Vandaar het ambulanse hulle na 'n ondergrondse kliniek gebring, waar dokters en verpleegsters hulle ondersoek en behandel het. Dié wat die reis kon staan, is per ambulans na 'n hospitaal in Alexandrië geneem. Op ernstige gevalle is noodoperasies uitgevoer en hulle is versorg totdat hulle ook na

die hospitaal geneem kon word. In die ondergrondse kliniek moes daar ook altyd veldpredikers wees om die gewondes te bemoedig, saam met hulle te bid en om gereed te wees as iemand 'n boodskap aan sy ouers wou stuur. Die gesneuweldes moes natuurlik ook so gou as moontlik begrawe word.

'n Deel van die 8ste Leër het die Duitsers na hulle neerlaag agterna gesit. Generaal Rommel het nie kans gesien om weer êrens in Noord- Afrika 'n verdedigingstelling in te neem nie, en het sy troepe bevel gegee om terug te trek na Sisilië en daar stelling in te neem.

Intussen is die hele Suid-Afrikaanse 1ste Divisie, wat net uit infanterie met die nodige artillerie, bestaan het, uit die 8ste Leër onttrek met die gedagte om dit in 'n pantserdivisie te verander. In die veldtog in Italië sou infanterie oorbodig wees. Ons is almal na Suid-Afrika teruggestuur waar die 6de Pantserdivisie gevorm sou word. Dit was aangenaam om weer in Suid-Afrika terug te wees. Joey was op Ermelo by haar ouers waar ek by haar aangesluit het. Ons het die geleentheid waargeneem om met ons "Chevvy" Kaap toe te gaan, om haar by sommige van my familie bekend te stel, onder andere by my stiefmoeder wat in Durbanville gewoon het en by ouma Murray, Tant Cecile en Tant Katie in Somerset-Wes.

Na twee maande was die 6de Pantser Divisie, onder bevel van generaal Poole, gereed om te vertrek terug na Egipte. Ons is weer na 'n kamp in Pietermaritzburg om vir die skip te wag wat van Durban sou vertrek. Joey was ook weer by haar oom en tante tuis, sodat ons heelwat van mekaar kon sien. Op 'n sekere aand is ek terug na die kamp met die belofte om haar weer die volgende dag te sien, 'n belofte wat ek nie in staat was om uit te voer nie. Die volgende oggend vroeg is ons aangesê om gereed te maak om die trein na Durban te haal en ons is verbied om enigiemand, selfs nie ons familie nie, daarvan te verwittig. Daar was altyd die gevaar dat die vyand te hore mag kom dat 'n skip vol soldate op pad is na die oorlogsfront en dit met 'n duikboot kon voorlê. So is ek die dag daar weg sonder die geleentheid om vir Joey te groet. Sy het my later vertel wat alles deur haar gemoed gegaan het toe sy agterkom dat sy my vir 'n baie lang tyd, miskien nooit weer sou sien nie.

Hierdie keer het ons met 'n enkele skip, die "Nuwe Amsterdam", die seereis na Egipte aangepak. Ons het veilig daar aangekom en is reguit na 'n militêre kamp in die woestyn met die naam van Khatatba. Dit is waar ons troepe hulle opleiding in die hantering van tenks moes kry en dit sou ons tuiste vir die volgende nege maande wees.

Omdat die hele divisie in een area gekonsentreer was, was dit moontlik om gereelde dienste en katkisasieklasse te hou, en kon ons as veldpredikers so nou en dan bymekaar kom om ons werk te bespreek. As senior veldprediker was ek verbonde aan die divisie-hoofkwatier en was dus in noue kontak met die generaal en die ander senior offisiere. Vir afleiding het ons meestal hokkie gespeel en daar het ek ook geleer om skaak te speel deur te kyk hoe ander speel. Een van ons veldpredikers was 'n Joodse Rabbi. Terwyl ons in Khatatba was, het hy 'n toer na Israel vir ons as veldpredikers gereël. Dit was eintlik in die vorm van 'n kursus en ons het baie interessante lesings gekry oor die geskiedenis van Palestina en die Jode. Ons is ook op toere geneem om die voetspore van Jesus te volg, veral in Galilea en in Jerusalem. Een keer het ons in die Dooie See gaan swem en het ek ondervind hoe dit voel om doodstil op jou rug in die water te kan lê.

Teen die einde van die verblyf in Khatatba het generaal Poole my eendag laat roep. Daar het 'n boodskap gekom van ds. Coertze van Voortrekkerhoogte dat Joey baie siek was weens haar swangerskap en dat die dokter versoek het dat ek verlof moes kry om huis toe te gaan. Die volgende dag is ek met 'n Dakota-vliegtuig weg, wat vier dae geneem het om in Pretoria te kom. Daar het Joey se broer Corrie, my kom haal en na Ermelo geneem. Sy was baie swak en die dokters het gevrees dat sy nie die nodige krag vir die geboorte nie sou hê, maar alles het goed afgeloop en op 9 Januarie 1944 is ons eerste dogter gebore. Ons het haar na haar ouma Stolp, Johanna Charlotte, vernoem, maar besluit om haar Charlotte te noem. Ek het toe nog 'n maand verlof gehad voordat ek weer met 'n Dakota terug is en by ons troepe in Italië aangesluit het.

Nadat die Duitsers uit Sisilië moes padgee, het hulle stelling ingeneem by Monte Casino en hulle hoofkwatiere in 'n klooster gemaak. Daar het verwoede gevegte plaasgevind, veral tussen die Nieu-Seelanders en die Duitsers wat weke lank geduur het en

was die meeste van hulle werkloos. Ek is toe na Florence, waar ek sonder veel moeite 'n aantal musikante en sangers kon bespreek om op Ou-Kersaand na Castigleone te kom om die troepe te kom trakteer. Ek moes self na Florence gaan om hulle te gaan haal, want weens die oorlog het hulle geen vervoer gehad nie. Florence was ongeveer 60 myl van Castigleone.

Om daar te kom moes ek teen die berg af, oor 'n sneeubedekte pas, wat 'n mens nie sonder sneeukettings kon aandurf nie, veral nie wanneer jy op die terugreis die berg moes opgaan nie. Die konsert was 'n reuse sukses. Musiek en sang uit die boonste rakke is gelewer, verversings is verskaf en ons het selfs 'n mate van verwarming aangebring deur 'n klompie konkas, met kole vuur daarin, in die saal rond neer te sit. Die Kersfees-atmosfeer het nie ontbreek nie en die manskappe het dit terdeë geniet.

As betaling het ons die musikante 'n goeie vooraad blikkieskos gegee, wat vir hulle eintlik meer werd was as geld, want voedsel was daardie tyd maar baie skaars in Italië. Omtrent middernag is ons weer terug na Florence. Dit was egter na 3-uur dié nag voordat ek weer tuis was.

Vroeg in April, nadat die sneeu gesmelt het, is die aanslag teen die Duitse vestings van stapel gestuur. Dit was 'n reuse taak. Die Duitsers was bo in die berge ingegrawe en ons troepe moes teen die berge op om die vyand uit hulle skuilings uit te drywe. Gelukkig het die Geallieerde Lugmag teen daardie tyd die oormag oor die Duitse lugmag gehad en kon ons dus die Duitse stellings met min weerstand bombardeer. Sonder die hulp van die lugmag sou dit seker nie moontlik gewees het om die Duitsers in hulle ingegrawe posisies so hoog in die berge uit te drywe nie. By die Po-rivier het die Duitse magte vir oulaas nog probeer om die aanslag van die Geallieerdes te stuit, maar dit was te vergeefs. Teen die einde van Mei, 1945 het die Duitse opperbevel besluit om oor te gee en so het die oorlog in Italië tot 'n einde gekom, ongeveer 'n maand voor die kapitulering van die Duitse magte in Duitsland.

Dit was vir ons almal 'n groot verligting toe die oorlog verby is en daar weer vrede gekom het. 'n Paar van ons as veldpredikers het die kans waargeneem om op 'n toer te gaan deur die Dolomitiese Alpe in Tirool. Asemrowende mooi tonele het ons

daar begroet. Elke nag het ons by een of ander boerdery geslaap, meestal op 'n hoop strooi in 'n skuur. Ons het 'n groot hoeveelheid militêre rantsoene met ons saamgeneem en oral waar ons oornag het, het ons aan die boere van ons rantsoene uitgedeel en was hulle maar te gewillig om vir hulleself en ons 'n maaltyd voor te berei. Onder andere het ons ook Venesië op die toer besoek.

Toe die oorlog verby is, was almal maar te gretig om so gou moontlik weer huis toe te gaan. Maar ongelukkig was dit nie moontlik nie, want vervoer was nie beskikbaar nie. Ons was natuurlik heeltemal afhanklik van Britse skepe om ons na Suid-Afrika terug te neem. Dit sou nog ten minste agt maande duur voordat ons kon wegkom. Die vraag was hoe om die beste gebruik te maak van die tyd. As senior het ek 'n byeenkoms van die veldpredikers belê om die saak te bespreek. Ons het besluit om 'n skool te organiseer vir morele en geestelike opleiding en dit genoem: "School of Religion for Spiritual Leadership". Die gedagte was om elke week 'n kursus aan te bied en die manskappe te nooi om dit by te woon. Ek het die plan aan die generaal voorgelê, wat dit goedgekeur het, sodat ons 'n offisiële eenheid van die divisie geword het. Die volgende kwessie was om die nodige akkommodasie te vind waar ons die skool aan die gang kon kry. So het Fred Rea, een van ons veldpredikers, en ek in die pad geval om 'n plek te soek. Ons het al langs die Como-meer in Noord-Italië gery, totdat ons by 'n dorpie met die naam van Cadenabbia gekom het. Daar hoor ons toe van 'n groot huis wat aan een van Mussolini se ministers, wat saam met hom doodgemaak is, behoort het. Ons het die huis, met die naam Bonaventura, wat in 'n pragtige groot tuin aan die oewer van die meer geleë was, gaan besigtig. Dit het heeltemal leeg gestaan en ons het onmiddellik by die outoriteite van die 8ste Leër gaan aansoek doen om dit te beset. Daar was eers onsekerheid of ons dit kon kry, want een of ander Amerikaanse eenheid wou dit ook gehad het. Maar uiteindelik is dit aan ons toegesê, omdat ons eerste daarvoor aansoek gedoen het. Die huis was pragtig gemeubileerd. Ons het toe al die meubels in een kamer gepak en toegesluit en aansoek gedoen vir stapelbeddens wat bo-op mekaar is. Op die manier kon ons toe tot tagtig manne huisves.

Die volgende stap was om die verskillende eenhede te laat weet van die kursusse wat ons aanbied en te vra dat dit aan die

noord gekyk het met ses slaapkamers. Agter die huis was 'n groot agterplaas wat vroeër glo 'n tennisbaan was, maar met gruis bedek was toe ons daar gekom het. Dit was ons speelterrein waar al die straat se kinders byna elke namiddag vergader het vir rugby, blik-aspaai, kennetjie en albaster. Aan die noordekant is die groot tuin en die huis van mekaar geskei deur Pastoriestraat. Vader was baie lief vir tuinmaak en dit was nie lank nie of hy het baie meer vrugte, veral druiwe en groente geproduseer as wat ons kon gebruik. Dit het vir moeder, wat maar altyd graag vir ander mense wou help, die geleentheid gegee om die armstes van vrugte en groente te voorsien. Maar hoe om dit tog by hulle te kry? Die oplossing was om vir my broer *Alec* en myself 'n waentjie te kry en ons dan elke Saterdag, met die waentjie vol groente en vrugte, na die onderdorp te stuur. Omdat daar so baie druiwe was, was ons as kinders toegelaat om self druiwe te pluk en te eet. Maar wat die ander vrugte, veral perskes, betref moes ons vader se verlof kry om dit te pluk. Dit het natuurlik soms gebeur dat wanneer ek gevoel het 'n perske is ryp, ek hom "per ongeluk" van die boom laat val en dan gou opgeëet het.

Die pastorie het drie waterbeurte 'n week gehad om die tuin nat te lei. Die water, wat in 'n sloot agter die huis verbygeloop het, moes afgekeer word na 'n dam wat vir die doel gemaak is. Een van dié beurte was in die middel van die nag, en dit was my en my broer se verantwoordelikheid om te sorg dat die water gereeld afgekeer word. Dit het nogal soms gebeur dat die dam in die nag oorgeloop het, dan moes ons maar die tuin natlei om nie water te mors nie.

Later het vader 'n windpomp in die agterplaas laat opsit en 'n dam laat bou wat ons as 'n swembad kon gebruik. In die agterplaas was daar ook twee groot moerbeibome. As die moerbeie ryp geword het, was dit groot pret! Ons het dan ons swemklere aangetrek, in die bome geklim en moerbeie gepluk en mekaar behoorlik besmeer. Dan het ons in die dam gaan swem en gewas. In die somer kon Victoria-Wes maar kwaai warm word, ook snags. Dan het moeder ons toegelaat om ons beddens uit te dra en agter die huis onder die sterrehemel te slaap. Selfs as daar van ons maats gekuier het, het hulle ook saam met ons buitekant geslaap. In die druiwetyd het ons soggens vroeg, voor die son opgekom het, in ons pajamas tuin toe gegaan om elkeen 'n tros druiwe te pluk wat ons dan in die

In Januarie 1946 is ek terug na Suid-Afrika, hierdie keer weer in 'n Dakota. Joey het nog altyd by haar ouers op Ermelo gebly saam met Charlotte wat toe al twee jaar oud was. Nadat ek uit die leër ontslaan is, is Joey, Charlotte en ek op 'n drie weke-vakansie na Umhlanga Rocks op die Noordkus van Natal. In die begin was Charlotte maar sku vir my en kon glad nie verstaan waarom die vreemde man saam met haar ma is nie. Maar ons het gou vriende gemaak en 'n heerlike vakansie saam deurgebring.

Hoofstuk 7

# Morele Herbewapening



*Caux Palace Hotel, Switserland, wat die hoofkwartiere van Morele Herbewapening is.*

Terwyl ek nog in Egipte was, het ek 'n beroep na Grahamstad ontvang. Ek het aan die kerkraad geskrywe om hulle te bedank vir die beroep, maar gevra vir uitstel om te antwoord totdat ek terug is in Suid-Afrika. Na ons vakansie wou ek graag met my vorige spanmaats van die Oxford-groep bymekaar kom om saam leiding te kry in verband met die beroep, maar tot my ontsteltenis het die meeste van hulle afstand van die groep gedoen en wat hulle genoem het, "The New Team" gevorm. Aangesien ons geen kontak met hulle gehad het nie, het Joey en ek besef dat ons op ons eie saam met die Here sal moet besluit. Ons het dit 'n saak van gebed gemaak en dit het vir ons duidelik geword dat dit die Here se wil is om die beroep aan te neem. So is ons in Februarie 1946 na Grahamstad.

Toe ons meubels en ander besittings in Grahamstad aankom, was dit 'n eienaardige ondervinding om vir die eerste maal ons troupresente te kon uitpak en te besef dat sommige van wie ons presente ontvang het, reeds oorlede was. Dit was heerlik om ook weer 'n eie huis te hê en bymekaar te wees. Gedurende die eerste vyf jaar van ons getroude lewe, was ons net elf maande bymekaar.

Ons was baie gelukkig in Grahamstad en het gou tuisgevoel. Dit was vir ons 'n teleurstelling dat ons nie meer kontak met die Oxford-groep (nou "Morele Herbewapening") gehad het nie, maar in die oortuiging dat God ons na Grahamstad geroep het, het ons al ons gewig in die werk van ons gemeente gegooi. Maar ons sou gou uitvind dat ons vriende in "Morele Herbewapening" ons nie vergeet het nie. Mense wil graag weet waaarom die naam "Oxford-groep" verander het na "Morele Herbewapening". In 1938 het dr. Frank Buchman sestig jaar oud geword. Op daardie dag het die Oxford-groep spesiaal 'n groot vergadering in Londen gereël en hom gevra om dit te kom toespreek. Sy tema was Geestelike en Morele Herbewapening. Hy vertel toe dat hy net kort tevore 'n vakansie in die Swart Woud in Duitsland deurgebring het. Een dag op 'n uitstappie in die



*George en Joey saam met vriende bo-op die berg by Caux in Switserland.*

woud, kon hy maar net nie die ernstige situasie in Europa uit sy gedagte kry nie. Duitsland veral, maar ook sommige van die geallieerde lande was besig om hulle te bewapen in geval van oorlog. Toe hy so daaroor nadink, was dit asof die Here vir hom sê: Wat nodig is vir Europa is nie oorlogwapens nie, maar 'n beweging van geestelike en morele herbewapening. Van toe af is die naam Oxford-groep vervang deur Morele Herbewapening (MHB).

Vroeg in 1947 het drie van die voltydse werkers van MHB in Brittanje, besluit om na Suid-Afrika te kom vir hulle gesondheid. Hulle was Charles Burns van Skotland (wat van 'n perd geval en sy rug erg beseer het), Andrew Strang ook van Skotland (wat jare lank in 'n krygsgevangenekamp in Duitsland deurgebring het) en Pat Foss, 'n vlieënier wat byna 'n senu-ineenstorting gehad het na al die bomaanvalle wat hy op Duitse stellings moes uitvoer. Hoe hulle ook al moeite gedoen het om vervoer na Suid-Afrika te kry, kon hulle nie daarin slaag nie. Alle pogings was tevergeefs. Nêrens kon hulle geholpe raak nie en in desperaatheid het hulle besluit die enigste uitweg is om hulle eie vliegtuig te koop.

Dit is toe presies wat hulle gedoen het en 'n vier-sitplekvliegtuig aangeskaf. Die vierde sitplek het hulle as bagasieruim gebruik. Dit het hulle meer as 'n maand geneem om van Londen na Pretoria te vlieg, maar hulle het darem ook besoeke in ander dele van Afrika afgelê. In Pretoria het hulle verneem dat ons in Grahamstad was. Hulle het ons laat weet dat hulle ons graag wil besoek. Nie lank daarna nie het hulle opgedaag. Hulle koms het nuwe belangstelling in ons opgewek, veral nadat hulle ons vertel het van die aankoop van die Palace-hotel in Caux, Switserland. Gedurende die oorlog is die hotel gebruik vir vlugtelinge. Hulle het die hotel so verniel dat die eienaar na die oorlog besluit het om dit te verkoop. 'n Maatskappy, wat dit wou sloop ter wille van die materiaal, wat op daardie tydstip baie skaars was, het 'n opsie op die hotel gehad. Net in daardie tyd was die Switserse span van Morele Herbewapening (MHB) juis op die uitkyk na 'n geskikte plek om konferensies te hou. Uit dankbaarheid dat Switserland gespaar was van die verwoesting wat ander lande gedurende die Tweede Wêreldoorlog ondergaan het, wou die Switserse span 'n konferensiesentrum tot stand bring waar vorige vyande, deur geestelike vernuwing, weer vriende kon word en so kon bydra

tot die opbou van 'n nuwe verenigde Europa.

Die drie vriende van ons het hierdie eerste konferensie in Caux die vorige jaar bygewoon. Wat hulle ons vertel het van die gees wat daar geheers het, en die wonderwerke wat in die lewens van mense plaasgevind het, het ons so geweldig geboei datm by ons ook die begeerte opgewek is om self die volgende konferensie by te woon. Nadat ons duidelike leiding gehad het dat dit reg was om te gaan, het ons die kerkraad om verlof gevra, wat hulle geredelik toegestaan het. Voorsiening moes ook gemaak word vir Charlotte terwyl ons weg is. Ons het Joey se ouers genader en hulle was gewillig om haar op te pas. Die bonus wat ek gekry het, nadat ek uit die leër ontslaan is, sou baie help om ons vliegkaartjies te betaal, maar was nie heeltemal genoeg nie. Was dit nie vir die bydraes wat ons van sommige van ons vriende gekry het nie, sou ons nie in staat gewees het om te gaan nie. So is ons vroeg in Julie 1947 per vliegtuig na Genève.

In daardie jare kon vliegtuie nog nie snags vlieg nie, met die gevolg dat ons twee nagte op die grond moes deurbring, die eerste nag in Leopoldville, nou Kinsasha in Zaïre, en die tweede nag in Tripoli, hoofstad van Tunisië. Ons was op 'n KLM-vlug wat na regte direk na Amsterdam moes vlieg, maar toe mnr. Driessen, 'n hoë beampte by KLM, hoor dat ons op die vlug is en dat Joey so erg lugsiek was, het hy verlof gegee dat die vliegtuig in Genève kan land. Daar het van ons vriende ons ontmoet en ons per motor na Caux geneem.

'n Konferensie by Caux is heeltemal anders as meeste ander konferensies. Mountain House, die vorige Palace-hotel, is nie soos 'n hotel ingerig met baie bediendes nie. Dit is meer soos 'n groot familie wat saam woon en saam werk. Elkeen doen sy deel en alles word in spanwerk gedoen. Daar is spanne wat kook, spanne wat bedien, spanne wat opwas, 'n span wat sorg vir tee en 'n span wat vir die kamers verantwoordelik is. Ook wat die vergaderings betref, was daar spanwerk. Mense word nie vooraf gevra om toesprake oor sekere onderwerpe voor te berei nie. By elke vergadering is daar altyd 'n aantal sprekers, soms tot tien of twaalf. Hulle lewer nie toesprake nie, maar getuienisse van wat in hulle lewens gebeur het toe hulle hulleself aan God oorgegee het en wat die uitwerking daarvan op hulle gesins- en openbare lewe is.

Die spesifieke doel van die konferensies by Caux is om mense te help om nie net alleen God se wil vir hulle lewens te vind nie, maar ook om hulleself beskikbaar te stel om deur God gebruik te word om sy plan vir die wêreld uit te voer. Om dit nog duideliker by mense tuis te bring, is gebruik gemaak van toneelstukke, films en video's waarin uitgebeeld word wat gebeur wanneer mense verander. Wat miskien nog belangriker as die vergaderings en vertonings was, was die persoonlike gesprekke wat tussen mense gevoer is. Daarom is almal aangemoedig om die geleentheid te gebruik om soveel mense as moontlik te leer ken en van mekaar te leer.

Die konferensie van 1947 wat Joey en ek bygewoon het was van geskiedkundige betekenis. 'n Franse dame, mev. Irène Laure, die leier van die Sosialistiese vroue in Frankryk, het besluit om die konferensie in Caux by te woon. Dié vroue het 'n groot rol gespeel in die ondergrondse beweging gedurende die Duitse besetting van Frankryk. Mev Laure was ook onder die eerste vroue wat na die oorlog lid van die Franse Parlement geword het.

Sy was net 'n paar dae daar, toe 150 afgevaardigdes uit Duitsland, daar aankom. Hulle was die eerste Duitsers wat na die 2de Wêreldoorlog toegelaat was om hulle land te verlaat. Dit was vir haar te veel. Sy het nie kans gesien om saam met Duitsers onder dieselfde dak te bly nie. Gedurende die Duitse besetting het die Gestapo haar seun in haar teenwoordigheid gemartel om inligting in verband met die Franse ondergrondse beweging uit haar te kry. Dit en ander gebeure het in haar so 'n wrok en haat teen die Duitsers opgewek dat sy, volgens haar eie woorde, gewens het dat Duitsland totaal vernietig moes word. Sy besluit toe om Caux te verlaat en haar tasse te gaan pak. Op pad uit ontmoet sy vir dr. Buchman en op sy vraag waarheen sy op pad is, vertel sy hom waarom sy nie langer kans sien om daar te bly nie. Hy vra haar toe of sy dink dat dit ooit moontlik is om 'n verenigde Europa te bou sonder die Duitsers. As 'n sosialis, het die gedagte haar diep getref en sy belowe toe vir dr. Buchman om daaroor te gaan nadink. Vir drie dae en nagte het sy met die probleem geworstel. Toe gebeur daar 'n wonderwerk: God het die haat en wrok wat sy teenoor die Duitsers gevoel het, totaal uit haar lewe verwyder .

Joey en ek was in die vergadering die oggend toe sy op die

verhoog verskyn het. Sy het vertel van die verskriklike haat wat sy teenoor die Duitsers gekoester het as gevolg van die mishandeling waaraan hulle haar onderwerp het, en hoe sy die konferensie wou verlaat toe die Duitse afvaardiging in Caux opgedaag het. Maar toe vertel sy van die worsteling wat sy die afgelope drie dae en nagte deurgemaak het en hoedat God haar vrygemaak het van die haat. Daar was 'n doodse stilte in die saal sodat 'n mens 'n speld kon hoor val toe Irène Laure vir die Duitsers om verskoning vra dat sy hulle so gehaat het. Toe staan een van die Duitse dames op, gaan na die verhoog en strek haar hand uit na mev. Laure. Later het sy gesê, toe sy die hand van die Duitse dame geskud het, het sy geweet dat God haar ook vergewe het.

Daarna het mev. Laure huistoe gegaan om haar man te gaan haal om ook die konferensie by te woon. Hy was 'n oortuigde Marxis en 'n ongelowige, maar as gevolg van die verandering in sy vrou se lewe, het hy ook tot geloof gekom. Saam het hulle toe na Duitsland gegaan. Haar oortuiging was dat sy ook die Duitse volk om vergifnis moes vra omdat sy hulle so gehaat het en dat sy gewens het dat die hele land verwoes moes word. So het hulle die wetgewende vergaderings van elke staat, behalwe een, toegespreek en hulle om vergifnis gevra. Agterna het kanselier Adenauer gesê dat hulle meer as enigiemand anders gedoen het om die versoening tussen Duitsland en Frankryk te bewerkstellig. Vir die res van haar lewe het Irène Laure die wêreld deurkruis om oral die boodskap van versoening en vergifnis aan mense en volkere te bring.

Die konferensie het vir Joey en my ontsaglik baie beteken en ons is met nuwe toewyding en ywer terug na Grahamstad. Een van die eerste take wat vir my in die gemeente gewag het, was om 'n kerk te bou. Grahamstad was van huis uit 'n Engelssprekende gemeenskap. Meeste van die 1820 Setlaars het hulle in daardie omgewing gevestig. Die Afrikaanse gemeenskap was maar klein en arm. Dus vandat die NG-Gemeente gestig is, was dit 'n hulpbehoewende gemeente. 'n Saal wat aand die "Odd Fellows" behoort het, is aangekoop om te dien as kerk. Vir jare lank het gemeentelede bygedra tot 'n boufonds vir 'n kerkgebou, en nadat ek 'n paar jaar daar was, het die kerkraad besluit om met die bouwerk te begin. 'n Bekende argitek het gratis 'n plan opgetrek en 'n bouaannemer van Boksburg het die kerk gebou teen 'n koste van £30 000. Dit was 'n groot dag in die

geskiedenis van die gemeente toe die kerk ingewy is. Intussen het die gemeente ook so gegroei dat die kerkraad besluit het om 'n tweede predikant te beroep en so het ds. Danie Rabie van Vorentoe, 'n persoonlike vriend van my, na Grahamstad gekom. Hy het maar iets meer as drie jaar daar gebly toe hy na Port Elizabeth en later na Rondebosch-gemeente is. Hy was altyd baie lief vir visvang en op 'n goeie dag toe hy en sy seun weer êrens van die rotse af visgevang het, het 'n onverwagte brander hom van die rots afgeslaan sodat hy op sy kop te lande gekom het. Sy nek is beskadig met die gevolg dat hy totaal verlam is. Sy verstand het helder gebly, sodat hy kon lees en alhoewel hy probeer het om te praat, was dit byna onmoontlik om te verstaan wat hy wou sê. Hy is in Oktober 1987 oorlede, meer as twintig jaar na sy ongeluk.

Grahamstad was altyd en is nog 'n belangrike opvoedingssentrum. In ons dae was daar behalwe Rhodes Universiteit, 'n opleidingskollege vir dames, 'n Katolieke, Anglikaanse en Metodiste privaathoërskool en ook departementele Engelsmedium Seuns- en Meisieshoërskole, afgesien van al die primêre skole. Daar was geen Afrikaans-mediumskool nie. Daar was 'n dubbelmedium-primêreskool in die agterbuurt, die enigste skool waar Afrikaans as medium gebruik is.

Die meeste gegoede Afrikaners het hulle kinders na die Engels-medium departmentele skole gestuur, maar ons het besluit om vir Charlotte na die dubbelmedium-skool te stuur, omdat ons oortuig was dat dit belangrik is om haar opvoeding in haar moedertaal te begin. Sy was baie gelukkig daar en het 'n baie goeie onderwyseres gehad. Ons was nooit spyt dat ons haar daarheen gestuur het nie.

Maar ons Afrikaanssprekende vriende het gevoel ons kan nie die saak so laat nie. 'n Groot vergadering is belê en die Direkteur van Onderwys in die Kaapprovinsie is genooi om die vergadering toe te spreek en ons met raad te bedien. Eenparig is besluit om die Skoolraad te versoek dat 'n Afrikaansmedium-skool in Grahamstad opgerig sal word. Ek was destyds voorsitter van die Skoolraad en dit is toe in beginsel goedgekeur. Nadat die versoek na die Departement van Onderwys gestuur is, het die Departement dit goedgekeur, mits ons 'n geskikte perseel kon kry waar so 'n skool gebou kon

word. Die Skoolraad het die Stadsraad daaroor genader, maar die Stadsraad het die versoek geweier, omdat die meerderheid teen die oprigting van 'n Afrikaansmedium-skool was. Dit het 'n bitter stryd ontketen wat vir jare aangehou het. Uiteindelik het die Stadsraad toegegee, maar die perseel wat hulle aan die Skoolraad aangebied het, was onaanvaarbaar, omdat dit in 'n ongewenste deel van die stad geleë was. Daar was destyds 'n stuk grond met 'n pragtige uitsig oor die stad wat vir opvoedkundige doeleindes bestemd was, en waaroor die Departement van Onderwys seggingskap gehad het. Toe hulle besef dat die Skoolraad geen vordering met die Stadsraad kon maak nie, het hulle bogenoemde perseel aan die Skoolraad oorhandig met die instruksies dat daar 'n Afrikaansmedium-skool opgerig sal word. Dit het toe gebeur en 'n skool is daar gebou wat niks agteruit gestaan het vir enige van die ander skole nie.

Terwyl ons in Grahamstad was, het ons nog twee dogters ryker geword, Marie-Louise en Suzan, respektiewelik in 1949 en 1951 gebore.

Vandat ons in Caux was, het ons in verbinding gebly met ons MHB-vriende. In 1948 het Bremer en Agnes Hofmeyr, voltydse werkers van MHB, na Suid-Afrika teruggekeer na 'n afwesigheid van veertien jaar. 'n Jaar of twee daarna het 'n span van oorsee af gekom met die toneelstuk, "*The Forgotten Factor*", wat ooral in Suid-Afrika opgevoer is en 'n groot indruk gemaak het. Tot nog toe was al die konferensies van MHB alleen vir blankes, maar in 1953 is besluit om 'n konferensie vir alle rasse te hou. Weens die beleid van apartheid, het die span dit gerade geag om die konferensie buite die grense van Suid-Afrika te hou, en so het dit gekom dat dit in Lusaka gehou is. Ons het ook 'n uitnodiging gekry om die konferensie by te woon, maar het nie gesien hoe ons kon weggaan en die klein dogtertjies agter kan laat nie, die jongste waarvan maar twee jaar oud was. Juis in daardie tyd was daar 'n Ierse paar by ons tuis, rev. en mev. Gordon Hannon. Hulle was oortuig daarvan dat ons behoort te gaan en het saam met ons stiltetyd gehou en gebid om die regte persone te vind om na ons kinders te kyk terwyl ons weg was. Vriende van ons, toe hulle hoor dat ons na Lusaka wil gaan, het aangebied om na ons kinders te kyk en so is die Hannons en ons saam na die konferensie.

Daar het ons 'n baie prominente swart leier, 'n lid van die African National Congress, dr. William Nkomo, ontmoet. Hy was 'n mediese dokter in Atteridgeville, naby Pretoria. Dit is interessant hoedat hy by die konferensie uitgekom het. 'n Klompie studente van die Universiteit van Pretoria, was die vorige jaar saam met 'n span na Kenia. Daar het hulle tot heeltemal ander insigte gekom en verander wat hulle verhouding tot swart mense betref. Nadat hulle teruggekom het in Pretoria, het vier van hulle baie duidelik leiding gehad om 'n besoek aan dr. Nkomo te bring en vir hom as 'n prominente leier, verskoning te vra vir hulle houding van meerderwaardigheid teenoor swart mense. Hulle het gegaan en verskoning gevra. Dit het op dr. Nkomo 'n groot indruk gemaak en soos hy later gesê het, het hy nie geglo dat hy ooit sou hoor dat Afrikaners vir 'n swartman om verskoning sal vra nie.

Dit het sy belangstelling in MHB opgewek en toe hulle hom nooi om met hulle saam na die konferensie in Lusaka te gaan, het hy geredelik toegestem. Daar was ook ander swart leiers, veral van Suid-Rhodesië (nou Zimbabwe) en Kenia.

Dit was vir ons natuurlik 'n heel nuwe ondervinding om so saam met swart mense te verkeer en met hulle saam aan tafel te sit. Soos die meeste blankes in Suid-Afrika, het ons ook grootgeword in 'n atmosfeer waar die witman baas was en die swartman 'n bediende, maar hier was ons met hulle op gelyke voet. In die begin was verhoudings maar taamlik gespanne en was dit duidelik dat daar by die swartes nog heelwat haat en bitterheid was oor die manier waarop hulle deur blankes behandel is.

Dit was die tweede of derde dag van die konferensie dat die Here gedurende my stiltetyd baie duidelik met my gepraat het oor my verhouding teenoor swartmense. Hy het vir my gesê dat die haat en bitterheid in die harte van die swartes grotendeels te danke is aan die meerderwaardigheid en verwaandheid van blankes soos ek. Dit was vir my absoluut 'n openbaring en ek het besef dat dit die waarheid is en dat daar 'n drastiese verandering in my lewe moes plaasvind. Ek het die Here om vergifnis gevra en besluit om ook die swartes in die konferensie om verskoning te vra.

Intussen het die Here ook baie duidelik met Joey gepraat.

bed lê en eet het.

In die tuin was daar 'n groot amandelboom met bankies rondom die boom. Daar het ons baie Sondaemiddae saam met moeder deurgebring. Elkeen van die kinders het 'n handvol droë vrugte gekry en dan het sy vir ons sendingstories vertel of gelees. Ses van haar broers en susters was almal sendelinge, meesal in Malawi (toe Nyassaland) en baie van die stories was oor gebeurtenisse wat hulle self ondervind het. Dit het ons natuurlik baie beïndruk. Geen wonder dat my twee broers en 'n suster na die sendingveld gegaan het nie.

Vrydagaande was vir ons kinders baie belangrik. Dit was die aand wat ons later kon opbly en speletjies speel. Dit het vir ons so baie beteken dat moeder altyd saam met ons gespeel het en ook vir ons nuwe speletjies geleer het. Anagrams en "Word making and Word taking" was ons geliefste speletjies. Vir anagrams word daar ooreengekom oor 'n lang woord en dan word daar beperkte tyd gegee om woorde te maak waarin alleen die letters van die lang woord gebruik mag word. 'n Ander populêre speletjie was ping-pong, veral wanneer daar 'n klompie was wat deelgeneem en om die tafel gehardloop het.

Vader het ook altyd 'n paar Jersey-koeie aangehou en Alec en ek het beurte geneem om die koeie voor skool te melk en te versorg. Smiddags moes hulle gehaal word en soggens weer weggeneem word om bedags in die meent rondom die dorp te wei. Een namiddag het *Marthinus*, my jongste broer, wat toe maar drie jaar oud was, gevra om saam te gaan om die koeie te gaan haal. Die paadjie waarlangs ons moes loop was maar baie ongelyk en klipperig sodat ek sy hand moes vashou. Toe ek vir 'n oomblik sy hand laat los het, het hy oor 'n klip gestruikel en op 'n blik geval en sy knie oopgesny. Ek het hom dadelik huistoe gedra, sodat moeder die wond kon verbind. Blykbaar was dit 'n geroeste blik, want na 'n paar dae het hy bloedvergiftiging opgedoen wat deur sy hele liggaam versprei het. Die dokter het sy bes gedoen om dit te genees, maar uiteindelik hoop opgegee dat hy sou lewe. Moeder het egter nie hoop opgegee nie en was oortuig dat God nog 'n doel vir sy lewe het. Sy het so te sê dag en nag langs sy bed gesit, gebid en aangehou om hom 'n bietjie water te gee. Na drie dae het daar beterskap gekom en uiteindelik het hy volkome herstel. Hy het sendeling geword en later 'n groot rol in die Malawi-sending

Reeds by Caux in 1947 het van my vriende my gevra of ek nie dink dat dit my roeping is om voltyds aan die werk van MHB deel te neem nie? Toe ek dit vir Joey noem, het sy so sterk daarteen gereageer dat ek nie verder daaroor gepraat het nie. Die gedagte het tog later weer 'n paar keer na vore gekom met dieselfde reaksie, sodat ek besluit het om dit uit my gedagtes te sit. Maar hier by die konferensie het die Here ook met haar gepraat. In 'n stiltetyd saam met 'n klompie vroue, wit en swart, het die Here vir haar gesê dat die skrikbeeld wat sy gehad het van voltydse werk in MHB van die duiwel was, om haar daarvan te weerhou om haarself te gee vir God se plan om 'n nuwe wêreld te bou. Sy sê nadat sy hierdie gedagte met die ander vroue gedeel het, wis sy dat die Here die vrees vir voltydse werk uit haar lewe verwyder het en dat sy vry was om te doen net wat die Here wil.

Toe sy dit vir my vertel, was dit vir my soos 'n mens 'n kurk uit 'n bottel trek. Haar reaksie het my al die jare gebind en nou was ek ook vry. In die volgende vergadering het ons albei vertel wat met ons gebeur het. Toe ons daarna saam met spanmaats stilgeword het en na die Here geluister het, was dit baie duidelik dat Hy ons roep om ons lewe aan die werk van MHB te wy.

Intussen het daar ook 'n groot wonderwerk in die lewe van dr. William Nkomo gebeur. In 'n vergadering het hy gesê: "I saw white men change, I saw black men change and I decided to change because I realized it was more revolutionary to *change* people than to *liquidate* them." Daarna het hy geweld heeltemal afgesweer as 'n middel om vir die regte van sy mense te veg en tot die oortuiging gekom dat onderhandelling 'n baie meer effektiewe middel is. Ons het groot vriende geword, saam in openbare vergaderings gepraat, saam ander lande besoek en jare lank saam gestry vir God se plan vir Suid-Afrika.

Joey en ek is terug na Grahamstad, twee splinternuwe persone. Ons het albei 'n vryheid van gees ondervind wat ons nie vroeër gehad het nie. Op pad terug het dit my so oorweldig, dat ek die motor moes stop, haar in my arms moes neem om my liefde opnuut vir haar te verklaar en haar te bedank vir haar liefde en wat sy vir my beteken.

Die eerste wat ons gedoen het, toe ons in Grahamstad kom,

was om aan Joey se ouers te skrywe van ons besluit om voltyds vir MHB te werk. Dit was vir hulle natuurlik 'n groot skok, veral die feit dat ons geen salaris sou kry nie, en met drie klein kindertjies om groot te maak het hulle dit beskou as uiters onverantwoordelik. So het hulle ook aan ons met nadruk geskrywe. Eers het ons gewonder of ons nie miskien te haastig was met ons besluit nie, maar na ernstige gebed en besinning was ons oortuig dat dit God se roeping vir ons was, en dat ons daarmee moes voortgaan. Ons het toe breedvoerig aan hulle geskrywe dat ons ons lewens onvoorwaardelik aan God oorgegee het om ons te gebruik soos Hy wil. Ons het ook gesê ons is oortuig dat dit sy roeping vir ons is, om ons te wy aan die werk van MHB. Ons het gesê ons kan nie anders as om Hom gehoorsaam te wees nie. Dit was dus nie óns keuse nie, maar Gód se keuse vir ons. En wat die toekoms en ons kinders betref, het ons geglo dat waar God ons geroep het, Hy ook vir ons sal sorg.

Daarna het ons 'n baie mooi brief van hulle gehad waarin hulle sê dat hulle nie besef het dit is vir ons so 'n ernstige saak nie en dat hulle hulle daarby berus hoewel hulle dit nie alles begryp nie. Die volgende stap was om die kerkraad in kennis te stel van ons besluit en verlof te vra om uit die bediening te tree. Die kerkraad het ons besluit in 'n baie goeie gees opgeneem en die Ring gevra om aan my demissie te verleen sodat ek my status as predikant kon behou. Die Ring het die versoek van die kerkraad toegestaan. Ds. Beukes, die predikant van Cradock, het oorgekom vir die demissie en die afskeidsgeselligheid wat die kerkraad vir ons aangebied het.

So het ons aan die einde gekom van sewe baie gelukkige jare in Grahamstad. Ons het moeilik daar weggegaan, maar tog met groot verwagtings van wat die toekoms vir ons sou inhou. Dit was 'n stap in die geloof en veral vir Joey met drie dogtertjies was dit nie maklik nie. Die vraag het maar telkens opgekom, hoe sal ons vir hulle kan sorg? En toe kry sy 'n brief van 'n dame wat sy skaars geken het met 'n bydrae van £5. "Dit is soos Ek sal sorg", het die Here vir haar gesê. En Hy het wonderlik deur al die jare op allerhande maniere gesorg, maar meesal deur vriende wat geglo het dat wat ons doen, God se wil is.

Daar was veral twee redes wat ons in die geloof gesterk het dat die Here ons geroep het om voltyds verantwoordelikheid vir die werk van MHB te neem:

- Die een was die oortuiging dat die toekoms van Suid-Afrika grotendeels afhanklik is van die mate van versoening wat tussen die verskillende rassegroepe tot stand gebring kan word.
- Die ander was die feit dat, behalwe die Hofmeyrs, almal wat vir die werk van MHB in Suid-Afrika verantwoordelikheid geneem het, buitelanders was, en dat dit noodsaaklik was dat meer van ons mense hierdie verantwoordelikheid moes oorneem.

## Hoofstuk 8

# 'n Wêreldtoer

Toe vriende in Johannesburg, Adriaan en Sophie Smuts, hoor van ons besluit, het hulle aan ons geskrywe om te sê dat hulle van plan is om vir ses maande oorsee te gaan. Hulle vra toe of ons gewillig sal wees om vir die ses maande hulle huis te bewoon en hulle twee dogters te versorg, aangesien dit nie moontlik was om hulle saam te neem nie. Dit was vir ons eintlik 'n uitkoms, want ons het geen ander heenkome gehad nie. So het ons darem vir die eerste ses maande 'n tuiste gehad.

Daarna het 'n ander vriend, Jimmy van Rensburg, ons genooi om by hom en sy ma in Waterkloof, Pretoria te kom woon. Ons het besef dat dit maar net tydelik kon wees en met die hulp van vriende begin uitkyk vir meer permanente verblyf. So het ons 'n huis baie billik te huur gekry, ook in Waterkloof. Intussen het Charles Burns van Skotland, wat besluit het om Suid-Afrika sy tuiste te maak, 'n som geld geskenk om 'n huis in Pretoria te koop wat kon dien as 'n sentrum vir die werk van MHB. Hy is net kort vantevore getroud met Barbara, die dogter van dr. Ebenhaezer Macmillan, 'n moderator van die Presbiteriaanse Kerk. Dr Macmillan is oorlede gedurende die oorlog en mev. Delcey Macmillan het met haar twee kinders, Robbie en Barbara, in die pastorie van die Presbiteriaanse Kerk, wat haar man se eiendom was, aangebly. Nadat beide Robbie en Barbara getroud is, het mev. Macmillan besluit om die pastorie, te Arcadiastraat 831, te verkoop en 'n kleiner huis te koop. Omdat MHB vir haar man so baie beteken het, het sy dit vir MHB teen 'n baie billike prys aangebied. So het dit 'n sentrum vir die werk van MHB geword, en vanaf 1955 tot 1969 die tuiste van ons en ons kinders.

Dit was 'n groot huis met 'n groot tuin en 'n tennisbaan, wat baie verwaarloos was. Met die hulp van vriende het ons die heining hernu en die baan 'n nuwe miershoop-blad gegee. Op

dra. Die Filippyne was nog vol haat teenoor die Japanners en toe hulle 'n man in Japannees hoor praat, het hulle hom uitgejou. Hulle kon natuurlik nie verstaan wat hy sê nie, maar toe die tolk sy boodskap in Engels oordra, dat die eerste minister vir hom opgedra het om namens hom en die Japannese volk vir die Filippyne om verskoning te vra, het daar 'n oorverdowende gejuig losgebars.

Toe die Filippynse president, Magsaysay, hoor wat gebeur het, het hy die Japanners saam met die span van MHB die volgende oggend na sy presidentswoning genooi om hulle te vra om sy dank aan die eerste minister oor te dra vir die mooi gebaar. Die nadraai daarvan was dat die volgende eerste minister, mnr. Kishi, toe hy die lande van Oos-Asië besoek het om ekonomiese ooreenkomste met hulle te tref, hy in elke land eers verskoning gevra het vir dit wat die Japannese soldate gedurende die oorlog gedoen het. Dit het baie daartoe bygedra om 'n totale nuwe klimaat te skep wat die verhouding tussen Japan en die lande van Oos-Asië betref.

Toe die span met *The Vanishing Island* na Taiwan vertrek het, het Peter Howard 'n groepie van ons na Suid-Korea geneem waar daar groot belangstelling in MHB was. Net so het 'n groep ook Viëtnam besoek op uitnodiging van die president wat later vermoor is. Die span en *The Vanishing Island* het vervolgens na Thailand, Burma, Madras, Calcutta en Delhi in Indië en na Karachi in Pakistan gegaan. Vandaar is ons na Teheran waar ons deur die shah van Iran ontvang is. Die eerste aand is die toneelstuk in 'n teater opgevoer, maar dit was so verskriklik warm dat die Shah ons genooi het om die toneelstuk in die tuin van sy paleis op te voer. Daarvoor het hy spesiaal 'n verhoog in die tuin laat oprig. Ek het nog nooit so baie persiese tapyte bymekaar gesien nie. Nie alleen was die verhoog met persiese tapyte bedek nie, maar ook die hele area waar die gehoor gesit het.

Van Teheran is ons na Bagdad in Irak, daarna na Kaïro in Egipte, waar ons deur die president ontvang is en toe na Nairobi in Kenia. Daar is 'n groot byeenkoms georganiseer wat onder andere deur Agnes Hofmeyr, wat in Kenia gebore is, toegespreek is. Sy het vertel hoedat die Mau-Mau eers haar stiefmoeder vermoor het en toe haar vader lewendig op berg Kenia begrawe het op aanbeveling van 'n profetes. Die profetes

het gesê dat die Mau-Mau slegs die oorwinning sal behaal as 'n goeie wit man lewendig begrawe word. 'n Mens kan moeilik begryp wat alles deur Agnes se gemoed moes gegaan het toe sy daardie boodskap kry. Maar die Here het haar genade gegee om daar oor te kom en haar leiding was om harder as ooit te stry dat beide wit en swart sal verander. Sy kon toe vir daardie duisende swart mense van Kenia sê dat sy saam met hulle wil stry dat God se plan vir Kenia mag verwesenlik word.

Van Kenia af is die groep na Caux waar daar 'n konferensie aan die gang was. Dr. Buchman was ook daar en het seker gemaak dat ons deeglik verslag doen van allles wat op die toer gebeur het. Van Caux af is ons groepie van Suid-Afrika huis toe, terwyl *The Vanishing Island* verder deur Europa getoer het.

Persoonlik het ek 'n groot les op die toer geleer. Omdat dr. William Nkomo en rev. George Molefe swart was, het ek hulle nie ten volle vertrou nie en gedink ek moet 'n oog oor hulle hou, sodat hulle nie iets verkeerd sal doen of in die moeilikheid kom nie. Hulle het dit natuurlik aangevoel, en van tyd tot tyd my probeer vermy. Vir 'n lang tyd het dit so aangehou, totdat hulle my eendag reguit gevra het of ek hulle dan nie vertrou nie. Wat kon ek sê? Ek moes eerlik wees. Dit het my laat besef hoeveel vooroordeel daar nog in my teenoor swartmense was, sodat ek teen hulle gediskrimineer het, net as gevolg van hulle kleur.

Ek het die Here ernstig gevra om my te help om nie teen mense se kleur vas te kyk nie, maar om hulle te behandel as kinders van God wat my gelyke is.

Hoofstuk 9

# *Rasseprobleme aangepak*

In 1957 is Joey en ek saam met 'n groot afvaardiging na die MHB-konferensie op Mackinac Island, in die Verenigde State van Amerika. Omdat ons geweet het dat ons 'n lang tyd van die huis af weg sou wees, het ons vir Jack en Margaret Ballard, vriende van ons, gevra om in 831 te kom bly en vir Emmie Rogan, wat toe al reeds daar gebly het, by te staan. Van tyd tot tyd het veral jong meisies by ons kom inwoon om te help met die huishouding en die sorg van die kinders. So het Jane Hopcraft van Kenia drie jaar by ons gebly. Sy was soos een van die gesin en die kinders was baie lief vir haar. Ons het tot vandag toe nog altyd met haar en haar man, David Stanley, in kontak gebly.

Daardie jaar in 1957 het twee uitstaande Amerikaanse sangeresse, Muriel Smith en Ann Buckles, wat ook goeie aktrises was die konferensie op Mackinac Island bygewoon. 'n Groot verandering het in hulle lewens plaasgevind en hulle het hulleself volkome vereenselwig met die aktiwiteite van MHB. Saam met Peter Howard, Alan Thornhill en ander het hulle op die gedagte gekom om 'n musikale toneelstuk te skrywe, gebaseer op die lewe van Mary McLeod Bethune. Haar ouers was slawe en sy was die jongste van vyftien kinders en die enigste wat 'n skoolopleiding gehad het. Na sy haar opleiding voltooi het, het sy 'n skool begin vir slawekinders wat op die straat gewoon het. Daar was geen gebou nie. Sy moes maar klaar kom met wat sy in die hande kon kry. 'n Gegoede man het hom oor haar ontferm en haar gehelp om 'n skoolgebou op te rig. Uiteindelik het hulle 'n kollege tot stand gebring, onder die naam van Bethune-kollege. Sy het so opgang gemaak in die onderwyswêreld, dat die president haar op sy adviesraad aangestel het. In die laaste jare van haar lewe het sy met MHB en dr. Buchman in aanraking gekom. Dit het vir haar so baie beteken, dat sy die ondervinding bestempel het as "the crowning experience of my life". Dit was dan ook die titel wat

Muriel Smith, wat self ook 'n Negerin was, aan die toneelstuk gegee het. Die klimaks van die toneelstuk was die versoening tussen 'n trotse Amerikaanse vrou van die suide, wat haar hele lewe lank op Negers neergesien het, en mev. Bethune om verskoning gevra het. Dit het werklik gebeur gedurende 'n konferensie by Mackinac Island.

Nadat die toneelstuk by die konferensie opgevoer is, was dr. Buchman so beïndruk daardeur dat hy gesê het dit moet sekerlik in die suide van Amerika opgevoer word. Reëlings is toe getref om dit in Atlanta, Georgia, op te voer. Die hoofspelers was Muriel Smith, Ann Buckles, Louis Biles van Jamaika en Phyllis Konstam, 'n bekende aktrise van Engeland. 'n Paar Neger-families moes ook saam gaan om die kinders te voorsien vir die skool. Afgesien van die spelers het 'n hele klomp van ons ook saamgegaan om as sprekers op te tree aan die einde van die toneelstuk en ook om mense na die tyd te ontmoet en met hulle te gesels.

In daardie jare was segregasie nog streng toegepas in die suide van Amerika, veral in Atlanta, een van die belangrikste stede van die Suide. Daar was net een hotel waar swartes ook toegelaat is, nl. Walhadji, wat aan 'n Neger behoort het. Die toneelspelers het almal by privaat mense tuis gegaan, maar die res van ons het almal in Walhadji gebly. Toe ek op 'n dag 'n broek by 'n winkel in Atlanta gekoop het, het die man gevra waar hy dit moes aflewer, want dit moes nog korter gemaak word. Toe ek sê ek is tuis by Walhadji, was hy onmiddellik onthuts en sê: "Ons lewer nie daar af nie". Ek moes toe maar self my broek gaan haal.

Die eerste paar opvoerings was in 'n munisipale saal die enigste saal waar swartes ook toegelaat is. Sonder dat ons daarvan geweet het, het die eienaar van die beste teater in die stad die opvoering gesien. Hy was so beïndruk daardeur dat hy sy teater vir dr. Buchman aangebied het en gesê het dat swartes ook toegelaat sal word. Dit was iets absoluut ongehoord in Atlanta en het groot opskudding veroorsaak. Tog was die teater elke aand vol en het *The Crowning Experience* vir vyf maande daar gespeel. 'n Baie prominente swart prokureur van Atlanta, kol. AT Walden, het daarna gesê: "Atlanta sal nooit weer dieselfde wees nie". Atlanta was daarna een van die min stede waar die integrasie van skole heeltemal kalm en rustig verloop het.
Van Atlanta af is Joey en ek weer terug na Mackinac Island.

Daar was toe nog 'n toneelstuk in voorbereiding, *The New Phase*, geskryf deur 'n man van Ghana. Dit speel net soos *Freedom* af in 'n denkbeeldige Afrika-land, 'n land wat reeds onafhanklik is en waar korrupsie een van die groot probleme is. In die winter het die meer van Michigan, waarin Mackinac Island geleë is, heeltemal verys sodat skepe glad nie die eiland kon bereik nie. In die begin van die winter van 1957 is ons saam met die spelers van *The Next Phase* na die vasteland op die laaste skip wat nog die eiland kon bereik. Vandaar is ons na Dellvillewood naby New York wat vir die volgende paar maande ons tuiste sou wees. Dellvillewood was 'n groot drie-verdieping huis, geleë in pragtige gronde wat mev. Emily Hammond, die eienares, aan dr. Buchman gegee het om as 'n sentrum te gebruik.

In Dellvillewood is die voorbereiding van *The Next Phase* voltooi. Met Dellvillewood as ons tuiste, het ons elke dag per bus na New York gegaan om dit daar in 'n teater op te voer. Dit het beteken dat ons Dellvillewood elke namiddag omtrent 5 uur moes verlaat. Na die opvoering in die teater is ons dan weer terug na Dellvillewood waar ons tussen een en twee uur in die nag aangekom het en dan eers ons aandete kon geniet. Een van die prominente persone wat *The Next Phase* bygewoon het, was Paul Robeson, die beroemde Neger-sanger van Amerika. Sy vrou was so beïndruk, dat sy dit sommer 'n paar aande na mekaar bygewoon het, wat vir Joey die kans gegee het om met haar kennis te maak.

Terwyl ons in Amerika was, het ons ook die geleentheid gehad om na Louisville, Kentucky, te gaan waar ons by 'n dr. en mev. Love tuisgegaan het. In Richmond, Virginia, het ons dr. en mev. Will Chapin ontmoet met wie ons nog altyd in kontak is. Ons het ook die weduwee van Maghee Baxter, wat saam met Frank Buchman na Suid-Afrika gekom het, in Nashville, Tennessee opgesoek.

Twee persone wat ook in 1957 saam met ons op Mackinac Island was, was Tutor Ndamase, die seun van opperhoof Victor Poto van die Transkei, en sy neef Douglas Ndamase. In die jare vyftig en sestig het ons dikwels die Transkei besoek, konferensies daar gehou en selfs toneelstukke opgevoer. Een keer het Charlotte gedurende skoolvakansie ook met ons saamgegaan toe die opperhoof van die Temboes vir haar 'n

Parker-pen as verjaarsdagspresent gegee het.

Een van ons grootste ondersteuners in die Transkei was dan ook Victor Poto, die opperhoof van die Wes-Pondos. Rev. Reg Place, die Metodiste-predikant op Umtata, het ons aan hom voorgestel. Hy was 'n baie toegewyde Christen en ons was altyd welkom op sy *Great Place* naby Libode. Victor Poto was baie bekommerd oor sy seun, Tutor Ndamase, want hy het maar taamlik "los" gelewe. Hy vra toe of ons nie iets vir sy seun kon doen nie.

Rev. George Molefe, wat die Presbiteriaanse predikant in New Brighton, Port Elizabeth, was en ook aktief aan die werk van MHB deelgeneem het, het vir Tutor genooi om saam te gaan na 'n konferensie êrens in die Kaap. Daar het Tutor sy lewe aan die Here oorgegee. Die laaste keer wat ons vir Opperhoof Vicor Poto op sy *Great Place* besoek het, was kort voordat hy afgetree het. Dr. William Nkomo was ook saam met ons. Victor Poto het al sy kapteins en hoofmanne aangesê om na sy *Great Place* te kom. Nadat ons almal (daar was omtrent twaalf van ons) 'n getuienis op versoek van Victor Poto gelewer het, het hy opgestaan en gesê wat MHB vir hom beteken het. Daarna het hy ons bedank vir wat ons vir sy seun Tutor gedoen het. Tutor was ook teenwoordig. Hy vertel toe hoedat hy eers bekommerd was oor Tutor, maar dat hy nou met die grootste gerustheid kan aftree en die opperhoofskap aan Tutor kan oorhandig omdat hy 'n verantwoordelike persoon is en die volle vertroue van die leiers van die Wes-Pondos het. Tutor het later opperhoof geword en toe Kaiser Matanzima uitgetree het as president van die Transkei, is Tutor Ndamase in sy plek tot president verkies.

Om terug te keer na ons tyd in Amerika. Vroeg in 1958, is ons na Jamaika op uitnodiging van Louis Biles, wat 'n belangrike rol in die toneelstuk *The Crowning Experience* gespeel het. Terwyl ons in Jamaika was, het ons die tyding gekry dat Joey se vader baie ernstig siek was. Dit was vir ons baie duidelik dat ons dadelik moes terugkeer huistoe. Dit het heelwat tyd geneem om die nodige geld te kry vir ons kaartjies en ook die vlugkonneksies van Jamaika na Miami, van daar na New York en daarvandaan na Londen en verder na Palmietfontein, die destydse lughawe vir Pretoria en Johannesburg. Die eerste tyding wat ons van vader gekry het was op Salisbury (nou

gespeel. Hy is eers op 86-jarige leeftyd oorlede.

Van Victoria-Wes af het ons weer 'n paar maal na Glentana vir die vakansie gegaan, maar dié keer met die Fordjie. Ons was sewe kinders en kon dus nie almal met die motor gaan nie. Die oudste vier het saam met vader in die motor gery, tewyl moeder met die drie jongstes per trein gery het. 'n Paar dinge onthou ek nog baie goed van Glentana se dae. Ons het almal elke oggend voor ontbyt gaan swem. Maar daar was nie so-iets dat almal saam kon swem nie. Streng apartheid is gehandhaaf. Mans en dames moes maar 'n hele ent van mekaar af in die see ingaan. Die klein seuntjies kon darem saam met ma die see aandurf. Visvang was die groot tydverdryf op Glentana. Toe was daar nog nie vistokke met katrolle beskikbaar nie en moes ons maar klaarkom met handlyne. Daarom is daar meesal van die strand af, en nie van die rotse af nie, vis gevang. 'n Handlyn het bestaan uit 'n lang vislyn wat op 'n stok opgerol is. Om te gaan visvang, moes die lyn versigtig van die stok afgerol word sodat dit nie knoop nie. Voor aan die vislyn word daar dan 'n sterker lyn van 'n paar meter vasgemaak met 'n gewig en die hoeke daaraan. Dit word dan vinnig om die kop geswaai en op die regte oomblik (soos in hamergooi) laat los sodat dit reguit die see kan intrek. Dit het heelwat oefening gekos, maar 'n gesoute visterman kon dit nogal taamlik diep in die see ingooi. Vir aas het ons meesal mossels gebruik wat ons met laagwater uit die seesand gegrawe het. Rou mossels was maar sag en kon dus maklik deur die vis van die hoek afgehaal word. Om hulle taai te maak, moes die mossels in 'n vuur gegooi word todat hulle oopgaan en goed gebraai is.

As ons dan genoeg gebraai het, was ons ook toegelaat om saam met ons ooms te gaan visvang. Toe was vis nog taamlik volop en ek onthou goed dat ek een aand vier mooi, groot galjoene van die strand af gevang het.

Met die terugreis na die vakansie het dit nie so goed gegaan nie. Tussen Glentana en George het die motor gaan staan. Wat vader ook al gedoen het, hy kon dit eenvoudig nie weer aan die gang kry nie. Daar was niks anders te doen as om 'n paar osse in die hande te kry om die motor na 'n garage op George te sleep. Ek onthou nog hoe skaam ons was om met osse die dorp ingesleep te word. Gelukkig het dit nie lank geneem nie, toe kon ons weer in die pad val. Maar toe lê Outeniqua-pas vir

Harare). Toe was hy reeds oorlede. Al Cook het ons op die lughawe per motor ontmoet en met ons gejaag na Ermelo om nog die begrafnis te haal. Gelukkig was ons darem nog betyds.

Na vader se dood is ons terug na Pretoria en ons kinders wat ons vir elf maande nie gesien het nie. Die volgende jaar 1959, toe Joey en ek weer na Caux gegaan het, het Charlotte, wat toe in standerd 9 was, met ons saamgegaan. Dit het vir haar so baie beteken dat, nadat sy haar matriek gemaak het, sy besluit het om nie universiteit toe te gaan nie, maar om 'n uitnodiging aan te neem om voltyds aan die werk van MHB in Londen deel te neem. Ons was maar baie huiwerig om haar sover van die huis af te laat gaan. Alleenlik nadat Peter en Doë Howard onderneem het om verantwoordelikheid vir haar te neem, het ons haar maar laat gaan. Dit was terwyl sy in Engeland was dat sy aan ons geskryf het dat sy besluit het om haar lewe volkome aan die Here te wy, om net vir Hom te dien.

Na twee of drie jaar in Engeland is sy oor na Amerika om deel te neem aan die werk van die jongmense wat later ontwikkel het in die sanggroep, *Up With People*. In 1965, die jaar toe Peter Howard gesterf het, het sy teruggekom huistoe en vir Nico Ferreira gehelp om in Suid-Afrika 'n soortgelyke sanggroep tot stand te bring. Dit het later die naam gekry van die *Springbok-Stormloop*.

Ongeveer ses of nege maande nadat Charlotte weer terug was in Pretoria, het sy 'n brief van Ton Philips van Holland ontvang om haar te vra om met hom te trou. Hy was destyds ook in Amerika in verband met die werk van MHB. Ek sal nooit vergeet wat haar eerste reaksie was nadat sy die brief gelees het nie. "Maar ek ken nie die man nie", het sy gesê. Sy het hom wel 'n paar maal ontmoet, terwyl sy in Amerika was, maar het nie die minste idee gehad dat hy vir haar omgegee het nie. Sy was werklik uit die veld geslaan en het nie geweet wat om te doen nie. Nadat ons saam stiltetyd gehou het, het die gedagte gekom om vir Ton te nooi om na Pretoria te kom, sodat hulle in elk geval mekaar kan leer ken. So gesê, so gedaan, met die gevolg dat Ton binne 'n paar dae in Pretoria aangekom het. Joey was toe nie eers by die huis nie. Sy was in die hospitaal, na een van 'n paar heupoperasies. Sy was nog in die hospitaal toe hulle op 'n goeie dag die tyding aan haar gaan bekend maak het, dat hulle besluit het om verloof te raak. Joey sê dat Ton baie

opgewonde by haar kamer ingekom het, en voor Charlotte nog 'n woord kon uitkry, het hy gesê: "She said yes!". Daarna kon Ton net 'n paar dae bly, maar hy nooi toe vir Charlotte om na Holland te kom om ook sy familie te leer ken. Persoonlik het ek sy ouers, Frits en Sylvia Philips, leer ken toe ek in 1939 vir ses maande in Holland gebly het. Charlotte is toe oor na Holland waar sy 'n tyd lank saam met hom en sy familie deurgebring het.

Op die 8ste April 1967 het ek hulle in Pretoria-Oos NG-Kerk in die huwelik bevestig. Ton se ouers, twee van sy susters, Digna en Annejet en sy broer, Warner, het met 'n privaat vliegtuig van die Philips-maatskappy na Pretoria gekom om die troue by te woon. Omdat Philips so 'n wêreldbekende familie is, het die koerante ons voor die tyd toegesak om alle moontlike inligting te kry omtrent Ton en Charlotte en al die reëlings vir die bruilof. Die Philips-organisasie in Suid-Afrika het die meeste bygedra om die gebeure rondom die huwelik in die pers bekend te maak.

Ons het besluit om die huweliksonthaal in ons tuin in Arcadiastraat 831 te hou. Idelette, die suster van Joey se swaer, dr. Tertius Rossouw, het onderneem om die tuin te verfraai, en het dit meesterlik gedoen deur allerhande blomplante in die tuin te versteek. 'n Groot tent is op die tennisbaan opgeslaan en die hele grasperk was bedek met tafels en stoele wat 'n feestelike atmosfeer geskep het. Hoewel dit bewolk was, het die reën gelukkig die dag weggebly. Die volgende dag het dit egter gereën, met die gevolg dat, toe die mense die tent kom haal het, hulle die tennisbaan vol spore getrap het. Dit was 'n enorme taak om die tennisbaan weer gelyk te kry - dit was darem die moeite werd.

Intussen is ons span van voltydse werkers in MHB versterk deur die toevoeging van Nico Ferreira, wat later met Loël Rubidge getroud is. Ken Gladwin, wat met Janet Kingwill getroud is, asook Bill en Eileen Page, Marie van Selm, Malie Smuts, Vilma Maritz en Sam Pono, wat tot vandag toe nog die enigste swart persoon in ons span is (hy is later getroud met Virginia van Zimbabwe), Pieter Horn, Meryl Christian en Jackie Euvrard het ook by ons aangesluit.

Nico Ferreira was 'n klerk in, wat destyds genoem is, die

Departement van Bantoesake. Dit was in die tyd toe die regering besluit het om die swartmense van Sophiatown te verskuiwe, wat groot ontevredenheid onder hulle veroorsaak het, soveel so dat die Departement opstand verwag het. Een van die hoofde van die Departement, wat geweet het van die verandering in Nico se lewe, het hom gevra of hy nie iets kan doen om die verskuiwing vreedsaam te laat plaasvind nie. Hy voeg toe by dat Nico 'n week verlof kan neem om te kyk wat hy kan uitrig.
Omdat Nico nie geweet het wat om te doen nie, het hy toe maar 'n paar van sy spanmaats bymekaar gekry om oor die saak te bid en die Here se leiding te vra. Die gedagte wat by Nico opgekom het, was dat hy vir 'n man met die naam PQ Vundla moet gaan sien, die man wat die opstoker van die opstand in Sophiatown was. PQ is deur die polisie beskryf as die "gevaarlikste terroris op die Witwatersrand". Nico was baie benoud toe hy by PQ se huis kom en hy ontmoet word deur 'n groot swartman met 'n assegaai. Die hele tyd wat hy met PQ gepraat het, was dié "lyfwag" ook teenwoordig. Nico vertel toe vir PQ van die verandering in sy lewe, veral wat betref sy houding teenoor die swartmense. Dit het PQ geïnteresseer en hy wou weet of daar ander witmense is wat ook so voel. Toe Nico hom verseker dat daar baie is, het PQ gesê dat hy graag van hulle sal wil ontmoet. Dit was toe gereël - op meer as een geleentheid.

Die opstand in Sophiatown het nie plaasgevind nie. Toe 'n groot byeenkoms 'n rukkie later deur die ANC gereël is om te protesteer teen die regering se beleid van Bantoe-onderwys, was PQ ook gevra om as een van die sprekers op te tree. Hy was 'n uitstaande spreker en was altyd die een wat mense kon aanhits tot geweld. By dié byeenkoms was hy die laaste spreker en almal het in spanning gewag om te hoor hoe hy die regering met sy tong gaan vermorsel. Maar niks van die soort het gebeur nie. Nee, inteendeel, PQ het gepleit vir onderhandeling met die regering. Hy vertel toe van sy ontmoeting met Nico en ander vooraanstaande blankes wat verander het. Hy het beskryf hoe hulle hom om verskoning gevra het vir hulle meerderwaardige houding teenoor swartmense. Hy het ook gesê hy glo dat hulle 'n oplossing sal vind deur onderhandeling, eerder as deur geweld. Maar hy het nie rekening gehou met die jong tsotsies wat hy self opgelei het om geweld te pleeg nie. Op pad huis toe na die vergadering, het 'n klompie van hulle hom voorgelê en

hom doodgeslaan, soos hulle gemeen het. Sy lewe is gered deur vriende wat hom na 'n hospitaal geneem het. Daar het hy nie alleen herstel nie, maar ook sy lewe aan die Here oorgegee, nadat Nico hom 'n paar maal daar besoek het. Daarna het hy van elke geleentheid gebruik gemaak om vir die Here te getuig met net soveel vuur en oortuiging as wat hy vroeër mense tot geweld opgestook het.

Die ANC het egter, soos hulle met dr. William Nkomo gemaak het, ook vir PQ uitgeskop. Dit het hom nie gehinder nie en tot aan die einde van sy lewe het hy hier in Suid-Afrika, en ook oorsee, saam met MHB gewerk en getuig van die wonderwerkende krag van God om mense se lewens te verander. Daarin het Kathleen, sy vrou, hom ook getrou bygestaan en selfs na sy dood, het sy vir die res van haar lewe haar beywer om mense vir die Here te wen. Haar huis in Soweto was 'n ware oasis waar mense nuwe lewe gevind het, en selfs mense van oorsee het daarheen gegaan om haar te ontmoet.

William Nkomo en PQ Vundla het van tyd tot tyd MHB-konferensies bygewoon wat elke jaar in Caux, Switserland, gehou is. In 1955 het Manasseh Moerane, die vise-president van die swart onderwysers van Suid-Afrika, saam met William na Caux gegaan. Daar was ook 'n groot aantal verteenwoordigers van ander lande in Afrika. Een oggend het dr. Frank Buchman gesê dat hy almal uit Afrika graag wil ontmoet. Hy sê toe vir hulle dat hy die vorige nag baie oor Afrika gedink het. "Afrika", het hy gesê, "behoort nie 'n speelbal te wees wat deur die Ooste en Weste rondgeslinger kan word nie, maar behoort 'n antwoord aan die Ooste en Weste te bring. Wat dink julle, kan julle nie 'n toneelstuk skrywe wat so 'n antwoord uitbeeld nie?" Dieselfde dag nog het hulle almal weer saamgekom om die moontlikheid van so 'n toneelstuk te bespreek. Nadat hulle almal stil was en hulle gedagtes gedeel het, het hulle die kern van 'n moontlike toneelstuk gehad. Drie van hulle het toe aanvaar om die toneelstuk te skrywe, en dadelik aan die werk gegaan. John Amata, 'n nagraadse student van die Ibadan Universiteit in Nigerië, het die eerste bedryf geskrywe, Manasseh die tweede bedryf en dr. Karbo van Ghana die derde bedryf. Die volgende oggend het die drie van hulle saamgekom en gelees wat hulle geskryf het. Dit het die res van die dag geneem om die drie bedrywe bymekaar te pas en teen

die aand het hulle vir dr. Buchman gesê die toneelstuk is gereed.

Die toneelstuk vertel die storie van 'n land in Afrika wat op die punt staan om onafhanklik te word. Die ongevoelige optrede van die blanke koloniale goewerneur word beskryf, asook die gekonkel van die leiers van verskillende politieke partye. Die land het egter sy sy vryheid verkry toe daar 'n verandering kom in die harte van die goewerneur en sommige van die politieke leiers. Almal stem toe ook saam dat die naam van die toneelstuk, *Freedom*, moet wees.

Die volgende aand is *Freedom* in Caux opgevoer, en 'n week daarna in die Westminster-teater in Londen. Later het Bremer Hofmeyr en ek, wat ook in Caux was, met die spelers saamgegaan na Duitsland en ander Europese lande vir opvoerings van *Freedom*. Manasseh en William was twee van die spelers. Die vraag na *Freedom* was so groot, dat dit onmoontlik was om aan almal se versoeke te voldoen. Daarom is besluit om 'n film van *Freedom* te maak. Dit is gedoen in Nigerië, die eerste film wat deur mense van Afrika gemaak is. Deur *Freedom*, wat in meer as twintig verskillende tale vertaal is en in lande oral in die wêreld vertoon is, het Afrika 'n antwoord aan die Ooste en Weste gebring soos dr. Buchman voorspel het.

Ek was een jaar saam met John Amata in Caux. By dieselfde konferensie was daar ook 'n me. Assale van die Kameroen. Haar pa was een van die politieke leiers wat groot verdeeldheid in die Kameroen veroorsaak het. As gevolg van die verandering in haar eie lewe, was sy oortuig dat MHB ook verandering in haar land teweeg kon bring, veral as sekere leiers ook na Caux kon kom. Om hulle daar te kry het dr. Buchman vir John Amata en myself gevra om saam met 'n mnr. Pinto na die Kameroen te gaan om hulle te nooi om Caux toe te kom. Mnr. Pinto, self 'n man van die Kameroen, het later sy land as ambassadeur by die Verenigde Volke verteenwoordig. Sommige van die manne wat me. Assale genoem het, het gekom en 'n jaar of wat later ook haar pa. Hy het vir dr. Buchman gesê dat hy sy lewe lank die brood van bitterheid geëet het en daardeur baie verdeeldheid in sy land veroorsaak het. Hy het verander en is na sy terugkeer met sy grootste teenstander, mnr. Abidjo, versoen. Drie jaar later het hulle twee saam 'n

vredesooreenkoms met Frankryk gesluit, wat gelei het tot die onafhanklikheid van die Kameroen, met Abidjo as president en Assale as eerste minister.

By 'n later geleentheid het vier van die hoofministers van die tuislande, nl. mnr. Mangope van Bophuthatswana, dr Phatudi van Lebowa, mnr Sebe van die Ciskei en prof. Ntsanwisi van Gazankulu ook 'n konferensie in Caux bygewoon. Daarna het prof. Ntsanwisi dikwels Caux besoek en deelgeneem aan die werk van MHB.

Kwa-Thema is 'n swart woonbuurt naby Springs. Geskiedenis is daar gemaak, want dit was die eerste woonbuurt waar die huise deur swartmense self gebou is. Dit het gebeur as gevolg van die verandering in die lewens van die stadsingenieur van Springs, Archie Archibald en Jacob Mohlala, 'n swart leier. Dit was in 1954. Tot op daardie tydstip was die bou van huise, selfs vir swartmense, in die hande van blankes. Die meeste van die swartes kon die huise nie bekostig nie. Toe kom Archie tot die besef dat hy nie net vir die blankes se behuising verantwoordelik was nie, maar ook vir dié van die swartes. Hy en Jacob het toe koppe bymekaar gesit en 'n plan uitgewerk hoe om van die swartes op te lei om huise te bou. Die resultaat was dat nie alleen die huise van Kwa-Thema so gebou is nie, maar ook die huise van baie van die ander woonbuurte van die Witwatersrand.

Heelwat van Jacob se vriende het in sy voetstappe gevolg en ook aktief deelgeneem aan die werk van MHB. Een van hulle het die gedagte gekry om *The Ladder*, een van Peter Howard se toneelstukke, op te voer. Met behulp van Norah Caulfield, 'n Engelse dame wat destyds in Suid-Afrika was, het hulle aan die werk gespring en *The Ladder* nie alleen in Kwa-Thema nie, maar ook op baie ander plekke opgevoer. In 1972 het hulle selfs na Caux gegaan om dit ook daar op te voer. Iemand van Belfast in Noord-Ierland het, toe hy die opvoering gesien het, die spelers genooi om *The Ladder* na Belfast te neem. Van ons van Suid-Afrika wat ook in Caux was, soos Bremer en Agnes Hofmeyr, Mike en Marguerite Horn, David Kingwill, ek en ander het met hulle saamgegaan. Wat op die lere die grootste indruk gemaak het, was die eensgesindheid wat daar bestaan het tussen die swartes en blankes van Suid-Afrika.

Dr. William Nkomo, wat toe al byna blind was, was ook saam. Dit was nie van ouderdom dat hy blind geword het nie. 'n Verkeersbeampte het hom in die gesig geslaan toe hy onbedag in 'n straat gery het wat tydelik gesluit was. Sy eerste reaksie was om wraak te neem teen die blankes, maar toe hy by die huis kom en daaroor nadink, sê die Here vir hom dat hy nie 'n hele volk kan blameer vir die verkeerde optrede van een persoon nie. Die volgende jaar het William aan 'n hartaanval gesterf en ek het die voorreg gehad om names MHB hulde aan hom te bring op sy begrafnis.

Dit is interessant om te meld dat twee jaar tevore sy vriende in Atteridgeville en Mamelodi 'n "William Nkomo-dag" gereël het, om hulde aan hom te bring en hom te bedank vir wat hy vir sy mense beteken het op mediese, geestelike en onderwysgebied. Hulle het gesê hulle wil nie wag totdat hy dood is nie, maar hulle wil hulde aan hom bring terwyl hy nog lewe. Vir hom was dit 'n ware riem onder die hart, want na sy verandering is hy vir jare lank deur swartmense, veral die ANC geïsoleer en gebrandmerk as 'n "sell-out" en 'n verraaier omdat hy nie wou deelneem aan die wapenstryd teen die blankes nie. Hy het homself net so daarop toegelê om blankes sowel as swartes vir die Here te wen.

Hoofstuk 10

# Springbok-stormloop

In 1965 het daar 'n groot wending gekom in die werk van MHB. Peter Howard wat die leiding oorgeneem het van dr. Frank Buchman, het hom baie toegelê daarop om jongmense en studente te bereik. Baie van hulle het die konferensie op Mackinac Island daardie jaar bygewoon. Daar het hulle op die gedagte gekom om die boodskap van MHB op 'n baie groter skaal deur liedere uit te dra. So het die "Sing-outs" ontstaan, wat bekend geraak het onder die naam *Up With People*, die naam van die kernlied van die sanggroepe. Vanuit een "Sing-out" wat in Amerika begin en oral in die land opgetree het en groot gehore getrek het, het ander "Sing-outs" ontstaan, selfs in baie ander lande, almal onder die naam *Up With People*. Hier in Suid-Afrika het veral Nico en Loël Ferreira, met behulp van Charlotte en andere, ook so 'n "Sing-out" begin, onder die naam van *Springbok-stormloop*.

In die begin het hulle net van tyd tot tyd op verskillende plekke opgetree, maar dit het gou duidelik geword dat, om effektief te wees, 'n groep georganiseer, moes word wat voltyds beskikbaar is en wat deeglik toegerus is met die nodige instrumente en vervoer. Nico en Loël het hulle intrek geneem in "Wag-'n-Bietjie", 'n landgoed net buitekant Johannesburg, wat aan MHB geskenk is. Hulle het 'n aantal jongmense gekry wat gewillig was om voltyds aan *Springbok-stormloop* deel te neem. Baie van hulle was nog op skool, soos ons jongste dogter Suzan, sodat selfs 'n skool noodsaaklik was. Malie Smuts het dit onderneem. In hierdie jare het *Springbok-stormloop* eintlik die belangrikste deel van ons werk geword en almal van ons as voltydse werkers, het Nico en Loël ondersteun. Ons het baie aandag aan die geestelike ontwikkeling van die jongmense gegee en die hoofdoel van *Springbok-stormloop* was om mense vir Christus te wen. Daarom was getuienisse ook dikwels deel van die opvoerings.

Maar net soos met *Up With People* in Amerika, is soveel aandag aan die opvoering van *Springbok-stormloop* gegee, dat die eintlike doel daarvan verwaarloos is. In hierdie opsig blameer ek myself ook. Daar was 'n insinking in my eie geestelike lewe, sodat ek meer besorgd was oor die sukses van die opvoerings as die geestelike lewens van die deelnemers. Stadig maar seker het *Springbok-stormloop* agteruit gegaan, maar daar was ook ander redes.

As gevolg van die kritiek teen MHB het dit al moeiliker geword om opvoerings te reël. Ek onthou byvoorbeeld nog hoe ek 'n opvoering gereël het by die hoërskool van 'n sekere dorp, toe die prinsipaal vir ons die dag voor die opvoering laat weet het dat dit gekanselleer is weens die teenstand van die kerk. 'n Ander rede was die feit dat dit onwettig was om veelrassige opvoerings in publieke plekke te hou. Daarom kon slegs blankes aan *Springbok-stormloop* deelneem. Dit was strydig met die beleid van MHB. Sommige van die span het selfs daaraan gedink om weg te breek van MHB. Gelukkig het dit nie gebeur nie en uiteindelik was dit duidelik dat daar nie 'n toekoms vir *Springbok-stormloop* was nie.

In dieselfde jaar, 1965, toe ons by Roly en Moira Kingwill op hulle plaas gekuier het, het Joey agtergekom dat daar iets met haar heupe verkeerd was. Elke keer as sy 'n endjie gaan stap, het haar heupe begin pyn. Terug in Pretoria het sy dr. Sakkie de Wet, die ortopediese spesialis, gaan sien en hy vind toe uit dat haar heuppotjies onnatuurlik vlak is waar die heupknop in die potjies inpas en reeds uitgeslyt is. Dit het vir haar al moeiliker geword om die trappe in ons dubbelverdieping huis in Arcadiastraat 831 op en af te klim. Uiteindelik was daar niks ander te doen nie as om die huis te verkoop, en 'n huis of woonstel te vind waar daar geen trappe is nie. Dit het gebeur in Januarie 1969 toe ons verhuis het na 'n woonstel op die 5de vloer in Muckleneuk Lanterns. Daar was drie slaapkamers, sodat Marie-Louise en Suzan elkeen hulle eie kamer kon hê. Ons was baie jammer om Arcadiastraat 831 te verlaat, veral ter wille van die kinders, wat die groot tuin en die tennisbaan baie geniet het. Dit was ook baie goed geleë, naby die skool en Universiteit en ook naby Loftus Versveld, die rugbyveld. Met groot wedstryde het hulle nogal goed geld gemaak met die parkering van motorkarre. Ons het veral die vrugte ook baie gemis.

In 1966 het Joey twee groot operasies gehad. In Februarie is haar galblaas verwyder, met die gevolg dat sy die res van haar lewe moes sukkel met slegte spysvertering. Die tweede operasie in Junie was 'n "osteopathy" aan haar linkerheup, dit wil sê om die heupknop te verskuiwe om op 'n ander plek in die heuppotjie te pas. 'n Pen moes ook ingesit word om die heupknop in sy plek te hou. Die pen moes byna twee jaar later weer met 'n operasie verwyder word.

Dieselfde operasie is in November 1967 (die jaar wat Charlotte getrou het) op haar regterheup uitgevoer en die pen is ook weer na twee jaar verwyder, in Junie 1969, nadat ons reeds ons intrek in Muckleneuk Lanterns geneem het. In dié jare was sy byna nooit sonder pyn nie, hoewel die operasies darem effens verligting gebring het.

Intussen het 'n dr. Charnly in Engeland ontdek dat dit moontlik is om die heupgewrig heeltemal te vervang met 'n kunsmatige gewrig. Toe die pyn vyf jaar na die "osteopathy"-operasies weer ondraaglik begin word het, het dr. de Wet haar aangeraai om haar heup te laat vervang volgens dr. Charnly se metode. 'n Sekere dr. Grobbelaar, wat twee jaar saam met dr. Charnly gewerk het, het ook hier in Pretoria groot sukses met die operasies gehad. Maar na twee "osteopathy"-operasies en nog twee om die penne uit te haal, het sy nie meer kans gesien om nog operasies deur te maak nie; hoe dr. de Wet haar ook al verseker het, dat dit haar probleem sal oplos. Haar toestand was egter so kritiek (die moontlikheid van 'n rystoel was nie uitgesluit nie), dat haar vriende ook by haar gepleit het om te laat opereer. Uiteindelik het sy ingegee toe sy gesien het watter sukses dr. Grobbelaar behaal het met 'n Charnly- operasie op albei heupe van 'n vriendin van haar, mev. Gerda de Haas. In November 1975 het dr. Grobbelaar haar linkerheup vervang en haar eerste gewaarwording toe sy bygekom het na die operasie was: "Ek het geen pyn meer nie". 'n Paar maande later in Januarie 1976 is die regterheup ook vervang. Dr. Grobbelaar kon haar geen idee gee hoe lank die kunsmatige gewrigte sou hou nie. Hy het aan die hand gegee dat sy elke twee jaar moet kom vir 'n ondersoek. Tot aan die einde van haar lewe was daar nooit 'n teken van slytasie nie, en het sy nog nooit weer pyn in haar heupe geken nie. Dit was natuurlik vir haar 'n groot verligting en ons kan die Here nooit genoeg dankbaar

wees daarvoor nie.
Hier moet ek darem iets byvoeg. Toe Joey, na die twee "osteopathy"-operasies besef dat sy waarskynlik nooit weer normaal sal kan loop nie, het sy gevoel sy moet vir haar in iets bekwaam wat sy kan doen terwyl sy sit. Sy besluit toe om tiklesse te neem by die Tegniese Kollege in Kerkstraat. Dit was een ding om dit te besluit, maar heeltemaal iets ander om dit uit te voer. Dit het geweldige deursettingsvermoë gekos om vir twee jaar, twee maal 'n week op die ouderdom van 57 jaar (verreweg die oudste in die klas) per bus na die kollege te gaan, veral omdat sy iemand nodig gehad het om haar op die bus te help en iemand by die kollege om haar boeke die trappe op te dra. Na sy die junior tikeksamen geslaag het, besluit sy om ook die senior eksamen aan te durf, sodat sy tikwerk kon aanneem waarvoor sy betaling kon kry. Dit was vir haar 'n groot uitkoms vir solank sy beswaarlik kon loop en 'n groot aanwins om te kon tik.

In 1970 het Joey en ek, op uitnodiging van Charlotte en Ton, vir twee maande by hulle in Blaricum, Holland, gaan kuier. Ter wille van Joey, sodat sy nie trappe hoef te klim nie, het hulle die somerhuis in hulle tuin verander in 'n slaapkamer. Hulle het ook hulle swembad laat verwarm, sodat sy haar oefeninge daarin kon doen, net soos in die warm swembad in die Hendrik Verwoerd Hospitaal. Dit was 'n heerlike vakansie en ook 'n geleentheid om vir Ton en ons drie kleinkinders, Frits, Hanneke en Karel beter te leer ken. Terwyl ons daar was, het ons ook die kans gebruik om die Oberammergau Passiespel te gaan sien. As gevolg van die operasies aan haar heupe het Joey nie kans gesien om so ver per motor te ry nie. Toe was dit net Charlotte en ek en *Inus Daneel* wat gegaan het. Inus is die seun van my broer Alec wat besig was met doktorale studies in Amsterdam. Dit was werklik 'n belewenis om die Passiespel te kon bywoon, iets wat 'n mens nooit kan vergeet nie.

Terwyl ons in Holland was, het ek ook die geleentheid waargeneem om Caux te gaan besoek. Dit was met 'n beswaarde gemoed dat ek daarheen gegaan het, omdat ek bewus was dat, terwyl *Springbok-stormloop* al my tyd en energie in beslag geneem het, my geestelike lewe agteruit gegaan het en ek kontak verloor het met my oorsese spanmaats in MHB. Ek was bevrees vir wat hulle sou sê, maar tot my verligting het nie een van hulle na *Springbok-stormloop* verwys nie, maar my

ons voor. Dit was nie soos vandag se pas wat 'n mens maklik in eerste versnelling kan uitry nie. Die ou pas was verskriklik styl en baie nou.

Dit het alles baie goed gegaan, maar omtrent halfpad die pas uit, het die motor weer gaan staan. Vader het weer enigiets probeer, maar hy kon nie die motor aan die gang kry nie. Ons kon ook nie daar bly staan en die nou pas versper nie. Op een of ander manier het vader darem die kar omgedraai gekry en die motor op sy eie tot onder in die pas laat loop. Daar het hy dit toe van die pad afgetrek en weer aan die werk gespring om te sien wat hy kon uitrig. Wonder bo wonder het hy uitgevind wat verkeerd was. Van daar af het ons toe sonder teenspoed huistoe gery.

Vader kon dit nie bekostig om elke jaar met sy hele familie êrens te gaan vakansie hou nie, daarom was Alec en ek maar te bly om van tyd tot tyd uitnodigings te kry om vakansies by vriende op hulle plase deur te bring. Die plaas waar ons die meeste gekuier het, was Grootfontein, die plaas van mnr. Karel Claasen. Hy het vier seuns gehad, min of meer ons ouderdom, wat by hulle tante net oorkant die pastorie gebly het om op die dorp skool te gaan. Hulle was ons beste maats en het gereeld by ons in die agterplaas kom speel. Mnr. Claasen was 'n streng man en het sy seuns - en ook vir óns - gedurende vakansies goed ingespan. Ek kan onthou hoe ek soms selfs op Kersfees skape moes oppas. 'n Ander plaas waar ons ook dikwels gekuier het, was Trompsgraf, die plaas van my klasmaat, Johannes Viljoen, se pa.

Op Victoria-Wes het ek ook begin tennis speel. Vader was 'n goeie tennisspeler en het vir my een van sy ou tennisrakette gegee wat natuurlik gans te swaar was, maar beter as niks. Twee van my klasmaats, Kotie Verster en Reggie Eaton, wou ook begin tennis speel en toe het ons maar ons eie tennisbaan in die agterplaas van Reggie se ouers se huis gemaak. Dit was glad nie die regte grootte nie, ook maar ongelyk, maar weer beter as niks.

Die skool het glad nie in daardie dae tennisbane gehad nie, maar ons het darem later verlof gekry om soggens voor skool op die publieke bane te speel. By die skool op die dorp was daar ook geen swemfasiliteite nie. Ons het toe maar op 'n

eenvoudig in die program ingesluit waarmee hulle besig was. Dit het my dadelik tuis laat voel en my laat besluit om my oorgawe te hernu om voluit vir Christus te lewe. Dit het vir my so baie beteken dat ek weer na Caux gegaan het voordat ons terug is na Suid-Afrika!

Hoofstuk 11

# *MHB Konferensie in Pretoria*

As inwoners van Muckleneuk Lanterns het ons in die Gemeente Bronberg sorteer, waar ek as ouderling afgevaardig was na die Sinode van Noord-Transvaal in 1971. Die volgende jaar het die Algemene Sinode in Kaapstad gesit en was ek een van die ouderlinge wat Noord-Transvaal verteenwoordig het. Volgens die agenda sou die volkereverhoudings in Suid-Afrika bespreek word en ek het besluit dit is waar ek my oortuigings oor die belangrike saak moet uitspreek. Die geleentheid het toe ook gekom en hier volg wat ek gesê het:

*"Geagte Broer Voorsitter, die tyd het gekom dat die Kerk vir ons as 'n volk ten opsigte van volkereverhoudings in Suid-Afrika moet oproep tot bekering. In sy verslag sê die Kommissie vir Rasse- en Ekumeniese Sake, en ek haal aan: 'In die oproep tot bekering en heiligmaking wil die Kerk 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing tot stand bring wat 'n sterk band oor volksgrense heen tussen mense sal bring', aanhaling sluit. Van hierdie Sinode moet ook so 'n oproep uitgaan.*
*"Die toekoms van ons land is in die weegskaal. Verandering is onvermydelik. Die vraag is watter soort verandering dit gaan wees. 'n Vrywillige verandering wat kom as gevolg van skuldbelydenis en bekering of 'n gewelddadige verandering wat op ons afgedwing word.*
*"Vrees vir gevaar, hoe wesenlik ook al, mag egter nooit die belangrikste motief vir die Christen wees om dinge wat verkeerd is reg te stel nie. Ons moet dit doen omdat God dit vra en omdat ons volgelinge van Christus is. Daarom moet ons verhouding as blankes teenoor die nie-blankes bepaal word deur die gebod: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'. Dit geld nie net vir individue nie, maar vir die hele samelewing.*
*"As ons eerlik wil wees, moet ons erken dat so 'n liefde vir die swartmense nog in baie opsigte ontbreek. Die gevolg is vervreemding, misverstande, vooroordeel en spanning tussen*

*die verskillende bevolkingsgroepe.*

*"Om weergebore te wees en God lief te hê, is nog geen waarborg dat ons ons medemens, veral as hulle swart is, ook sal liefhê nie. Neem byvoorbeeld die geval van Petrus. Hy was reeds ver gevorder in sy geestelike lewe, 'n man vol van die Heilige Gees toe Cornelius, die Romeinse kaptein, hom op bevel van die Here laat roep het. As Jood was hy nog vol vooroordeel met 'n gevoel van meerderwaardigheid teenoor mense van ander volkere. Hy was nog steeds gebind deur sy Joodse tradisies. Met so 'n gesindheid sou hy natuurlik nooit die boodskap van Christus se liefde aan Cornelius kon bring nie. Sy gesindheid moes 'n totale verandering ondergaan. Dit het gebeur toe God in 'n gesig op die dak van Simon van Joppe vir hom gesê het: 'Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie!' Toe kon hy in Cornelius se huis ingaan omdat die Here hom vrygemaak het van sy vooroordeel en hom laat verstaan het dat God geen onderskeid tussen mense maak nie.*

*"Vooroordeel en 'n meerderwaardigheidsgevoel teenoor die nie-blankes is iets waarmee ons as blankes in hierdie land grootgeword het. Dit het deel van ons leefwyse geword. Dit maak dit egter nie minder sondig in God se oë nie, want dit verhinder ons om ware liefde teenoor die nie-blankes te betoon. Dit veroorsaak ook haat en bitterheid in hul harte teenoor ons.*

*"Miskien is daar diegene wat voel dat hulle reeds vry is van rassevooroordeel. Maar wat van daardie volksgenote van ons van wie ons die laaste tyd so dikwels in die koerante lees dat hulle Bantoes mishandel of met minagting teenoor hulle optree. Hulle is ons vlees en bloed. As Christene is ons geroepe om ons met hulle te vereenselwig net soos Daniël homself met die sondes van sy volk vereenselwig het".*

*"Dit is ook waar dat dit net so nodig vir die nie-blankes is om te verander. Maar ons moet eers die balk uit ons eie oog uithaal, dan sal ons kan sien hoe om die splinter uit ons broer se oog uit te haal. As ons verander dan is daar ook 'n kans dat hulle sal verander.*

*"Broer Voorsitter, die toekoms van ons volk hang grotendeels daarvan af in hoeverre ons dit gaan regkry om vriendskap, wedersydse vertroue en samewerking met die ander bevolkingsgroepe in ons land te bou. Dit is lewensbelangrik.*

*"Ons durf nie toelaat dat ons Afrikaner-trots ons verhinder om ons hand diep in eie boesem te steek, en God toe te laat om die nodige transformasie ten opsigte van die rassevraagstuk in ons*

*land te bewerk nie. As ons, soos Petrus, gehoorsaam is aan die woord van God, selfs wanneer dit bots met ons tradisie, kan ons ook die toekoms van ons volk en van die hele Suid-Afrika aan Hom toevertrou".*

Die reaksie van die Sinode was nie baie gunstig nie en daar is verder niks aan die saak gedoen nie. By dieselfde Sinode het prof. Ben Marais 'n baie rewolusionêre voorstel gemaak, nl. "Dat die NG Kerk besluit om sy deure oop te stel vir alle rasse". Dit het 'n hele opskudding veroorsaak, en toe daar oor die voorstel gestem is, het nie meer as 30 uit 500 daarvoor gestem nie. Toe 'n paar van ons na die vergadering vir Ben vra wat sy doel was met so 'n voorstel, aangesien hy goed geweet het wat die uitslag sou wees, was sy antwoord: "Eendag moet dit tog gebeur, en hoe gouer ons daarvoor begin veg hoe beter!" Soos Ben voorspel het, het dit omtrent sestien jaar later gebeur met die aanvaarding van Kerk en Samelewing.

Vanaf die eerste veelrassige konferensie in Lusaka in 1953, is anderskleuriges by al die konferensies en vergaderings van MHB ingesluit. Ons was oortuig dat versoening tussen die verskillende rassegroepe absoluut noodsaaklik was om 'n oplossing vir die probleem van Suid-Afrika te vind. In daardie dae was dit byna onmoontlik om 'n saal te vind waar die swartes ook toegelaat is. Daarom het ons vir ons konferensies groot tente opgeslaan op 'n perseel net buitekant Johannesburg wat 'n vriend van MHB aan ons geskenk het. Omdat, wat ons gedoen het, gebots het met die apartheidsbeleid van die Regering, moes ons baie weerstand en kritiek van die Regering en selfs van sommige kerke verduur. Dikwels het lede van die veiligheidspolisie ons byeenkomste *in cognito* bygewoon en op ons gespioeneer, maar hulle het nooit iets gekry waaroor hulle ons kon aankla nie. Inteendeel, daar was van hulle wat so beïndruk was met die getuienisse wat hulle gehoor het, dat hulle ons ondersteun het.

Toe 'n groep uit Suid-Afrika in 1972 die jaarlikse wêreldkonferensie van MHB in Caux, Switserland bygewoon het, is die vraag aan ons gestel of ons nie dink dat die tyd gekom het dat ons in Suid-Afrika 'n konferensie moet hou waarheen mense van ander lande, veral Afrika, ook genooi kan word nie? Daar was juis in daardie tyd baie gepraat oor die moontlikheid van dialoog tussen Suid-Afrika en die ander

Afrika-lande. “Maar”, het ’n hoë amptenaar van die Regering van Abessinië gesê, “dit lyk nie of dit sal gebeur op politieke gebied nie. Wat in Afrika nodig is, is die soort dialoog wat sal help om verantwoordelike leierskap vir die kontinent te vorm. Sal julle wat van Suid-Afrika, as die mees ontwikkelde land in Afrika, kom, dit dan nie oorweeg om so ’n konferensie te hou nie?”

Dit was vir ons ’n groot uitdaging. Ons het huis toe gegaan en baie daaroor gedink en gebid. Een oggend in my stiltetyd het dit vir my baie duidelik geword dat dit die wil van die Here is dat ons so ’n konferensie moet hou. Al my spanmaats, swart en wit, het saam- gestem dat dit reg is, en dat dit ’n internasionale byeenkoms moet wees. Dit het beteken dat ons die volle samewerking van ons oorsese spanmaats moes kry, asook toestemming van die Regering dat visums toegestaan sal word aan mense uit ander lande, veral uit Afrika, en dat swart en wit sal kan saamwoon in dieselfde hotel.

’n Groep van ons het toe die volgende jaar weer na Caux gegaan om ons vriende van oorsee oor die saak te raadpleeg. Almal het gevoel dat ons moet voortgaan met so ’n konferensie. Baie was selfs entoesiasties daaromtrent en het hulle volle samewerking aan ons belowe. Die volgende stap was om die Regering se toestemming te kry. Dr. Connie Mulder was destyds die Minister van Binnelandse Sake en dus die man vir wie ek moes gaan sien. Ek het hom daarop gewys wat dit vir Suid-Afrika kan beteken as mense van verskillende lande, wat goedgesind is teenoor ons land, hierheen kan kom om self te sien wat hier gebeur, instede daarvan om hulle oordeel te baseer op die negatiewe, en soms selfs valse beriggewing omtrent Suid-Afrika in die oorsese pers. Ek het hom ook daarop gewys dat ons veral mense uit Afrika wil nooi. Ek het ook gevra dat die Regering dit moontlik sal maak deur visums aan hulle toe te staan.

’n Verdere versoek was dat ons verlof gegee sal word om almal, wit en swart, in dieselfde hotel tuis te kan gaan, om twee redes: Eerstens ter wille van oorsese afgevaardigdes, op wie dit ’n baie negatiewe indruk sal maak as wit en swart geskei sal word, en tweedens ter wille van ons eie land se toekoms, omdat dit so noodsaaklik is dat ons mekaar beter sal leer ken en mekaar se vertroue sal wen. Dr. Mulder was die saak heeltemal

goedgesind, veral nadat hy die film van dr. William Nkomo gesien het, maar het verduidelik dat hy nie by magte is om self aan ons verlof toe te staan nie en dat hy die Kabinet sal moet raadpleeg. Na 'n paar dae het hy ons laat weet dat die Kabinet ons versoek in alle opsigte goedgekeur het, op voorwaarde dat die konferensie in 'n hotel gehou moet word wat deur die Regering goedgekeur was. Daarom is besluit om dit in die Burgerspark-hotel in Pretoria te hou.

As voorbereiding vir die konferensie is die volgende verklaring aan die media uitgereik, met die idee, om mense 'n begrip te gee van die doel van die konferensie:

*"Verteenwoordigers van Europa, Australië en Amerika, sowel as sommige Afrika state, sal die internasionale konferensie van Morele Herbewapening vir alle rasse gedurende die komende Paasnaweek in Pretoria bywoon. Die tema van die Konferensie is - 'n Samelewing vry van haat, vry van vrees en vry van hebsug.*

*"Dwarsdeur die wêreld volg krisis op krisis. Verandering is onvermydelik. Maar enige verandering wat nie tot die grondoorsaak van die krisis deurdring nie, is onvoldoende".*

*"Die vraagsukke waarmee Suidelike-Afrika te kampe het is nie in die eerste plek van politieke of ekonomiese aard nie, maar maak deel uit van die morele krisis in die wêreld. Daarom het ons 'n verantwoordelikheid teenoor ander volkere terwyl ons ook hulle hulp nodig het. By hierdie konferensie sal ons nie byeenkom om planne op papier uit te werk nie, maar om die Skepper se plan vir onsself en ons nasies te soek.*

*"Die doel van die konferensie is dus in die eerste plek om saam te beraadslaag wat dit beteken om God se heerskappy in ons eie lewens te kies en dit dan as rigsnoer in landsake te handhaaf.*

*"'n Ander doel sal wees om 'n gees van vriendskap en wedersydse vertroue tussen die verskillende rasse in Suid-Afrika op te bou. Die toekoms van ons land hang tot 'n groot mate af van goeie rassebetrekkinge en samewerking. Dit is nie iets wat vanself kom nie. Dit is alleen moontlik as gevolg van 'n verandering in die harte van beide swart en wit. Tensy ons gewillig is om te verander deur te erken waar ons verkeerd was en dit reg te maak, is die moontlikheid daar dat 'n gewelddadige verandering op ons afgedwing kan word.*

*"Soos dit in die uitnodiging uitgedruk word, hier is 'n doel*

*waarna almal, wit, swart en bruin kan mik. As ons dit aanvaar en uitlewe, sal dit 'n boodskap hê vir die wêreld en dan sal daar uit Suid-Afrika 'n antwoord vir al die nasies weerklink."*

Meer as 400 mense uit 26 lande het die konferensie van 9 tot 15 April 1974, bygewoon. Die openingsbyeenkoms is gehou in die groot saal van die Universiteit van Suid-Afrika. 'n Duisend mense was daar teenwoordig. Die burgemeester van Pretoria, raadslid CA Young, het die opening waargeneem en gesê: "In hierdie verbysterende wêreld skyn Morele Herbewapening soos 'n lig in die duisternis. Dit is een van die weinige waarborge teen selfvernietiging."

Onder die skare was daar regters van die Hooggeregshof, predikante, professore, swart leiers van die tuislande en stedelike woonbuurtes, en lede van die Indiër- en Kleurlinggemeenskappe. Die swart mannekoor, *Die Serenaders*, het aan die begin en einde van die aand se verrigtinge gesing.

Nadat die burgemeester die konferensie geopen het, het ek as voorsitter die vergadering toegespreek en gesê: "Het u al ooit daaraan gedink watter groot verantwoordelikheid God aan ons toevertrou het hier in Suid-Afrika, 'n land waarin al die probleme van die wêreld gekonsentreerd is?
"Die kern van die probleem is 'n morele probleem wat te doen het met menslike verhoudings. Daarvoor is daar maar net een antwoord, nl. 'n verandering in die harte van mense, van beide wit en swart. Niks anders is by magte om 'n samelewing vry van haat, vry van vrees en vry van hebsug tot stand te bring nie."

Dr Malcolm Mackay van Australië het gesê: "Toe ek 'n jaar gelede afgedank is as Minister van die Vloot, het ek heeltemal sinies en wantrouig geword omtrent die toekoms van die mensdom, maar daarna het ek iemand van Morele Herbewapening ontmoet wat my weer nuwe moed vir die lewe gegee het. Hy het my laat verstaan dat daar maar net een plek is om te begin, dit is by myself. Ek wis dat menslike wysheid nie die antwoord is nie, daarom was ek gereed om te aanvaar dat die enigste hoop vir die mensdom en vir my kinders was, dat God 'n plan het. Toe het ek gedoen wat u van andere ook al gehoor het nl. om God te vra om beheer te neem van my hele lewe."

Die volgende spreker was madame Irène Laure, dieselfde Irène Laure waarvan in hoofstuk 7 melding gemaak is. Soos reeds gesê was sy 'n volksraadlid in die Franse Parlement en die leier van die vroue van die Sosialistiese Party. Van haar en haar man het beide, kanselier Adenauer van Duitsland en Robert Schuman, die Franse Staatsman, gesê dat hulle meer gedoen het as enigiemand anders om versoening tussen Duitsland en Frankryk tot stand te bring. Sy het gesê: "Gedurende die ses weke wat ons na die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland was, het ons by 200 geleenthede die Duitsers om vergifnis gevra vir die haat wat ons teen hulle gekoester het. Dit lyk vir my dit is die enigste weg waarlangs ons 'n nuwe samelewing tot stand kan bring. Saam kan ons 'n nuwe wêreld bou, want dit is waarna die mensdom verlang. Mense is nie alleen honger vir voedsel nie, hulle smag na hoop vir die toekoms, hulle wil nie net werk vir hulle hande hê nie, maar ook dit wat die diepste verlange van hulle harte sal bevredig. Dit is wat ons vir mense moet gee."

Sy edele, regter CJ Claassen, wat kort tevore as regter van die Hooggeregshof afgetree het, het gesê: "Ek was bevoorreg om teenwoordig te wees by die Wêreldkonferensie van Morele Herbewapening in Caux, Switserland, toe sewentig mense van Japan deur hulle regering daarheen gestuur is. Daar het hulle tot totale nuwe insigte gekom, soveel so dat toe hulle op besoek in Amerika die geleentheid gekry het om die lede van die Huis van Verteenwoordigers toe te spreek, hulle leier openlik vir die mense van Amerika om verskoning gevra het vir wat in Pearl Habour gebeur het, en vir die gedrag van die Japanse soldate gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Vandaar het hulle teruggegaan na Japan. Toe het selfs die eerste minister van Japan die lande in Oos-Asië, wat deur Japan in die oorlog oorval is, besoek en persoonlik om verskoning gevra vir wat die Japanse soldate gedoen het. Dit het gelei tot 'n nuwe verhouding van samewerking tussen Japan en die lande van die Verre-Ooste en selfs ook tussen Japan en Amerika."

Mnr. Piet Naudé, 'n boer van Hoedspruit, het 'n groot indruk op die konferensie gemaak. Hy was vroeër bekend as 'n "sambokboer", vanweë die hardhandige manier waarop hy sy swart arbeiders behandel het. Hy het gesê: "'n Tyd gelede het my vrou en ek byna besluit om op te hou boer. My volk wou nie

werk nie. Ons het alles probeer. Maar toe gee iemand vir ons aan die hand dat as ons na die Here luister, sal Hy vir ons sê wat om te doen. Ons het toe gebid en geluister en duidelik het die antwoord gekom: "Jy is 'n diktator en gee nie werklik vir jou werksmense om nie." Dit was waar en ek het daar en dan besluit om te verander. Toe ek die volgende oggend my arbeiders ontmoet en vir hulle sê: "Goeie môre," het hulle nie geweet wat hulle getref het nie. Nou beskou ek hulle nie meer net as my werksmense nie, maar ook as werkers in God se koninkryk." Hy het ses van sy werksmense saamgebring na die konferensie. Hulle het in hulle eie taal, Tsonga, vertel hoe die Here hulle verlos het van dagga, dronkenskap, onsedelikheid, diefstal, bakleiery en towery.

Verslae van die konferensie is in al die koerante van die land gepubliseer. In die Pretoria *"Oggendblad"* het prof. JA Heyns van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, die betekenis van die konferensie as volg opgesom: "Geoordeel na alles wat uit die konferensie voortgespruit het, is dit duidelik dat daar by MHB 'n diepe besorgdheid bestaan oor die morele en geestelike nood in die wêreld. Volgens hulle is persoonlike verandering nie genoeg nie. Dit moet ook uitloop op nasionale en internasionale verandering. Die wêreld is vol van korrupsie, oneerlikheid, haat en jaloesie, onsedelikheid en begerigheid.
"Gelukkig is daar mense wat opstaan om dié dinge te veroordeel, maar wat ook getuig dat daar 'n ander lewe moontlik is, 'n lewe van oorwinning deur Hom wie se kruisdood ons juis hierdie Paastyd herdenk."

Intussen was MHB ook in Zimbabwe werksaam, waar verskillende van ons Britse spanmaats gehelp het om die werk te ontwikkel, mense soos Kit Prescott, Henry Macnicol en Guinevere Morton wat 'n huis in die destydse Salisbury gekoop het om as sentrum vir die werk te dien. In daardie tyd het daar 'n wonderwerk in die lewe van Alec Smith, die seun van die eerste minister, Ian Smith van Rodesië, nou Zimbabwe, gebeur. Hy was 'n student aan Rhodes Universiteit in Grahamstad, maar as gevolg van drank- en dwelmmisbruik het hy geen vordering met sy studies gemaak nie, en na twee jaar is hy uit die Universiteit geskors. Dit was vir sy ouers 'n groot teleurstelling. Nog meer so toe hy betrap is met die smokkelhandel van dwelmmiddels, skuldig bevind is en met 'n

stywe boete gevonnis is. Tog, sê hy, het sy ouers hom nie verwerp nie, en dit was juis in daardie tyd dat hy in sy nood bewus geword het dat daar 'n God is wat omgee. Hy het 'n rolprent oor die lewe van Jesus Christus gesien en een aand op pad huistoe het hy duidelik 'n stem gehoor wat vir hom sê: "Gaan huistoe en lees die Nuwe Testament," wat hy toe gedoen het. Dit het daartoe gelei dat hy saam met 'n vriend kerk toe gegaan en sy lewe aan Christus oorgegee het.

Alec sê dit was eers nadat hy verander het dat hy bewus geword het van die toestand in sy land en hoedat daar teenoor die swartes gediskrimineer word. In 1974 was die oorlog reeds twee jaar aan die gang en hy pas 'n Christen vir agtien maande. Dit is toe dat hy begin besef dat hy as Christen hom nie kan losmaak van wat in sy land gebeur nie, en dat God 'n antwoord vir die situasie moet hê. Dit was terwyl hy oor hierdie dinge nagedink het en die Here gevra het wat vir hom te doen staan, dat hy van die mense in MHB ontmoet het. Deur hulle het hy geleer dat persoonlike verandering nie genoeg is nie, maar dat hy ook 'n verantwoordelikheid het teenoor ander mense en veral teenoor sy land. Hy het besluit om sy lewe vir God beskikbaar te stel om hom te gebruik soos Hy wil.

Van toe af het hy met die mense van MHB saamgewerk en aktief deelgeneem aan die voorbereidings van 'n internasionale konferensie in Salisbury (Harare). Die konferensie het die volgende jaar 1975 plaasgevind. Baie Suid-Afrikaners, swart en wit, het die konferensie bygwoon, onder andere ook Joey, ek en ons jongste dogter Suzan. Daar was ook 'n swart predikant van die Metodiste Kerk van Zimbabwe, Arthur Kanodereka. Hy het geen belang gehad in die konferensie nie, maar sy kerk het hom afgevaardig om dit by te woon. Hy het die witman gehaat en was 'n groot ondersteuner van die rebelle in die bosoorlog. Alec se getuienis het 'n diep indruk op Arthur gemaak, veral dat God by magte is om 'n mens se hart so te verander dat hy 'n totale nuwe mens word. Hy sê dat gedurende die konferensie daar iets nuuts in sy hart gekom het. Hy het besef God maak geen onderskeid tussen swart en wit nie en dat jy nooit iemand kan verander deur hom te haat nie, jy maak hom net erger. Dit was nie dat sy politieke oortuigings verander het nie. Hy was nog 'n uitgesproke swart nasionalis, maar hy het tot die insig gekom dat geweld nie God se manier van doen is nie en dat die liefde 'n baie groter krag is as haat.

Na die konferensie het daar 'n intieme vriendskap tussen Alec en Arthur ontwikkel. Dit het so gebeur. Arthur het 'n groot kerk in Harare, die swart woonbuurt van Salisbury, gehad. Omdat hy oortuig was van die behoefte van versoening tussen wit en swart, het hy besluit om ook wittes na sy kerk te nooi. Met die eerste geleentheid dat hy so 'n diens gereël het, het hy vir Alec gevra om die gehoor toe te spreek. Alec vertel hoe benoud hy was toe hy daar kom en ry na ry jong swart manne sien sit wat van die hostels net agter die kerk gekom het. Net kort tevore was daar 'n opstand tussen die polisie en die hostelbewoners. Dertien is deur die polisie doodgeskiet. Met vrees en bewing het Alec opgestaan om te praat, nadat Arthur vir hom voorgestel het as die seun van die man wat hy die meeste gehaat het. Alec het eenvoudig vertel hoedat die Here vir hom as 'n arrogante en onverantwoordelike witman, verander het. Tot sy verbasing het al daardie jong manne na die diens na vore gekom om sy hand te skud. Van toe af het Arthur en Alec soos 'n span saamgewerk, nie net in Zimbabwe nie, maar in baie dele van Afrika en ander oorsese lande.

Hoofstuk 12

# *Brief aan die Eerste Minister*

In 1978 het ek die gedagte gehad om 'n brief aan die eerste minister, dr. BJ Vorster te skrywe en my oortuigings omtrent die beleid van die regering teenoor die swart mense duidelik te stel. Dit is wat ek geskryf het op 12 Mei 1978:

*"Geagte dr. Vorster*
*Weens die ernstige omstandighede waarin ons land verkeer en die onsekerheid van die toekoms, tensy ons die vertroue en samewerking van die ander bevolkingsgroepe kan wen, het ek myself gedwonge gevoel om voor God rekenskap te gee van waar ek staan ten opsigte van ons beleid veral teenoor swartmense. In alle redelikheid en opregtheid wil ek my gedagtes aan u meedeel en sal dit baie hoog op prys stel om van u te verneem hoe u voel oor die sake wat ek aanvoer en, indien moontlik, hulle met u te bespreek.*
*"Ek skryf as 'n Afrikaner wat my land liefhet en groot dank aan hom verskuldig is. Ek is dankbaar vir 'n Christelike voorgeslag en toegewyde ouers, vir die voorreg om aan die Universiteit van Stellenbosch te kon studeer, vir die kerk waarin my geloof gevoed en opgebou is, en vir die voorreg om my land op die rugbyveld te kon verteenwoordig.*
*"Ek is ook dankbaar vir wat die Regering die afgelope paar jaar gedoen het, en nog beplan, om die lewensloop van swartmense te verbeter en hulle waardigheid as mense te respekteer. God is geen aannemer van die persoon nie en Hy maak geen onderskeid tussen wit en swart nie. Moet daar dan nie ook veel meer gedoen word om dit moontlik te maak dat wit en swart saam oor die toekoms sal beraadslaag nie? Dit kan tog nie reg wees dat ons as blankes sal besluit wat die beste vir swartmense is nie?*
*"As Christene glo ons dat God ons met 'n spesifieke doel na Suid-Afrika gebring het. As dit so is, moet ons dan nie aanneem dat dieselfde God ook 'n doel het met die swartvolke*

*wat hier woon, en dat dit sy wil is dat ons in liefde en wedersydse vertroue saam sal lewe nie?*

*"Maar wat vind ons? Die meeste swartmense haat ons. Hulle voel verontreg en verdruk in die land van hulle geboorte. Dit is 'n feit waarmee ons rekening moet hou en probeer vasstel waarom dit so is. Die diskriminerende wetgewing mag daartoe bygedra het, maar ek glo die ware oorsaak lê baie dieper. Onlangs het 'n swart predikant op 'n konferensie vir versoening tussen wit en swart Christene gesê: "Die witmense hoor ons woorde, maar nie die smart in ons harte nie". Hoewel ons meestal nie daarvan bewus is nie, word daardie smart veroorsaak deur vooroordeel en meerderwaardigheid in ons houding teenoor swartmense as gevolg van ons 'baasskap' in die verlede.*

*"Die van ons wat sê dat ons niks het om oor skaam te wees wat ons optrede teenoor swartmense betref nie, hou nie rekening met die werklikheid nie. Honderde lewens is reeds ingeboet as gevolg van die verdeeldheid en botsings tussen wit en swart, hulle huisgesinne word opgebreek omdat materiële voordeel dikwels by ons swaarder weeg as die behoeftes en gevoelens van mense. Duisende swartmense lewe onder omstandighede waaronder geen mens behoort te lewe nie, terwyl ons miljoene spandeer aan dinge waarsonder ons maklik kan klaarkom. Dan is daar ook die diskriminasie wat onderwys betref. Hoe kan ons dit ooit voor God regverdig dat ons tien maal soveel aan die opvoeding van 'n wit kind as die van 'n swart kind spandeer? En wat van die dinge wat onlangs aan die lig gekom het omtrent die mishandeling van gevangenes en aangehoudenes?*

*"Natuurlik is daar skuld aan albei kante. Selfs wanneer pogings aangewend word om beter verhoudings op te bou wil baie swart mense, veral die jongeres, niks met blankes te doen hê nie. Ons skryf dit toe aan die invloed van "swart mag" en kommunisme, maar vergeet dat ons tot 'n groot mate verantwoordelik is vir die lewensomstandighede waarin kommunisme floreer. Dit help ook nie vir ons om hulle op die gevolg van kommunisme te wys nie, want juis omdat dit die witman is wat hulle waarsku, word hulle belangstellings in die ideologie opgewek.*

*"Ons kan nie ons hande in onskuld was nie. As ons ons land liefhet en as Christene wil sien dat God sal heers, nie net in ons hart nie, maar ook in ons landsake, sal ons die prys moet betaal om Christus se weg te volg, naamlik om eers die balk*

*uit ons eie oog te haal voordat ons ons swart broers kan help om te sien waar hulle ook moet verander.*
*"Ons erken almal dat diskriminasie verwyder moet word, maar verandering in die wetboek is nie genoeg nie. Wat nodig is, is 'n eerlike erkenning van skuld en verandering van gesindheid om die versoening teweeg te bring wat geweld sal vermy en al die bevolkingsgroepe sal besiel om saam te staan en Suid-Afrika die land te maak wat God wil hê dit moet wees.*
*"Ek glo dat God 'n plan en 'n antwoord het vir elke vraagstuk waarmee ons te kampe het. Die probleme waarmee ons hier worstel is nie beperk tot ons eie land nie. Hulle is maar net 'n voorsmaak van die probleme wat die ryk en die arm lande in die gesig staar. Kan dit wees dat ons hier in die suidpunt van Afrika, as nageslag van die Voortrekkers, weereens geroep mag word om in die geloof 'n weg te baan wat 'n oplossing sal wees, nie net vir ons eie land nie, maar vir baie ander lande?*
*"Wees verseker daarvan dat waar ek baie bewus is van die moeilike en veeleisende taak waartoe u geroep is, ek gereeld vir u bid dat God u die nodige insig in sy wil sal gee en die moed en krag om dit uit te voer.*
*Met vriendelike groete".*

Dr. Vorster se antwoord was tipies van die denke van ons politieke leiers in daardie dae. Hier volg sy antwoord:

*"Geagte ds. Daneel,*
*Ek het u brief van 12 Mei ontvang en was geskok deur die Van der Kemp-en Philip-argumente wat u klakkeloos opdis en tesame met die Black Sash- standpunte aan die deur van die blankes lê.*
*"Hoeveel maal het ek nie al in die openbaar blankes aangespreek oor onnadenkende en self onbeskofte optrede teenoor mense van 'ander kleur' nie? Maar daar het, en dit het ek vir hulle gesê, nog geen woord van enige Swart leier gekom teenoor hulle mense, wat arrogant en onbeskof teenoor blankes optree nie. Dit kom beslis nie net van een kant nie, inteendeel.*
*"U wil nou net 'n skuld gevoel by blankes opwek en ook al die skuld aan hulle deur lê. Daarteen neem ek eksepsie. U brief wemel van denk- en feitefoute, te wete ten opsigte van bedrae beskikbaar vir onderwys, die besluitnemingsproses, mishandeling, ens. Sodra ek die tyd kan vind, sal ek óf vir u volledig skrywe, óf 'n afspraak met u maak.*
*Die uwe, BJ Vorster"*

Dr. Vorster was so goed soos sy woord en het vir my die geleentheid gegee om 'n onderhoud met hom te hê. Hy het vir my 'n duidelike uiteensetting gegee van die regering se beleid en my nie veel kans gegee om my standpunt te stel nie. My gevoel daarna was dat ek niks bereik het nie en dat dr. Vorster steeds oortuig was hy is reg en ek is verkeerd.

Maar gelukkig was dit nie die end van die storie nie. Nadat dr. Vorster uit die politiek getree het, het hy kort voor sy dood by 'n groot vriend van hom besoek afgelê. In hulle gesprek met mekaar het hy melding gemaak van my brief en bygevoeg: "Daneel was tog reg".

In dieselfde jaar het 'n Engelse diplomaat, Archie Mackenzie en sy vrou Ruth, wat Engeland verteenwoordig het by die Verenigde Volke, Suid-Afrika besoek in verband met die werk van MHB. In Kaapstad het hulle mnr. Japie Basson, 'n Volkraadslid van Suidwes-Afrika, ontmoet, wat hulle aangemoedig het om ook Suidwes te besoek. Japie kon self nie gaan nie, maar het al die reëlings getref vir Archie en Ruth om saam met 'n paar ander werkers van MHB na Windhoek te gaan. Van toe af het Bremer en Agnes Hofmeyr of Joey en ek elke jaar Windhoek vir 'n paar maande besoek en baie vriende gemaak.

Gedurende een besoek het ek baie siek geword en die persoon wat haar oor my ontferm het, was die vrou van die administrateur, mnr. AH du Plessis. Ons was in 'n klein woonstelletjie tuis, maar toe ek beter word, het mev. Du Plessis, wat saam met haar man in die offisiële administrateurswoning gebly het, hulle privaat woning net buitekant Windhoek vir ons aangebied. Dit was 'n groot gerieflike huis waar ons toe vir ten minste 'n maand in weelde gewoon het.

In 1982 het Joey en ek duidelik leiding gehad dat dit nie goed genoeg was om Suidwes net van tyd tot tyd te besoek nie, maar dat ons daar 'n meer permanente tuiste moet vestig. So het dit gebeur dat Bremer en ek na Windhoek gevlieg het met die doel om 'n woonstel te huur. Tot ons verbasing moes ons van die huisagente wat ons geraadpleeg het, verneem dat daar in Windhoek geen woonstelle te huur was nie – almal was beset. Daar was heelwat huise beskikbaar maar nie woonstelle nie. Toe ons ons nood teenoor een van die huisagente bekla, en

hom vertel waarvoor ons 'n woonstel nodig het, sê hy dat daar een woonsteleienaar was, wat nie sy woonstelle deur agente laat verhuur nie, maar dit self doen. Hy bied toe aan om die man te bel en 'n afspraak te maak. Die agent sê toe vir die eienaar oor die telefoon dat 'n sekere ds. Daneel wat op Grahamstad predikant was, hom wil sien en toe hy hoor wie dit is, het hy gesê dat ons dadelik kan kom. Toe ons daar kom sê hy ek sal hom nie ken nie, maar sy vrou was in my katkisasieklas op Grahamstad en praat nog steeds oor wat dit vir haar beteken het. Hy was werklik gretig om ons te help, maar al sy woonstelle was ook beset. Hy belowe toe egter dat hy die eerste woonstel wat oopval vir ons sal reserveer. Met dit is Bremer en ek toe maar terug huistoe. Dit was op 'n Saterdag. Die volgende Maandagoggend om 10 uur kom daar 'n telefoon oproep van die eienaar om te sê dat een van sy huurders dringend moes terugkeer na Suid-Afrika en dat ons sy woonstel kan kry. Daar was by my geen twyfel nie dat die hand van die Here daarin was en dat dit ook 'n versekering was dat dit reg was om na Namibië te gaan. So het Joey en ek in November 1982 na Windhoek vertrek met die gedagte dat iemand anders na ses maande ons sou verplaas. Dit het egter nie gebeur nie en in stede van ses maande het ons meer as sewe jaar daar gebly.

Die woonstel wat ons gekry het was baie gerieflik met twee slaapkamers en 'n lekker balkon aan die noordekant. So lank soos ons albei ouderdomspensioen ontvang het, kon ons die huur bekostig, maar na twee jaar het ons kennis gekry van die administrasie dat ons nie meer geregtig is op ouderdomspensioen nie omdat ons 'n woonstel in Pretoria besit en dat dit ons bates opstoot tot bokant die maksimum kapitaal wat toegelaat word vir pensioenarisse. Ons wou nie die woonstel in Pretoria verhuur nie omdat ons wis dat ons dit van tyd tot tyd sou nodig kry en ook omdat ons dit beskikbaar gestel het vir mense van MHB om daarvan gebruik te maak. Maar net soos die Here altyd vir ons gesorg het, het Hy ook hierdie keer voorsien. Ons vind toe uit dat daar woonstelle in Windhoek is, spesiaal vir pensioenarisse, waarvan die huur minimaal was. Ons doen toe onmiddellik aansoek en kry 'n woonstel teen R30 per maand. Dit het wel net een slaapkamer gehad maar was heeltemal voldoende vir ons behoeftes met 'n gerieflike stoepie aan die noordekant waar ons gedurende die winter lekker in die son kon sit.

Gelukkig het ons toe al heelwat mense in Windhoek geken as gevolg van ons vorige besoeke. Dit was ook nie moeilik om vriende te maak nie, want die mense van Suidwes was bekend vir hulle vriendelikheid en gasvryheid. Een man veral het ons by baie van sy vriende voorgestel. Hy was Andrew Kloppers, 'n kleurling en een van die bekenste persone in Windhoek. Hy was die leier van die sterkste politieke party onder die kleurlinge. Daar het 'n groot verandering in sy lewe plaasgevind waarvan hy nooit skaam was om te getuig nie. Hy het ook van tyd tot tyd mense na sy huis genooi om aan ons bekend te stel, en om die een en ander van ons rolprente, wat die boodskap van verandering duidelik uitbeeld, te sien. Hy het twee maal saam met ons na die jaarlikse konferensie van MHB in Caux, Switserland gegaan en baie ander ook aangemoedig om te gaan, o.a. twee van sy seuns en hulle vroue. 'n Ander politikus wat ook na Caux gegaan en verander het was 'n Ovambo, Paul Helmuth. Hy was 'n prominente leier van Swapo (South West African People's Organisation) wat vyf jaar opleiding in Rusland gehad het. Hy het Swapo verlaat toe hy uitgevind het hoe korrup sommige van die leiers was. Hy het getuig hoe die Here al die haat en bitterheid teenoor die witman uit sy lewe verwyder het.

Iemand wie se vriendskap ook vir ons baie beteken het, was dr. Piet en Heidi Basson. Hy was die staat-veearts op Grootfontein, by wie ons dikwels tuisgegaan het, veral op besoek na Ovamboland. Ons het vir Piet leer ken toe hy verander het as student op Onderstepoort net buitekant Pretoria. Hy het ons ook bekend gestel aan Hans en Ulli Ernst, boere net buitekant Grootfontein, wat ook groot vriende van ons geword het. 'n Kleinneef van my, Johan Retief en sy vrou Anita het ook in Windhoek gewoon. Ons het dikwels by hulle aan huis gekom. Hy was 'n ingenieur in die Departement van Waterwese. Op 'n keer toe hy en 'n paar ander ingenieurs van Waterwese op inspeksie in die noorde van Suidwes was, het die helikopter waarmee hulle gereis het, geval. Ons was bly dat ons daar was om Anita in haar droefheid by te staan. Sy is 'n baie toegewyde Christen en is een van ons beste vriende met wie ons nog geduriglik in kontak is. 'n Ander paar wat nog altyd intieme vriende van ons is, is Coen en Ingrid van Graan. Hy is 'n argitek en het die grootste gebou in Windhoek, die Sanlam-gebou, ontwerp. Voor ons in Windhoek gewoon het, het ons dikwels by hulle tuisgegaan en hulle was ook altyd gereed om

oorsese vriende, wat ons kom help het, te huisves.

Ons was bevoorreg om die hele onafhanklikheidsproses van Suidwes, nou Namibië, deur te maak. Swapo, onder die leierskap van mnr. Sam Nujoma, het vir jare lank die Suid-Afrikaanse regering beveg met die hoop om Suidwes te verower. Hulle het hulle aanslag vanuit Angola geloods, maar die Suid-Afrikaanse Weermag, wat 'n groot aantal troepe op die grens tussen Angola en Suidwes ontplooi het, het elke poging van Swapo om Suidwes in te val, afgeweer. Dit het Suid-Afrika 'n enorme som geld gekos om die troepe daar te onderhou. Dit en ander omstandighede het uiteindelik die Suid-Afrikaanse regering daartoe beweeg om in te willig tot die onafhanklikheid van Suidwes. Die Verenigde Nasies is gevra om toesig te hou oor die proses van onafhanklikheidswording. Duisende troepe en personeel is na Suidwes gestuur om die vrede te bewaar en te sorg dat die verkiesing vry en regverdig sal wees. Die verwagting by die meeste mense was dat die verkiesing met geweld gepaard sou gaan, maar net die teenoorgestelde het gebeur. Die verkiesing het rustig en in vrede plaasgevind. Persoonlik glo ek dat dit 'n antwoord was op gebed.

Voor die verkiesing het groepe Christene oral in die land bymekaar gekom om die land en die verkiesing aan die Here op te dra. Joey en ek het self by sulke groepe in Windhoek ingeskakel. Dit was ook gesê dat selfs na die verkiesing daar nie vrede sal wees nie. As Swapo wen, so het hulle gesê, sal die Hereros, die aartsvyande van die Ovambos, en dus ook van Swapo, die stryd voortsit, want hulle sal nooit 'n Swapo-regering aanvaar nie. Dit het nie gebeur nie, en Swapo het etlike Hereros in hulle kabinet ingesluit. Omdat Swapo nie met 'n twee-derde meerderheid gewen het nie, moes hulle die demokratiese grondwet wat deur die grondwetlike vergadering opgestel is, aanvaar en boonop het hulle besluit om 'n beleid van versoening te volg. Tot vandag toe nog bestaan daar 'n baie goeie verhouding tussen die swartes en die blankes.

Voor die verkiesing het Piet Basson en ek die volgende advertensie in verskillende koerante geplaas:

***"Die Namibië waarna ons verlang-***

*'n Namibië wat regeer sal word deur manne wat in God glo en sy gesag aanvaar.*

*'n Namibië waar mense nie volgens hulle velkleur nie, maar volgens hulle karakter beoordeel sal word.*

*'n Namibië waar genoegsame werksgeleenthede geskep kan word om armoede en hongersnood baas te raak en waar die geestelike honger van mense ook bevredig sal word.*

*'n Namibië waar daar vrede, vryheid, versoening en voorspoed sal wees.*

*Vrede is meer as die afwesigheid van oorlog. Dit bestaan waar verdraagsaamheid en liefde heers, liefde selfs vir ons vyande, en waar die reg van bestaan aan elkeen gegun word.*

*Vryheid is slegs moontlik wanneer Christus ons vrygemaak het om volgens sy standaarde van eerlikheid, reinheid, onselfsugtigheid en liefde te lewe en God se wil te gehoorsaam.*

*Versoening eis dat ons sal vergewe wat ander aan ons gedoen het en vergifnis sal vra vir wat ons aan ander gedoen het.*

*Voorspoed sal volg wanneer ons die belange van die land as geheel eerste stel bokant ons eie belange.*

*Kies dan vandag wie julle wil dien; wat my en my huis betref, ons sal die Here dien (Joshua 24:15).*

*Hierdie is 'n oproep tot almal in hierdie land om God te vertrou, wat ook al mag gebeur, en om vir die verkiesing te bid dat God se wil sal geskied.*

*Hierdie oproep kom van Namibiërs wat betrokke is by Morele Herbewapening, 'n beweging wat werksaam is in verskillende lande, ook in Afrika, met die doel om God se heerskappy in die lewens van mense en van nasies te vestig."*

Die Afrikaanse koerant, Die Republikein was so beïndruk met die bewoording, dat hulle dit gratis op 'n volblad gepubliseer het, terwyl die Swapo-koerant, The New Namibian, dit vir halfprys in Engels, Afrikaans en die Ovambo-taal geplaas het.

Hoofstuk 13

# Aftree-oord en daarna

In April 1990 het ons 'n brief van mnr. Cas van Antwerpen, die bestuurder van die aftree-oord, Huis Herfsblaar, in Queenswood Pretoria ontvang om te sê dat ons name bo-aan die waglys is en dat ons die volgende woonstel wat oopval kan kry. Drie of vier jaar tevore het my suster Kitty, wat 'n inwoner van Huis Herfsblaar is en baie graag wou hê dat ons ook daarheen moes kom, ons name op die waglys laat sit, 'n waglys van omtrent twee honderd persone. Destyds was ons meer geïnteresseerd in 'n aftree-oord, Riviera Huis, wat aan die noordekant van Meintjieskop gebou sou word, en waarvoor ons reeds 'n deposito betaal het. Maar toe ons die brief van Huis Herfsblaar kry, het ons besluit om die aanbod te aanvaar aangesien Riviera Huis nie die nodige lening kon kry om te bou nie. Gevolglik het ons kort daarna alles ingepak om na Pretoria te verhuis. Voor ons vertrek het, het Coen en Ingrid van Graan vir ons 'n afskeidspartytjie by hulle huis gereël en sowat twintig van ons mees intieme vriende genooi. Ons het dit besonder waardeer, veral toe Ingrid 'n dag of twee daarna vir ons 'n album gee met boodskappe en foto's van almal wat teenwoordig was. 'n Ander vriend het weer al ons meubels en ander toebehore gratis met een van sy meubelwaens na Pretoria vervoer. Werklik, ons vriende in Windhoek het ons oorlaai met liefde en geskenke. Met die meeste van hulle bly ons nog steeds in kontak.

Pas nadat ons in ons woonstel in Pretoria geland het, het die opruimwerk begin en is die wiele aan die rol gesit om die woonstel te verkoop. Omdat die woonstel in Huis Herfsblaar maar net een slaapkamer en nie baie pakplek het nie, het dit fyn beplanning gekos om te weet wat om te behou en waarvan om ontslae te raak. Gelukkig kon ons baie van die goed wat ons nie kon saamneem nie aan Marie-Louise en Suzan gee. Die res is op 'n vendusie verkoop. Gevolglik moes ons al ons besittings in drie verdeel, een deel vir Huis Herfsblaar, 'n ander deel vir die kinders, en 'n derde deel vir die vendusie.



*George en Joey saam met me. Mima Louw wat ons aan mekaar voorgestel het.*

Dit het nie maklik gegaan om die woonstel te verkoop nie. Kopers was skaars en die markwaarde van eiendom het baie geval, sodat, toe ons uiteindelik 'n koper kry, ons met baie minder tevrede moes wees as wat ons oorspronklik in gedagte gehad het. Die dag om te verhuis het uiteindelik aangebreek. Gelukkig het vriende ons kom help inpak, veral op die dag van my verjaarsdag, 29 Augustus. Twee dae later op die 31ste Augustus 1990, het ons in Huis Herfsblaar ingetrek.

Kort nadat ons in Huis Herfsblaar ingetrek het, het Joey en ek, ons goue bruilof op 22 Desember 1990 gevier. Ons troudag is eintlik die 28ste Desember, maar omdat ons graag as familie saam wou gaan vakansie hou aan die Natalse Suidkus en daar saam Kersfees wou vier, het ons dit gereël vir die 22ste. Ons skoonseun, Johan Steyn, die besturende direkteur van Speskom, 'n elektroniese maatskappy, het goedgunstiglik aangebied dat die onthaal in die eetkamer van Speskom se gebou in Midrand gehou kon word. Charlotte het spesiaal uit Holland gekom saam met haar twee seuns, Frits en Karel, maar haar dogter, Hanneke, het nie gekom nie omdat sy vroeër die jaar in Suid-Afrika was om fotografie te studeer. Charlotte, Marie-Louise en Suzan was verantwoordelik vir al die reëlings. Hulle het maar net familie uitgenooi behalwe 'n paar spesiale vriende van ons. Joey en ek

was nie toegelaat om die eetsaal binne te gaan voordat alles nie gereed was nie. Maar watter verassing het ons nie te beurt geval toe ons uiteindelik kon ingaan nie! Daar aan die muur het vier groot geraamde portrette gehang van ons troue op Ermelo vyftig jaar gelede. Destyds was daar nie 'n fotograaf op Ermelo nie, hy was glo met vakansie. Toe het een van die familie maar 'n paar kiekies met so 'n klein bokskamera geneem net toe ons uit die kerk gekom het. Op een of ander manier het Charlotte die negatiewe van die kiekies in die hande gekry en in Holland vergrotings daarvan laat maak.

Ons kon nie glo wat ons sien nie. Dit het kompleet gelyk soos foto's deur 'n professionele fotograaf geneem. Ons en die drie dogters het toe elkeen so 'n foto gekry.

Verder was dit 'n baie aangename funksie. Bremer Hofmeyr het die heildronk ingestel en Mima Louw, 'n lewenslange vriendin van Joey, wat "maid-of-honour" op ons troue was, het ook 'n toespraak gemaak. Daarna het beide Joey en ek geantwoord.

Twee dae later is ons almal Suidkus toe. Ons kinders en kleinkinders het twee chalets gehad in Ulster, terwyl Joey en ek genooi was as gaste van Boet van Rensburg, die eienaar van die Port Edward Hotel, om in sy hotel tuis te gaan. Boet het 'n rugby-museum by sy huis en ons vriendskap het begin toe hy vir my 'n splinternuwe Springbokbaadjie laat maak het in ruil vir my ou verslete Springbokbaadjie van 1928.

Die vakansie het begin met 'n heerlike Kersete op dieselfde aand wat ons daar aangekom het. Die volgende dag was Kersfees. Gelukkig het Boet vir ons gewaarsku dat ons vroeg na die Kersdiens moes gaan, anders sou ons nie plek kry nie. Die saal waar die diens gehou is, was stampvol en honderde mense moes maar buite op die stoep staan. Gelukkig het Joey darem sitplek gekry en ek het maar 'n stoel met iemand anders gedeel. Die twee weke wat ons daar was, was dit byna elke dag mooiweer sodat ons die meeste dae op die strand kon deurbring, en dikwels ook kon tennis speel. Dit was werklik salig om so twee weke saam met ons kinders en kleinkinders te kon deurbring.

Die volgende jaar in Junie was dit weer, my broer, Marthinus en sy vrou, Ella, se goue bruilof. Kitty, Joey en ek besluit toe

om per motor Strand toe te ry, maar om oral langs die pad by familie te kuier. Weens ons ouderdom wou ons nie meer as 500 kilometer op een slag ry nie. Die eerste twee nagte het ons by Charlotte, Kitty se oudste dogter, en haar man, Basie du Preez, op Bloemfontein geslaap. Die derde en vierde nagte het ons by ons niggies, Helen Ross en haar suster Trudie Stegmann, in Somerset-Oos oorgebly. Die volgende twee nagte was ons op Fort Beaufort by Kitty se jongste dogter, Dorothea en haar man, Japie Williams, 'n lektor by Fort Hare Universiteit. Vandaar is ons na Knysna waar ons vroegtydig twee kamers bespreek het, en die volgende dag na George, omtrent 'n uur se ry van Knysna. Daar was ons tuis by ons neef, Montagu Murray en sy vrou Toekie. Vir middagete het hulle drie niggies wat in George woon, genooi om ons te ontmoet. Verder het ons nog 'n ander neef, George Reyneke en sy vrou besoek asook 'n oud-Springbok-spanmaat, JC van der Westhuizen.

Die volgende dag is ons na Calitzdorp, veral om vir tant Cecile Murray, wat 98 jaar oud was en die laaste oorlewende van oupa en ouma George Murray se sestien kinders is, te sien. Ons neef, Dick Barry en sy vrou, waar ons tuis was, het vir tant Cecile vir ete genooi en om die namiddag by ons deur te bring. Die volgende oggend toe ons vir haar by die ouetehuis gaan groet, sê Kitty vir haar: "Tant Cecile, jy moet uithou want ons wil almal jou 100ste verjaardag kom vier." Haar antwoord was: "Sorry, can't oblige". Ses maande daarna is sy oorlede. Ons volgende stop was die Strand, waar ons die dag voor die goue bruilof aangekom het. Kitty het by vriende tuisgegaan en Joey en ek het tuisgegaan in die huis van die oorlede moeder van 'n groot vriendin van ons in Windhoek wat sy en haar man as 'n vakansiehuis gebruik.

Dit was lekker om so baie familie en vriende by Marthinus en Ella se goue bruilof te sien. Die onthaal was in die saal van die NG Gemeente op Gordonsbaai. Kitty het die volgende dag teruggevlieg Pretoria toe, terwyl Joey en ek nog 'n paar dae gebly het om meer van ons twee susters, Charly en Marie op Stellenbosch te sien. Op die terugreis het ons 'n nag by ds. en mev. Paul de Villiers op Beaufort-Wes oorgebly en toe twee nagte in Bloemfontein by Joey se suster, Emmie en haar man Thomas de Ridder. Die hoof van die bekende hoërskool in Bleomfontein, Grey Kollege, het te hore gekom dat ons die

naweek daar sal wees en sonder my wete aangekondig dat ek die Maandagoggend die skool sal toespreek. Wat kon ek doen? Ek moes maar toegee.

Toe Charly die volgende jaar in die ouderdom van 89 oorlede is, was ons baie bly dat ons langer gebly het om meer van haar te sien. Dit was vir my 'n groot voorreg om haar begrafnisdiens in die moederkerk op Stellenbosch waar te neem. My teks was Filippense 2:5: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar in Christus Jesus was." Dit was sekerlik waar van haar lewe. In dieselfde jaar het my ouer broer, Alec, ook gesterwe. Hy was 88 en het in 'n ouetehuis op Warmbad in die Transvaal gewoon. Hy het jare lank aan "Parkison's Disease" gely.

Hoewel ons in 'n aftree-oord woon, neem ons nog steeds aktief deel aan die werk van MHB. Twee jaar gelede het ek saam met 'n groep swart en wit Suid-Afrikaners 'n MHB-konferensie in Kenia bygewoon. Daar is ek gevra om die Sondagoggend in die katedraal van die Anglikaanse Kerk te preek.

Tweeduisend mense het die diens bygewoon. In Kenia is daar maar net een persoon, Alan Knight, wat 'n voltydse werker van MHB is. Die leiding word geneem deur sakemanne en professionele mense. Ek korrespondeer tot vandag nog met twee manne van Kenia wat gedurende die konferensie hulle lewens aan die Here oorgegee het. Na die konferensie het ek 'n paar dae by my neef, Hoffie Retief en sy vrou, Margriet gaan kuier. Hulle het in Malindi op die Ooskus gewoon waar hy en sy seun, Renaldo, met tropiese vrugte geboer het. Hoffie is verlede jaar oorlede, maar Margriet en Renaldo gaan nog steeds aan met die boerdery. Hulle is een van die min Suid-Afrikaanse gesinne wat in Kenia oorgebly het.

Daarna was ek weer na 'n konferensie in Botswana en verlede jaar gedurende die Paasnaweek na 'n konferensie op Graaff-Reinet. 'n Dag voor die konferensie is Bremer Hofmeyr dood as gevolg van 'n hartaanval. Dit was vir ons 'n geweldige verlies want met sy helder brein en toegewyde lewe het hy vir jare lank 'n leidende rol gespeel in die werk van MHB, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in baie ander lande. Hy het hom veral toegespits om vriende te maak met sakemanne, met die gevolg dat baie van hulle die werk van MHB ondersteun het. Hy was ook die inspirasie agter die Paaskonferensie en sou ongetwyfeld

meeste van die leiding op hom geneem het. Op die eerste vergadering van die konferensie was daar spesiale hulde aan hom gebring asook in 'n gedenkdiens wat na die konferensie in Johannesburg gehou is, in die gemeente waar hy jare lank ouderling was.

Een van die kenmerke van die konferensie was die feit dat daar vir die eerste keer by 'n konferensie van MHB in Suid-Afrika, meer swartmense as blankes teenwoordig was. In die verlede het baie swartmense skepties gestaan teenoor MHB en dit beskou as 'n blanke organisasie. Dit is dus vir ons 'n groot aanmoediging dat meer swartmense begin saamwerk en besef dat MHB vir alle rasse is. Hier wil ek graag hulde bring aan Sam Pono, vir baie jare al die enigste swartman in ons voltydse span. Wat nou besig is om te gebeur, veral ook die belangstelling van swart jongmense, is tot 'n groot mate die vrug van Sam se volharding en getrouheid. Dit kan nie maklik wees vir hom om die enigste swartman saammet 'n groep blankes te wees nie. 'n Ander kenmerk van die konferensie was die feit dat, op uitnodiging van Sam Pono twee leiersfigure van die ANC, ook die konferensie bygewoon en aktief deelgeneem het.

Charly was die eerste van ons sewe kinders wat gesterf het. Nadat sy as onderwyseres op Bloemhof afgetree het, het sy op Stellenbosch gebly tot en met haar dood toe. Hoewel ons ver uitmekaar gewoon het, was ons 'n baie hegte familie, en het ons drie maal die afgelope jare 'n familiereünie gehou, die eerste keer op Kroonstad by Kitty en Louis, daarna by Glentana en vir oulaas op Warmbad.

Toe Charly begin tekens toon van swakheid weens haar ouderdom, het Marthinus sterk oortuigings gehad dat Marie, wat in Australië gewoon het, behoort terug te kom na Suid-Afrika om by Charly te woon en na haar om te sien. Marie het dit ter harte geneem, teruggekom en by Charly in haar woonstel op Stellenbosch ingetrek. Maar dit het nie uitgewerk soos Marthinus verwag het nie. Marie het haar knie ontwrig en as gevolg daarvan op 'n dag by die trappe in die woonstel afgeval en haar heup gebreek. Haar heup moes vervang word, met die gevolg dat sy vir maande met krukke moes loop en Charly vir háár moes oppas. Toe dit uiteindelik vir Charly te veel geword het, het die twee saam na Azaleahof, 'n aftreeoord, verhuis,

waar hulle weer saam 'n woonstel gedeel het, en Charly uiteindelik oorlede is op 19 Mei 1990, op die ouderdom van 89.

Alec is later dieselfde jaar op 2 September in die ouetehuis op Warmbad oorlede. Na sy vrou Tina se dood in die Strand, het hy besluit om by sy jongste dogter, Sinie-Marie te gaan bly. Haar man, Bertus Semmelink, was 'n boer in die distrik van Settlers, naby Warmbad. Hulle het twee klein kindertjies gehad. Hulle gewoel het later te veel vir Alec geword, dat hy toe maar besluit het om sy intrek in die outehuis in Warmbad te neem. Na 'n paar jaar het hy baie bevriend geraak met een van die inwoners, mev. Susanna Smith. Hy het eers nie daaraan gedink om met haar te trou nie want op 'n keer het hy aan my geskryf dat hy baie lief is vir Susanna, maar nie verlief nie. Tog het hy blykbaar sy plan verander en is in 1985 met haar getroud in die ouderdom van 82. Hulle was baie gelukkig saam totdat hy oorlede is.

Kitty, wat saam met ons in Huis Herfsblaar gewoon het, was die volgende een om te gaan. Op die oog af was sy nog baie gesond en vol energie, hoewel sy bewus was dat sy 'n aneurisma gehad het wat enige tyd haar dood kon veroorsaak. Dit het haar egter nie verhinder om met haar liefdesdiens aan haar medemens voort te gaan nie. As vorige verpleegster en bekwame kleremaakster was sy altyd beskikbaar om haar mede-inwoners te help, al het sommige misbruik gemaak van haar goedheid. Elke namiddag het sy na die siekeboeg gegaan om pasiënte te besoek, vir hulle 'n gedeelte uit die Bybel te lees en te bid. Vir ons was dit 'n groot vreugde om saam met haar in Huis Herfsblaar te wees. Sy kon lekker gesels en ons het ure in haar geselskap rondom 'n koppie tee deurgebring. Sy het ses kinders gehad en was dus dikwels afwesig van Huis Herfsblaar om by haar kinders te kuier. Soos sy gehoop het, het haar dood skielik gekom. In Augustus 1997, het sy een Sondagmiddag by een van haar kleindogters in Pretoria gaan eet. Aan tafel het sy flou geval, maar spoedig weer herstel. As voorsorg, in geval sy weer 'n aanval kry, het die verpleegster haar na die siekeboeg geneem. Die aand was sy nog op en wakker, maar Maandagoggend het sy gekla van pyn op haar maag. Tog het sy ingestem vir 'n bietjie pap vir ontbyt. Die verpleegster het die pap gaan haal, maar toe sy terugkom was Kitty weg. Blykbaar het die aneurisma in daardie oomblik

gebars en haar dood veroorsaak. Haar seun Louis, 'n professor in Teologie aan Unisa, het die begrafnisdiens gelei. Byna al die inwoners van Huis Herfsblaar het dit bygewoon. Sonder dat dit so beplan was kon Marthinus en sy vrou, Lydia, ook daar wees. Hulle was op pad huistoe na 'n toer deur Zimbabwe om ou vriende op te soek. Toevallig was hulle net die dag van die begrafnis in Pretoria voordat hulle weer sou terugkeer na die Strand.

Lydia was Marthinus se tweede vrou. Sy eerste vrou, Ella, wat byna tien jaar ouer as hy was, was vir baie jare lank al 'n invalide. Sy kon glad nie meer loop nie en was pal in 'n rolstoel, dus heeltemal afhanklik van Marthinus. In April 1996 is sy in die Strand oorlede. Toe hulle as sendelinge in Zimbabwe werksaam was, was hulle grootste ondersteuners 'n mnr. en mev. Bouwer, wat net buitekant Salisbury (nou Harare) geboer het. Toe die Bouwers besluit het om die boerdery op te gee, het hulle teruggekom na Suid-Afrika, waar mnr. Bouwer na 'n paar jaar oorlede is.

'n Jaar of wat na Ella se dood het Marthinus weer onthou van die groot vriendskap tussen hom en die Bouwers, en daar en dan besluit om met die weduwee Lydia Bouwer kontak te maak. Die keer was dit nie net 'n vriendskap nie, maar 'n baie meer intieme verhouding wat op 'n huwelik uitgeloop het. Ongelukkig was die vreugde en geluk, wat albei ondervind het, maar van korte duur. Nege maande daarna is Marthinus skielik aan longontsteking oorlede. Lydia woon nou nog in hulle woonstel in die Strand, met 'n pragtige uitsig oor die see.

Afgesien van die susters en broers het ons ook die afgelope tyd twee van ons beste vriende deur die dood verloor. Een was Mima Louw, Joey se beste vriendin, wat in Harmonie Aftreeoord woonagtig was. Dit was sy wat vir Joey en my aan mekaar bekendgestel het toe Joey op Brakpan onderwys gegee het en ek hulpprediker op Boksburg was in die jaar 1939. Sy was "maid of honour" op ons huwelik op Ermelo en 'n baie goeie vriendin al die jare. Sy het dikwels naweke by ons in Huis Herfsblaar deurgebring wanneer sy probleme gehad het of net lus gehad het vir geselskap. Sy is in die hoë ouderdom van 93 oorlede en ek het die voorreg gehad om 'n huldeblyk op haar begrafnis uit te spreek.

Die ander groot vriend wat onlangs oorlede is, is prof. Ben Marais. Ons het mekaar as studente in Wilgenhof op Stellenbosch leer ken. Hy was een van die eerste van ons NG predikante wat 'n sterk standpunt teen apartheid ingeneem het en die eerste wat voorgestel het dat die NG Kerk sy deure vir alle bevolkingsgroepe moet oopmaak. Ongeveer vyf jaar gelede moes hy sy regterbeen as gevolg van "gangreen" bokant die knie laat afsit, en was sedertdien pal in 'n rolstoel tot sy dood toe.

Huis Herfsblaar was vir ons 'n ware tuiste. Teen die end van Augustus 1990 het ons daar ingetrek met die gedagte dat ons vir die res van ons lewe daar sou woon. Joey het altyd gesê sy wil nooit by een van haar kinders gaan woon nie, want sy wil nie vir hulle 'n las wees nie. Haar gedagte was dat, wanneer ouers by hulle kinders inwoon, is die kinders nie meer vry om hulleself te wees nie, maar word in al hulle doen en late gebind deur die behoefte van die ouers. Tog is dit presies wat gebeur het, maar daaroor later.

Toe ons in Februarie 1996 terugkom van vakansie by Charlotte en Derk in Franschhoek, kry ons die skokkende tyding dat mnr. Cas van Antwerpen afgedank is as bestuurder van Huis Herfsblaar. Ons kon dit amper nie glo nie, maar tog was dit so tot die groot ontsteltenis van die oorgrote meerderheid van die inwoners. Volgens ons as inwoners het dit goed gegaan in Huis Herfsblaar en was Cas nie net 'n goeie bestuurder nie maar ook 'n goeie vriend, met vrou en al. Wat veral groot ontevredenheid veroorsaak het, was dat die Raad van Trustees nie vir ons as inwoners duidelik gesê het wat die rede vir sy afdanking was nie, behalwe dat hy nie bekwaam genoeg is vir die uitbreiding wat vir Huis Herfsblaar beoog word nie. Wat die meeste inwoners betref, was hy 'n baie goeie bestuurder met die gevolg dat daar onenigheid tussen ons as inwoners en die raad ontstaan het, hoewel daar ook van die inwoners was wat teen mnr. Van Antwerpen gekant was, veral sommige van die lede van die huiskomitee.

Die onenigheid het ongetwyfeld die atmosfeer in die huis geaffekteer. Waar ons vroeër as een familie saamgewoon het, was daar nou verdeeldheid tussen die ondersteuners van mnr. Van Antwerpen en die ondersteuners van die raad, veral toe die saak na die Arbeidshof verwys is. Mnr. Van Antwerpen het die uitspraak van die hof aanvaar. Ek het persoonlik my bes

probeer om die raad te oorreed om 'n verklaring, wat mnr. Van Antwerpen gewillig was om te onderteken, uit te reik omtrent die verloop en uitslag van die hof, wat na my mening versoening tussen die twee partye kon bewerkstellig, maar dit het my nie geluk nie. Al wat ons toe kon doen was om 'n afskeidsfunksie vir die Van Antwerpens aan te bied wat deur verreweg die meeste van die inwoners bygewoon is. Sodoende kon ons hulle toe op gepaste wyse bedank vir wat hulle vir Huis Herfsblaar gedoen en vir ons as inwoners beteken het.

In die begin van 1997 moes daar weer 'n nuwe huiskomitee gekies word. Tot my verbasing en Joey se ontsteltenis is ek gekies as voorsitter. Teen haar sin het ek tog die aanstelling aanvaar, omdat ek gevoel het dat ek miskien langs dié weg iets kon doen om die gemoedere te kalmeer en groter eensgesindheid tot stand te bring. Volgens inwoners was daar ongetwyfeld 'n kalmer atmosfeer in die huis toe die huiskomitee aan die begin van 1998 ontbind is.

Hier volg my jaarverslag wat aan al die inwoners voorgelees is:

*"1997 was 'n jaar van krisis in die bestaan van Huis Herfsblaar. Toe party van ons teen die einde van Januarie 1997 terugkom van vakansie af, was ons begroet met die skokkende nuus dat mnr. Cas van Antwerpen, die direkteur van Huis Herfsblaar, uit sy pos ontslaan is. Ons kon dit nie glo nie want, sover dit die meerderheid van die inwonders betref, het ons gelukkig hier saamgewoon en was mnr. Van Antwerpen vir ons soos 'n vader wat vir sy kinders sorg. Huis Herfsblaar was ons tuiste en vir sover ons bewus was, het alles in verband met die administrasie glad verloop. Ons het geweet van persoonlike botsings maar dit aanvaar as normaal in enige organisasie waar mense moet saamwerk.*
*"Maar toe kom die vraag, waarom? Waarom was dit nodig om van 'n man ontslae te raak wat die vertroue van verreweg die meerderheid van die inwoners gehad het, en die Huis na ons mening goed bestuur het?*
*"Die Raad van Trustees van Huis Herfsblaar het dit moeilik gevind om 'n duidelike antwoord op die vraag te gee, juis omdat, en dit is later bevestig, mnr. Van Antwerpen niks gedoen het wat sy private of openbare lewe betref, waarvoor hy veroordeel kon word nie.*
*"Die gevolg was dat daar by die inwoners 'n onsekerheid en*

*ongelukkigheid ontstaan het wat soms selfs verdeeldheid veroorsaak het. In dié omstandighede en ongelukkige atmosfeer is ek as voorsitter van die huiskomitee gekies. Ek het baie min geweet van die werking van die huiskomitee en my eerste stap was om raad te gaan vra by die voorsitter van die vorige komitee, en van ons samewerking seker te maak. Verder het ek dit maar 'n saak van gebed gemaak en die Here gevra dat wat gebeur het nie sal lei tot 'n skeuring in ons geledere nie, maar dat 'n gees van versoening die oorwinning sal behaal.*
*Op een van ons eerste vergaderings is eenparig besluit dat ons nie kan toelaat dat mnr. en mev. Van Antwerpen die Huis, waarvoor hulle soveel opgeoffer en met soveel sorg en liefde opgebou het, kan verlaat, sonder om vir hulle te sê wat hulle vir ons beteken het en hoeveel ons hulle liefde en sorg waardeer het nie. Daar is toe besluit om 'n afskeidsfunksie te reël, wat toe op gepaste wyse in die sitkamer plaasgevind het.*
*Nadat die Van Antwerpens vertrek het, en ons gehoor het dat die Arbeidshof uitsluitsel gegee het in die saak tussen mnr. Van Antwerpen en die Raad van Trustees, het ons gehoop daar sou 'n verklaring van versoening openbaar gemaak word. Dit het egter nie gebeur nie, maar dit het ook nie verhinder dat gemoedere met die loop van tyd gekalmeer is nie.*
*Die aanstelling van mnr. Frank Julyan as die nuwe bestuurder van Huis Herfsblaar, het 'n nuwe era in die lewe van die Huis tot stand gebring. As huiskomitee het ons hom hartlik verwelkom en aan hom hulde gebring vir die mooi manier waarop hy die leisels oorgeneem het en sy bes doen om die vertroue van die inwoners te wen. Ons wil hoop dat hy en mev. Julyan baie gelukkig sal wees hier by ons en mag die jare wat voorlê, vir hulle en almal in die Huis baie mooi jare wees.*
*My gebed is dat die Here vir almal, personeel en inwoners, ryklik sal seën in die jaar wat voorlê."*

In 1997 het daar iets gebeur wat vir my groot vreugde gegee het, naamlik die viering van die honderd-en-vyftigste verjaardag van die Gemeente Calvinia. Toe ek die uitnodiging ontvang om dit by te woon, het ek vir Joey gesê, dit sal ek baie graag wil bywoon. Maar die vraag was hoe om daar te kom? Treine het nie meer daarheen geloop nie en dit was vir my te ver om alleen




*George en Joey in Huis Herfsblaar Pretoria met die boek van Springbok-legendes deur dr. Danie Craven.*

per motor daarheen te ry. Maar tot my vreugde vind ek toe uit dat daar 'n bus was wat Upington toe gaan en van daar weer na Calvinia. Met die bus is ek toe vir die naweek na Calvinia waar ek in die pastorie by ds. en mev. Van der Westhuizen tuis gegaan het. Daar was nog tien ander predikante, meestal emeriti, wat ook vroeër op Calvinia was. Heelwat van die ouer mense het my nog onthou. Hulle was nog op skool toe ek in 1931 en '32 daar hulpprediker was. Ek was toe 27. Een van die ou dames het vir my gesê, sy en al die meisies in die matriekklas was verlief op my! Gelukkig was ek nie bewus daarvan nie.

Verskillende funksies is die naweek gehou, waarvan die vernaamste die nagmaalsdiens was wat Sondagoggend gehou is. Omdat ek die oudste van al die emeriti was, het ek die voorreg gehad om die preek te lewer. Omdat my bus eers die Dinsdagoggend sou vertrek, het ds. Van der Westhuizen vir my Maandagnamiddag na die plaas van die leierouderling, 'n baie toegewyde man, geneem. Hy was ook 'n baie welgestelde boer met 'n pragtige plaas. Net voordat ons weer vertrek het terug dorp toe, sê hy dat hy vir my iets wil sê. Hy sê toe dat, gedurende sy stiltetyd daardie oggend, die Here vir hom gesê het: "Jy kan nie toelaat dat die ou predikant weer met die bus moet terugry Pretoria toe nie, jy moet hom met jou motor terugneem." Ek kon my ore amper nie glo nie. Ek was natuurlik oneindig dankbaar, nie alleen vir sy wonderlike aanbod nie, maar ook dat ek my oortuiging uitgevoer het om net 'n enkel- kaartjie tussen Pretoria en Calvinia uit te neem. Die Dinsdagoggend het die boer en sy vrou my toe opgelaai en wat die reis so interessant gemaak het, was dat ons deur Victoria-Wes moes ry, waar ek toe weer al die ou bekende plekke kon besigtig.

Die rede waarom Joey nie met my saamgegaan het Calvinia toe nie, was nie net omdat sy nie kans gesien het vir die bus nie, maar omdat sy toe al baie pyn in haar rug en haar kop moes verduur. Vir 'n paar maande kon ek haar nog versorg, maar sy het so swak geword van al die pyn dat sy self besluit het om maar na die siekeboeg te gaan. Daar moes sy toe 'n kamer deel met 'n mev. Van den Berg, 'n baie liewe ou dame wat pal in 'n rolstoel was. Kort daarna het Charlotte haar besoek en toe sy die omstandighede sien, het sy net gevoel dit is nie die plek waar sy wil hê dat haar ma die res van haar lewe moet deurbring nie. Sy het ons toe genooi om by haar en Derk op Franschhoek te kom bly. Maar Joey het nog altyd vasgehou aan haar oortuiging om nie 'n las vir haar kinders te wees nie en so die uitnodiging van die hand gewys.

In die begin van Februarie 1998 het Marie-Louise en Johan vir my genooi om saam met hulle te gaan om vir Jeanne, hulle oudste dogter, Stellenbosch Universiteit toe te neem. Ons het



*George neem die hoof-diens waar tydens die viering van die 150ste verjaardag van die gemeente Calvinia op die ouderdom van 92 jaar.*

die naweek by Charlotte en Derk tuisgegaan. Vir Sondag 1 Februarie, het sy al die Daneels van die omgewing genooi vir middagete. Omtrent dertig het opgedaag en dit was 'n besonder

aangename funksie. Ek was bly om daar familie te ontmoet, wat ek nog nooit te vore ontmoet het nie.

Toe ons Maandagoggend vir Jeanne Stellenbosch toe moes neem, was ek so siek aan 'n maagaandoening dat ek glad nie kon opstaan nie en die volgende dag moes Marie-Louise en Johan maar sonder my teruggaan Transvaal toe. Ek was sommer baie siek en moes die res van die week in die bed bly. Gelukkig onthou Charlotte toe van Sally. Sy is 'n kleurlingvrou wat vir vyf jaar vir Hannelie Kupfernagel (Malie Smuts se suster) se man, Andrew, opgepas het totdat hy gesterf het. Malie het vir haar vertel dat Sally so bekwaam is. Charlotte was toe net op soek na 'n huishulp om die huishouding oor te neem en het die werk vir Sally aangebied teen 'n baie goeie salaris. Sally het dit egter van die hand gewys met die verklaring dat sy nie geroepe voel om vir huishouding te sorg nie, maar om mense op te pas. Toe ek nou so siek word, onthou Charlotte van Sally. Sy bel toe vir Sally en sê vir haar dat haar pa wat 93 jaar oud is, baie siek is en of sy nie gewillig sal wees om hom te kom oppas nie. Sy het dadelik ingewillig.

Dit was egter nie die enigste positiewe uitwerking van my siekte nie. Dit het ook vir Joey hier gekry. Dit het so gebeur. Toe ek beter word, toe dag Charlotte dit is nou die geleentheid om haar ma te probeer oortuig om hierheen te kom. Sy bel toe vir Marie-Louise om vir Joey te gaan sien en dringend uit te nooi om hierheen te kom. Sy moes haar vertel van my siekte en van Sally, wie se roeping dit is om ou mense op te pas en so 'n uitstekende verpleegster is, sodat Joey hier die allerbeste versorging sal kry. Marie-Louise het haar gaan sien, haar alles vertel en aangebied om haar op die vlug hierheen te vergesel. Tot ons vreugde het sy die uitnodiging aanvaar en na 'n paar dae was hulle hier. By die tyd was ek soveel beter dat Sally al haar aandag aan Joey kon gee. Sy het in 'n kamer net langs ons s'n geslaap en was so nag en dag tot Joey se beskikking. 'n Paar dae na sy aangekom het, het ek na Pretoria vertrek om ons woonstel te gaan opruim. Marie-Louise en Suzan het my uitstekend bygestaan en self ook baie dinge wat hulle graag wou gehad het, met hulle saamgeneem. Verskillende items wat aan MHB behoort het, is aan hulle teruggegee, sommige items het na die afslaers gegaan en die res na die hospies, waar Suzan werk, se tweedehandse winkel. Presies op die


*Joey se graf op Franschoek.*

1ste Maart was ek weer terug op Franschhoek.

Joey se vrees dat sy vir Charlotte 'n las sou wees, was heeltemal ongegrond. Sally het volle verantwoordelikheid geneem vir Joey se versorging sodat Charlotte volkome vry was om al haar aandag aan haar winkel te gee. Sally het selfs onderneem om vir alle etes te sorg wat 'n groot las van Charlotte se skouers geneem het sodat sy meer tyd aan haar ma kon bestee. Vir Joey het dit natuurlik baie beteken om elke dag by haar dogter te wees na soveel jare van afwesigheid.

Wat die oorsake van die pyn in haar rug en kop betref, het dr. Moller, 'n huisvriend van Charlotte en Derk, geen raad gehad nie, maar hy kon haar darem middels gee wat verligting gebring het sodat ons baie ure saam op die stoep, met 'n pragtige uitsig oor die berge, kon deurbring. Gelukkig het sy ook baie geslaap en was dus onbewus van die pyn. Maar van beterskap was daar nie sprake nie, en sy het geleidelik al swakker geword, sodat Charlotte later vir haar 'n rolstoel moes kry. Sally was wonderlik. Sy het alles gedoen wat sy kon om die lewe vir haar draagliker te maak, maar kon nie verhoed dat sy al swakker geword het nie. Die twee het groot vriende geword.

Die einde het gekom op Vrydag die 22ste Mei 1998. Daardie oggend het sy vir Sally gesê sy wil haar beste rok aantrek, want sy moet kerk toe gaan. Ek moes toe nog vir Sally help om die regte rok te vind. Nadat sy tevrede was dat sy reg is om kerk toe te gaan, het ons op die stoep aan tafel gaan sit vir ontbyt. Sy het 'n goeie ontbyt geëet, gestoofde vrugte, mieliepap en geroosterde brood met marmalade. Maar toe sy haar tee wou drink, merk ek dat daar fout is. Sy kon glad nie sluk nie. Sally was so byderhand dat sy dadelik die dokter gebel het, maar voordat hy kon opdaag,

het die Here haar al weggeneem. Wonderlik dat sy die gedagte gehad het, sy moet kerk toe gaan. Die kerk was vir haar toe die hemel.

Nadat die begrafnis-ondernemer vir haar met haar kerkrok in haar kis uitgelê het, het ons haar in die sitkamer op 'n tafel neergesit, omring van blomme. Gelukkig was dit koel weer en daar het sy gelê totdat sy die Maandag begrawe is. Omdat ons nog onbekend hier op Franschhoek was, en dus net familie en vriende vir die begrafnis verwag het, het ons besluit om die diens hier in die groot sitkamer te hou. Vyftig mense het opgedaag en almal het sitplek gekry. Ons skoonseun, rev. John Burrell het die diens gelei.

Charlotte se twee seuns het van oorsee gekom, Frits van Holland en Carel van New York. Heelwat van die Daneel-familie hier in die Boland was teenwoordig, ook Marie-Louise en Johan van Johannesburg met hulle twee dogters en Suzan van Pretoria met haar jongste dogter. 'n Intieme atmosfeer het in die diens geheers deurdat heelwat persone, veral Sally, spontaan deelgeneem het om hulde aan Joey te bring. Sy is in die plaaslike begraafplaas net langs die Hugenote-monument ter ruste gelê.

Joey was vir my 'n wonderlike maat. In die 57 jaar wat ons getroud was, het ons net eenmaal 'n ernstige verskil gehad. Dit was in verband met die moontlikheid dat ek voltyds met MHB, sonder salaris, sou saamwerk. Maar toe sy by die Lusaka-konferensie tot die oortuiging gekom het dat Christus nie net ons Saligmaker moet wees nie, maar ook ons Heer en Meester met volle seggingskap oor alles in ons lewens, het sy self tot die oortuiging gekom dat die Here ons roep om voltyds saam met MHB te werk. Daaraan het sy nooit weer getwyfel nie, hoewel dit nie altyd maklik was met drie klein dogtertjies nie. Sy was wonderlik spaarsaam en het nooit skuld gehad nie, hoewel ons dikwels gaste gehad het veral van oorsee, mense wat ons kom help het met die werk van MHB. Liggaamlik was sy nie baie sterk nie, tog het sy haarself nooit gespaar as sy iemand anders kon help nie. Sy het werklik omgegee vir mense en haarself gegee om ander mense se lewens te verryk, soos een vriendin van haar geskryf het: "Joey was vir ons veel, veel meer as 'n gewone vriendin. Sy was so 'n spesiale mens dat sy ons lewens oor baie jare verryk het. Haar geloofsvertroue, haar

nederigheid, haar humorsin is maar enkele van die kwaliteite wat vir ons sal bybly en inspireer." Sy het ook 'n wonderlike deursettingsvermoë gehad. Soos die tyd toe sy besluit het om tiklesse te neem. Dit het 'n geweldige inspanning gekos want sy moes per bus stad toe gaan. Om op die bus te kom moes Joyce, ons huishulp, of ek met haar saamgaan om haar op die bus te help en om in die klaskamer te kom moes sy trappe opsukkel en selfs iemand kry om haar boeke te dra. Tog het sy, nadat sy haar junior eksamen geslaag het, besluit om ook die senior kursus te neem sodat sy geld kon verdien met tikwerk. Dit het sy ook geslaag.

Vir Joey was 'n saak reg of verkeerd. Van 'n kompromis was daar geen sprake nie. 'n Mens kon altyd peil trek op haar woord, en in alles het sy gesoek na God se wil om vir Hom gehoorsaam te wees.

Ek mis haar baie, maar gun haar die rus en vrede wat sy nou by haar Heer geniet. Vir haar was dit 'n heerlike verlossing van al die pyn en swakheid wat sy moes verduur. Daarvoor is ek die Here baie dankbaar en ek dank Hom ook vir haar mooi lewe en vir alles wat sy vir my beteken het.